

ESEGIËL

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet wie se profesieë daarin opgeneem is. Esegiël, die seun van 'n priester, was een van die Judeërs wat in 597 vC in ballingskap weggevoer is na Babel.

Esegiël is in die Joodse kanon en Hebreuse Bybel deel van die Latere Profete wat verdeel word in groot en klein profete. *Esegiël* is die derde van die drie groot profete, ná *Jesaja* en *Jeremia*. In die Protestantse kanon is *Esegiël* ook deel van die profeteboeke.

Die eerste wegvoering van Judeërs deur Nebukadnesar is die oriëntasiepunt van byna al die datums wat in die boek vermeld word (vgl bv Eseg 33:21 en 40:1). Esegiël is in die vyfde jaar van die ballingskap, in Julie 593 vC, geroep as profeet, en het vir meer as twintig jaar in Babilonië opgetree. Die boek is in Babilonië geskryf. Een van die plekke waar die profeet visioene gehad het, was aan die Kebar, 'n kanaal uit die Eufraatrivier tussen die stad Babel en die stad Warka (vgl Eseg 1:1; 3:15; 10:15; 43:3). Daar kan aanvaar word dat die profeet self verantwoordelik was vir 'n groot deel van die boek, maar dat sy volgelingen waarskynlik die boek saamgestel het, breedweg in die vorm waarin ons dit ken. Daar is aanduidings dat kort dele later in die boek ingevoeg is, en dat 'n redaksionele bewerking daarvan plaasgevind het. Die boek is waarskynlik voor die einde van die ballingskap in 538 vC voltooi.

Die eerste hoorders van die profeet se woorde was vermoedelik groepe in die ballingskap. Die eerste lesers sou dan van die Judeërs, veral

persone uit priesterlike kringe, in Babilonië gewees het.

Die boek bevat prosa en poësie, en 'n kombinasie daarvan. Naas die eerstepersoonsvertellings wat hoofsaaklik bedoel is as agtergrondinligting, bestaan die boek uit profesieë, visioenbeskrywings en tekenhandelinge. 'n Eie styl kenmerk die boek en, alhoewel daar terugspelings is op ouer Judese literatuur, is dit 'n oorspronklike werk.

Die heerlijkheid van die HERE is 'n dominante tema in die boek (bv Eseg 10). Die hoogtepunt in die boek is wanneer die heerlijkheid van die HERE in 'n visioen terugkeer na 'n herboude tempel in Jerusalem. Die almag van God, sy absolute soewereiniteit oor die geskiedenis van alle volke in die wêreld, is ook 'n prominente tema. Dit is begryplik, in die lig daarvan dat daar by gewone Judeërs in die ballingskap twyfel was oor God se almag. Die boek verkondig dat God ten volle in beheer is van die geskiedenis. Dit is Hy wat die volk oordeel vir hulle ontrou en ongehoorsaamheid, maar Hy skenk ook weer uitkoms. In die proses gebruik Hy vreemde volke om sy doel te bereik. Persoonlike verantwoordelikheid voor God word ook sterk beklemtoon (bv Eseg 33:1-20). Die boek eindig met 'n boodskap van die hoop op 'n herstelde land, stad en tempel, maar veral op 'n herstelde verhouding tussen God en sy volk.

Esegiël kan soos volg ingedeel word:

1:1 — 24:27 Profesieë uit die tyd voor die val van Jerusalem

1:1 — 3:27 Roeping van die profeet

4:1 — 24:27 Visioene en oordeelsprofesieë teen Israel, Juda en Jerusalem

25:1 — 32:32 Profesieë teen vyande van Juda

25:1-17 Teen Amon, Moab, Edom en die Filistyne

26:1 — 28:26 Teen Tirus en Sidon
29:1 — 32:32 Teen Egipte
33:1 — 39:29 Voorbereiding vir 'n nuwe toekoms
33:1-33 Regverdige vergelding en die val van Jerusalem
34:1 — 36:38 Die hervestiging van Israel en straf oor Edom
37:1-28 Herlewing van die doodsbeendere
38:1 — 39:20 Vernietiging van Gog, die vyand uit die noorde
40:1 — 48:35 Visioene en profesieë oor 'n nuwe toekoms vir die volk van God
40:1 — 44:31 Visioen van 'n nuwe tempelkompleks
45:1 — 48:35 Toekomstige bewoning van en optrede in die land

1

Verskyning van die HERE

¹ In die dertigste jaar,^a in die vierde maand, op die vyfde dag van die maand, was ek tussen die ballinge langs die Kebarrivier.^b Die hemel het toe oopgegaan, en ek het visioene van God gesien.*

² ^cOp die vyfde van die maand, dit was die vyfde jaar van die ballingskap van koning Jojagin,^d ³ het die woord van die HERE

^a**1:1 30ste jaar:** Die verwysing is onduidelik. Sommige verstaan dit as die dertigste lewensjaar van Esegïel. Die •Targum beskou dit as die dertigste jaar ná die ontdekking van die wetboek in 622 vC; vgl 2 Kon 22:8-10.

^b**1:1 Kebarrivier:** 'n Kanaal uit die Eufraatrivier tussen die stad Babel en die stad Warka.

^{*}**1:1 Die hemel ... gesien:** Matt 3:16; Mark 1:10; Luk 3:21; Hand 7:56; 10:11; Op 4:1; 19:11

^c**1:2-3** Hierdie woorde is waarskynlik deur die finale samesteller van die boek bygevoeg.

^d**1:2 5de ... Jojagin:** 593 vC; vgl 2 Kon 24:12,15.

duidelik tot die priester Esegiël, seun van Busi, gekom in die land van die Galdeërs^e aan die Kebarrivier. Die hand van die HERE was daar op hom.*

⁴ Ek het gesien, kyk, 'n stormwind kom uit die noorde, 'n groot wolkmassa met 'n vuur van weerligstrale wat aanhoudend blits, en 'n helder gloed rondom die wolkmassa. Daarin, in die vuur, was daar iets wat soos witgoud^f skitter. ⁵* Binne-in die vuur was daar die gestalte van vier wesens. Dit is hoe hulle gelyk het: Hulle het die gestalte van mense gehad, ⁶ maar elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad. ⁷* Hulle bene was reguit; hulle hoewe was soos kalfshoewe en het soos gepoleerde brons geskitter. ⁸ Daar was mensehande onder hulle vlerke aan vier kante.

Wat die gesigte en vlerke van al vier betref: ⁹* Hulle vlerke het aan mekaar geraak. Hulle het nie afgedraai wanneer hulle beweeg het nie; elkeen het reguit vorentoe beweeg. ¹⁰* Wat die voorkoms van hulle gesigte betref: Elkeen van die vier het die gesig van 'n mens gehad, die gesig van 'n leeu aan die regterkant, die gesig van 'n bul aan die linkerkant, en die gesig van 'n arend. ¹¹* So was hulle gesigte. Hulle vlerke was oopgesprei na bo, elkeen met twee vlerke wat aan dié van die ander raak, en twee vlerke wat die liggaam bedek.

^e**1:3 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***1:3 Die ... hom:** Eseg 3:22; 33:22; 37:1

^f**1:4 witgoud:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Die •Septuagint vertaal dit “elektron”, 'n alloori van silwer en goud.

***1:5-25** Vgl Eseg 10:8-22

***1:7** Dan 10:6

***1:9,11** Jes 6:2

***1:10** Op 4:6-8

***1:11** Eks 25:18-20

¹²Elkeen het reguit vorentoe beweeg. Waarheen die gees^g wou gaan, het hulle ook gegaan, sonder om af te draai wanneer hulle beweeg.

¹³*Wat die vorm van die wesens betref: Hulle het gelyk soos gloeiende kole vuur wat brand, hulle het gelyk soos fakkels. Die vuur het heen en weer beweeg tussen die wesens. Die vuur het 'n helder gloed gehad, en uit die vuur het weerligstrale geflits. ¹⁴^hDie wesens het so heen en weer beweeg dat dit gelyk het soos weerligstrale.

¹⁵Toe ek die wesens bekyk, sowaar, toe is daar aan die voorkant langs elk van die vier wesens 'n wiel op die grond. ¹⁶Wat die voorkoms en bou van die wiele betref: Dit het soos turkoois geskitter en al vier het een en dieselfde vorm gehad. Dit het gelyk of hulle gemaak was van 'n wiel binne 'n wiel. ¹⁷Wanneer hulle beweeg het, kon hulle in vier rigtings beweeg, sonder om af te draai wanneer hulle beweeg het. ¹⁸*En hulle vellings, dié was hoog en angswekkend; al vier hulle vellings was reg rondom vol oë.

¹⁹Wanneer die wesens beweeg, het die wiele langs hulle beweeg, en wanneer die wesens van die grond af opstyg, het die wiele saam opgestyg. ²⁰Waarheen die gees wou gaan, het die wesens ook gegaan.ⁱ Die wiele het saam met die wesens opgestyg, want die gees van die wesens was in die wiele. ²¹Wanneer die wesens beweeg, beweeg die wiele, en wanneer die wesens staan, staan hulle. Wanneer die wesens

^g**1:12 die gees:** Dit verwys na 'n wese wat deur die HERE gestuur word om te doen wat die HERE wil hê.

^{*}**1:13-14** Ps 18:13-14; 104:4; Op 4:5; 11:19

^h**1:14** Hierdie vers ontbreek in die Septuagint. Met die uitdrukking “heen en weer” (letterlik ‘uitgaan en terugkeer’) word die •Vulgaat gevolg. Die betekenis van een woord in die •bronteks is onbekend.

^{*}**1:18** Op 4:6,8

ⁱ**1:20 gegaan:** Die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks herhaal “die gees wou gaan” aan die einde van die sin.

van die grond af opstyg, styg die wiele saam met hulle op; ja, die gees van die wesens was in die wiele.

²² *Bokant die koppe van die wesens was daar, in die vorm van 'n koepel, iets wat geskitter het soos kristal — angswekkend, gespan bo-oor hulle koppe. ²³ Onder die koepel was hulle vlerke reguit na mekaar uitgestrek. Elkeen het twee vlerke gehad waarmee hulle hulle liggame bedek het.

²⁴ *Ek het die geluid van hulle vlerke gehoor. Wanneer hulle beweeg, was dit soos die geluid van baie water, soos die stem van die Almagtige, die geluid van 'n mensemassa, soos die geluid van 'n leërmag. Wanneer hulle stilstaan, het hulle hulle vlerke laat sak. ²⁵ Daar was 'n geluid bokant die koepel wat oor die koppe van die wesens uitgestrek het. Wanneer die wesens gaan staan het, het hulle hulle vlerke laat sak.

²⁶ **Bokant die koepel wat bo hulle koppe was, was daar iets wat soos saffiersteen lyk, in die vorm van 'n troon; en daarbo, op wat soos 'n troon lyk — daarop was 'n gestalte met die voorkoms van 'n mens. ²⁷ Ek sien toe Hy is skitterend soos witgoud, byna soos vuur vasgevang in 'n omhulsel, vanaf wat na sy heupe gelyk het boontoe. En vanaf wat na sy heupe gelyk het ondertoe, het ek gesien dit lyk soos vuur, omring deur 'n helder gloed. ²⁸ *Die helder gloed rondom het gelyk soos 'n reënboog wat in die wolke verskyn op 'n reëndag.

Dit is hoe die verskyning van die heerlikheid van die HERE gelyk het. Toe ek dit sien, het ek neergeval met my gesig teen die grond. Daarna het ek 'n stem hoor praat.

*1:22 Eseg 10:1; Op 4:6; vgl Eks 24:10

*1:24 Ps 29:3; Eseg 10:5; Op 1:15; 14:2; 19:6

*1:26-28 Op 4:3

*1:26-27 Eseg 8:2; Op 4:2; 8:2

*1:28 Gen 9:13-15; Eseg 3:23; 8:4; Dan 8:17; Hand 9:4; Op 1:17; 4:3; 10:1

2

Esegiël se opdrag

¹ *Hy het vir my gesê: “Mensekind, staan regop, dan sal Ek met jou praat.” ² *'n Gees het oor my gekom terwyl Hy met my praat, en dit het my regop laat staan. Ek hoor toe Iemand praat met my. ³ Hy het vir my gesê: “Mensekind, Ek stuur jou na die Israëliete toe, na daardie rebelse nasies^j wat teen My in opstand gekom het. Hulle en hulle voorouers het teen My oortree tot op die dag van vandag.* ⁴ *Dié kinders het stroewe gesigte en harde harte. Ek stuur jou na hulle en jy moet vir hulle sê, ‘So sê my Heer, die HERE.’ ⁵ *En hulle, of hulle nou luister of verseg om te luister — want hulle is die rebelse huis^k — hulle sal besef dat daar 'n profeet onder hulle was. ⁶ *Maar jy, mensekind, jy moet nie bang wees vir hulle of vir hulle woorde nie. Moenie bang wees nie, al is dorings en distels jou voorland en al sit jy by skerpioene. Vir hulle woorde moet jy nie bang wees nie, en deur hulle gesigte moet jy jou nie laat afskrik nie, al is hulle die rebelse huis. ⁷ Jy moet my woorde vir hulle sê, of hulle luister of verseg om te luister, want hulle is opstandig. ⁸ En jy, mensekind, luister na wat Ek vir jou sê. Moenie opstandig wees soos die rebelse huis nie. Maak jou mond wyd oop en eet wat Ek vir jou gee.*”

*2:1 Dan 10:11; Eseg 3:24; Hand 26:16

*2:2 Eseg 3:24

^j2:3 rebelse nasies: Dit verwys na Israel en Juda.

*2:3 Israëliete ... vandag: Deut 9:7,24

*2:4 Eseg 3:7

*2:5 Eseg 3:11,27; 12:2; 33:33

^k2:5 rebelse huis: Waarskynlik 'n doelbewuste naamsverandering vir “huis van Israel”; vgl 12:9.

*2:6-7 Jer 1:8,17; 7:27; Eseg 3:9

*2:8 eet ... gee: Jer 15:16; Op 10:9-10

⁹*Ek sien toe, kyk, daar is 'n hand uitgestrek na my — met 'n •boekrol in! ¹⁰Hy het dit voor my oopgerol. Op die voor- en agterkant daarvan was daar geskryf; treurliedere, versugtinge en weeklagte was daarop neergeskryf.

3

¹*Hy sê toe vir my: “Mensekind, wat jy nou kry, moet jy eet. Eet hierdie •boekrol en gaan praat met die huis van Israel.” ²Ek het my mond oopgemaak, en Hy het my daardie boekrol laat eet. ³Toe sê Hy vir my: “Mensekind, jou maag moet jy voed, en jou ingewande moet jy vul met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Ek het dit geëet, en dit was so soet soos heuning in my mond.

⁴*Toe sê Hy vir my: “Mensekind, gaan na die huis van Israel en sê vir hulle my woorde, ⁵want jy word nie na 'n volk met 'n onverstaanbare taal en moeilike tongval gestuur nie, maar na die huis van Israel — ⁶nie na baie volke met onverstaanbare taal en 'n moeilike tongval waarvan jy die woorde nie begryp nie. Ek verseker jou, as Ek jou na hulle gestuur het, sou hulle wel na jou geluister het, ⁷maar die huis van Israel sal nie na jou wil luister nie, want hulle wil nie na My luister nie. Ja, die hele huis van Israel is hardkoppig en hard van hart. ⁸*Kyk, Ek maak jou gesig net so stug soos hulle s'n, en Ek maak jou net so hardkoppig soos hulle. ⁹Soos 'n diamant, harder as vuurklip, het ek jou voorkop gemaak. Jy mag nie vir hulle bang wees en jy mag jou nie deur hulle laat afskrik nie, al is hulle die rebelse huis.¹⁰”

*2:9-10 Op 5:1; 10:8-11

*3:1-3 Ps 19:11; 119:103; Jer 15:16; Eseg 2:8-9; Op 10:9-10

*3:4-7 Jes 28:9-13; 33:19

*3:8-9 Jes 50:7

¹⁰3:9 **rebelse huis:** Waarskynlik 'n doelbewuste naamsverandering vir “huis van Israel”; vgl Eseg 12:9.

¹⁰ Verder het Hy vir my gesê: “Mensekind, al my woorde wat Ek vir jou sê, neem dit ter harte, en luister met gespitse ore. ¹¹ Gaan dan na die ballinge, na jou volksgenote. Praat met hulle en sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE,’ of hulle nou luister of verseg om te luister.”

¹² 'n Gees^m het my opgelig,* en ek het agter my die geluid van 'n harde dreuning gehoor toe die heerlijkheid van die HERE van sy plek af opstyg,ⁿ ¹³ * ook die geluid van die wesens se vlerke wat teen mekaar klap, die geluid van die wiele langs hulle en die geluid van die harde dreuning. ¹⁴ 'n Gees het my opgelig en my weggeneem. Ek het gegaan — bitter, ontstemd in my gemoed. Die hand van die HERE was ferm oor my. ¹⁵ Ek het by die ballinge uitgekom wat in Tel Aviv, langs die Kebarrivier woon; en daar waar hulle woon, daar het ek vir sewe dae tussen hulle gesit, heeltemal verbysterd.*

¹⁶ *Ná die sewe dae het die woord van die HERE tot my gekom:

¹⁷ “*Mensekind, as 'n wag stel Ek jou aan vir die huis van Israel. Wanneer jy uit my mond woorde hoor, moet jy hulle namens My waarsku. ¹⁸ Wanneer Ek vir 'n goddelose sê dat hy beslis sal sterf, en jy waarsku hom nie, jy praat nie om die goddelose te waarsku teen sy goddelose lewenswyse, sodat hy kan leef nie, sal hy, die goddelose, sterf oor sy sondeskuld; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. ¹⁹ Maar jy, as jy 'n goddelose waarsku, en

^m**3:12 Gees:** Kan ook vertaal word “Wind”.

^{*}**3:12,14 'n Gees ... opgelig:** 1 Kon 18:12; Eseg 8:3; 11:1,24; 43:5; Matt 4:1; Luk 4:1; Hand 8:39

ⁿ**3:12 heerlijkheid ... opstyg:** Hierdie lesing volg sommige moderne vertalings wat veronderstel dat een konsonant in die •bronteks verkeerd oorgeskryf is. Die bronteks lui “die heerlijkheid van die HERE moet geprys word uit sy plek”.

^{*}**3:13** Eseg 1:6,15

^{*}**3:15 daar het ... verbysterd:** Vgl Job 2:13

^{*}**3:16-21** Jes 21:6,8,11; Eseg 18:24; 33:1-9,12-13; 2 Pet 2:21

^{*}**3:17** Heb 13:17

hy bekeer hom nie van sy goddeloosheid en sy goddelose lewenswyse nie, sal hy deur sy sondeskuld sterf, en jy, jy het dan jou eie lewe gered.

²⁰ “Wanneer 'n regverdige van sy regverdige lewe afwyk en onreg pleeg, en Ek 'n struikelblok voor hom neersit, sal hy sterf. As jy hom nie waarsku teen sy sonde nie, sal hy sterf; sy regverdige daede wat hy gedoen het, sal nie onthou word nie. Sy bloed sal Ek egter van jou hand eis. ²¹ En jy, as jy 'n regverdige waarsku om nie te sondig nie, en hy, die regverdige, sondig nie, sal hy beslis bly leef, omdat hy hom laat waarsku het; en jy, jy het dan jou eie lewe gered.”

²² Die hand van die HERE het daar oor my gekom,* en Hy het vir my gesê: “Staan op, gaan na die laagte toe, daar sal Ek met jou praat.” ²³ Ek het toe opgestaan en uitgegaan na die laagte. En kyk, daar staan die heerlikheid van die HERE, net soos die heerlikheid wat ek gesien het langs die Kebarrivier. Ek het neergeval met my gesig teen die grond.*

²⁴ 'n Gees het oor my gekom en my regop laat staan. Die HERE^o het met my gepraat* en vir my gesê: “Gaan, sluit jouself binne-in jou huis toe.

²⁵ *Wat jou betref, mensekind, kyk, toue sal om jou gesit word en jy sal daarmee vasgebind word, sodat jy nie meer kan uitgaan om tussen die mense te wees nie. ²⁶ Jou tong sal Ek aan jou verhemelte^p laat kleef. Jy sal stom wees, en nie meer iemand wat hulle teregwys nie, want hulle is die rebelse huis. ²⁷ Maar wanneer Ek met jou praat, sal Ek jou mond oopmaak.* Dan moet jy vir hulle sê, ‘So sê my Heer, die HERE.’ Wie

***3:22 Die ... gekom:** Eseg 1:3; 33:22; 37:1

***3:23 En kyk ... grond:** Eseg 1:1-28

^o**3:24 Die HERE:** Die bronteks lui “Hy”.

***3:24 'n Gees ... gepraat:** Eseg 2:2

***3:25** Eseg 4:8

^p**3:26 verhemelte:** Die tong word geassosieer met spraak en die verhemelte met smaak.

***3:27 sal Ek ... oopmaak:** Eseg 24:27; 29:21; 33:22

luister, sal luister, en wie verseg om te luister, sal verseg om te luister, want hulle is die rebelse huis.”

4

Profesie oor Jerusalem

¹ “*En jy, mensekind, vat vir jou 'n gebakte kleitablet, sit dit voor jou neer en krap 'n stad daarop uit — Jerusalem. ² *Plaas haar^q dan onder beleg: Rig beleëringswerke teen haar op, hoop 'n beleëringswal teen haar op, stel leërafdelings teen haar op en plaas stormramme reg rondom haar. ³ En jy, vat vir jou 'n bakplaat van yster en maak dit 'n ystermuur tussen jou en die stad. Kyk stip na haar. Sy sal onder beleg wees; jy sal haar beleër. Dit moet 'n teken wees vir die huis van Israel.^{r*}

⁴ “En jy, gaan lê op jou linkersy, en plaas so die sondeskuld van die huis van Israel^s op jou sy.^t Soveel dae as wat jy op jou sy lê, soveel dae sal jy hulle sondeskuld dra. ⁵ *En Ek, Ek het vir jou die aantal jare van hulle sondeskuld 'n getal dae gemaak — driehonderd-en-negentig dae^u lank moet jy die sondeskuld van die huis van Israel dra. ⁶ As jy daarmee klaar is, moet jy 'n tweede keer gaan lê — op jou regtersy. Dan moet jy

* 4:1 Vgl Jer 18:1

* 4:2 2 Kon 25:1; Jer 6:6; Eseg 21:22

^q4:2 haar: In antieke tekste word stede normaalweg as vroulik voorgestel.

^r4:3 Israel: In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

* 4:3 'n teken ... Israel: Jes 20:3; 8:18; Eseg 12:6,11; 24:24,27

^s4:4 Israel: Dit verwys in hierdie geval na die tien stamme in die noorde; vgl 1 Kon 12:20.

^t4:4 op jou sy: Die •bronteks lui “daarop”.

* 4:5-6 Vgl Num 14:34

^u4:5 390 dae: Daar is onsekerheid oor die simboliese betekenis van 390. Dit kan moontlik die aantal jare van die bestaan van die tempel van Salomo simboliseer.

die sondeskuld van die huis van Juda dra, vir veertig dae lank. 'n Dag vir elke jaar is wat Ek dit vir jou maak.

⁷ “Jy moet stip kyk na die beleëring van Jerusalem, en met 'n ontblote arm moet jy teen haar profeteer. ⁸ *Kyk, Ek sit toue om jou, sodat jy nie van die een sy op die ander kan draai totdat jy die tyd van jou beleëring voltooi het nie.

⁹ “En jy, neem vir jou koring, gars, boontjies, lensies, sorghum en spelt,^v sit dit saam in een houer en maak daarvan vir jou kos. So lank as wat jy op jou sy lê — driehonderd-en-negentig dae — moet jy dit eet.

¹⁰ Die kos wat jy gaan eet, moet twintig sikkkel^w per dag weeg. Op vaste tye moet jy daarvan eet. ¹¹ Ook water moet jy volgens maat drink — een sesde van 'n hin.^x Op vaste tye moet jy dit drink. ¹² Soos roosterkoeke van gars moet jy die kos eet. Op menslike uitwerpsel moet jy dit voor hulle oë bak. ” ¹³ *Die HERE het gesê: “So sal die Israëliete hulle kos •onrein moet eet onder die nasies waarheen Ek hulle gaan verdryf.”

¹⁴ *Toe sê ek: “Ag, my Heer, HERE! Kyk, ek is self nooit verontreinig nie. Iets wat doodgegaan het of verskeur is, het ek van my jeug af tot nou toe nie geëet nie. Walglike vleis^y het nooit in my mond gekom nie. *” ¹⁵ Hy het my geantwoord: “Goed, Ek laat jou dan toe om beesmis in plaas van menslike uitwerpsel te gebruik; jy kan jou kos daarop

* 4:8 Eseg 3:25

^v4:9 spelt: 'n Soort graan wat in Mesopotamië voorgekom het.

^w4:10 20 sikkkel: Ongeveer 230 g; •Geldeenhede.

^x4:11 1/6 ... hin: Ongeveer 0,6 ℓ; •Inhoudsmate.

* 4:13 Dan 1:8; Hos 9:3

* 4:14 Eks 22:31; Lev 17:15; Deut 14:3-21; Hand 10:14

^y4:14 Walglike vleis: Dit is 'n tegniese term in die offerkultus wat 'n hoë graad van •onreinheid aandui; vgl Lev 7:18.

* 4:14 Iets ... gekom nie: Eks 22:31; Lev 11:1-47; 17:15; Deut 14:3-21; Hand 10:14

voorberei.”

¹⁶ *Verder het Hy vir my gesê: “Mensekind, kyk, Ek gaan die broodstok breek^z in Jerusalem. Hulle sal met kommer afgeweege brood eet; en met ontsteltenis afgemete water drink, ¹⁷ gevolglik sal hulle gebrek ly aan brood en water. Hulle sal mekaar geskok aankyk en wegteer weens hulle sondeskuld.*”

5

¹ “En jy, mensekind, neem vir jou 'n skerp swaard en gebruik dit soos 'n skeermes. Skeer daarmee jou hare en jou baard. Neem dan vir jou 'n weegskaal en verdeel die hare. ² Een derde moet jy binne die stad* verbrand sodra die tyd van die beleg verby is, een derde moet jy neem en met die swaard fynkap al om die stad, en een derde moet jy in die wind uitstrooi. Met ontblote swaard sal Ek dit^a agtervolg.* ³ Jy moet 'n klein bietjie daarvan neem en dit in die soom van jou bokleed toevou; ⁴ en daarvan moet jy nog neem en dit in die vuur gooi; jy moet dit verbrand. Daarvan sal daar 'n vuur uitgaan na die hele huis van Israel.^b”

⁵ So sê my Heer, die HERE: “Dit is Jerusalem. Tussen die nasies het Ek haar geplaas, met ander lande reg rondom haar. ⁶ Maar sy het in opstand gekom teen my bepalings, en teen my vaste voorskrifte, om

* **4:16** Lev 26:26; Ps 105:16; Eseg 12:18-19

^z**4:16 broodstok breek:** Dit beteken die kosvoorraad word vernietig. Ringvormige broodjies is aan stokke gehang om dit te stoor.

* **4:17 wegteer ... sondeskuld:** Lev 26:39

* **5:2 die stad:** Eseg 4:1

^a**5:2 dit:** Letterlik ‘hulle’. Dit verwys na die afgeskeerde hare wat die inwoners van Jerusalem voorstel; vgl Eseg 5:12.

* **5:2 Met ... agtervolg:** Jer 9:16; Eseg 5:12

^b**5:4 Israel:** In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

sodoende meer goddeloos te wees as die nasies, as die lande wat rondom haar is. Ja, haar inwoners^c het my bepalings verwerp, en my vaste voorskrifte het hulle nie gevolg nie.

⁷ “Daarom,” so sê my Heer, die HERE, “omdat julle nog meer in verzet was^d as die nasies rondom julle, my vaste voorskrifte nie gevolg het nie, my bepalings nie uitgevoer het nie, maar die gebruike van die nasies rondom julle nagevolg het,^{e*} ⁸ daarom,” so sê my Heer, die HERE, “is dit Ek teen jou, Jerusalem — ja, Ek! Ek sal in jou midde, voor die oë van die nasies die vonnisse voltrek. ^{9*} Oor al jou afstootlike dade sal Ek in jou doen wat Ek nog nooit gedoen het nie, en so iets sal Ek nooit weer doen nie. ¹⁰ Daarom dan, ouers sal binne jou kinders eet,* en kinders sal hulle ouers eet. Ek sal teen jou die vonnisse voltrek. Ek sal almal wat in jou oor is, in al die windrigtings uitstrooi.* ¹¹ Daarom, so seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “omdat jy my heiligdom verontreinig het met al jou verfoeilike afgode, met al jou afstootlike dade,* gaan Ek ook 'n skeermes inlê. Ek sal nie 'n traan stort nie.* Ek sal geen deernis hê nie.* ^{12*} Een derde van jou inwoners sal aan die pes sterf

^c**5:6 haar inwoners:** Die •bronteks lui “hulle”.

^d**5:7 in ... was:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^e**5:7 nagevolg het:** Talle Hebreeuse mss en uitgawes en die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “nie nagevolg het nie”.

^{*}**5:7 omdat ... nagevolg het:** Jer 2:10-11; Eseg 16:47; Rom 2:14-15,27

^{*}**5:9** Jer 1:16; Klaagl 1:12; Dan 9:12; Am 3:2

^{*}**5:10 ouers ... kinders eet:** Deut 28:53; Jer 19:9

^{*}**5:10 in al ... uitstrooi:** Lev 26:33

^{*}**5:11 my heiligdom ... dade:** 2 Kon 16:10-15; 21:7; 2 Kron 36:14; Eseg 8:3,5

^{*}**5:11 Ek sal nie ... stort nie:** Eseg 7:4,18; 9:10; 24:14

^{*}**5:11 Ek sal geen ... hê nie:** Eseg 24:14

^{*}**5:12,17** Op 6:8

of in jou van honger omkom; een derde sal deur die swaard val rondom jou; een derde sal Ek in alle windrigtings uitstrooi, en met ontblote swaard sal Ek hulle agtervolg. ¹³ Dan sal my toorn uitgewoed wees; Ek sal my woede teen hulle tot bedaring bring, en Ek sal berusting vind. Hulle sal besef dat Ek, die HERE, hulle in my heilige jaloesie aangespreek het toe Ek my woede op hulle laat uitwoed het.*

¹⁴ “Ek sal jou 'n puinhoop maak, 'n bespotting van die nasies rondom jou, ten aanskoue van elke verbyganger. ¹⁵ * Jy sal 'n voorwerp van spot en hoon wees, 'n waarskuwing en verskrikking vir die nasies rondom jou, wanneer Ek in toorn en woede en met woedende bestraffings die vonnisse teen jou voltrek. Ek, die HERE, het gepraat. ¹⁶ * Dit sal gebeur wanneer Ek die dodelike pyle van hongersnood wat verwoesting saai op julle afskiet — die pyle wat Ek afskiet om julle uit te delg. Ek sal die hongersnood teen julle nog erger maak; Ek sal julle broodstok breek.^f ¹⁷ * Ek sal teen julle hongersnood en ongediertes stuur, en hulle sal jou, Jerusalem,^g kinderloos maak. Pessiekte en bloedvergiëting sal jou oorweldig, en 'n swaard sal Ek teen jou bring. Ek, die HERE, het gepraat.”

6

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “*Mensekind, draai jou

***5:13 Hulle ... uitwoed het:** Eseg 38:18-19

***5:15** Lev 26:32; Deut 28:25; Jer 24:9; 25:18

***5:16** Lev 26:26; Deut 32:23-24; Eseg 4:16

^f**5:16 broodstok breek:** Dit beteken die kosvoorraad word vernietig. Ringvormige broodjies is aan stokke gehang om dit te stoor.

***5:17** Deut 32:24

^g**5:17 Jerusalem:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***6:2** Eseg 36:1

gesig na die berge van Israel^h en profeteer teen hulle. ³* Jy moet sê, ‘Berge van Israel, hoor die woord van my Heer, die HERE. So sê my Heer, die HERE, vir die berge en heuwels, die stroombeddings en valleie: “Kyk, Ek gaan 'n swaard oor julle bring, en Ek gaan julle offerhoogtesⁱ vernietig. ⁴** Julle altare sal verwoes word, julle wierookaltare sal stukkend gebreek word, en Ek sal julle gesneuweldes voor julle afgodsbeelde laat neerval. ⁵* Ek sal die Israeliete se lyke voor hulle afgodsbeelde neergooi.

“ ‘ “Ek sal julle beendere rondom julle altare strooi. ⁶ Oral waar julle woon, sal die dorpe in puin lê, en die offerhoogtes verlate wees, sodat julle altare puin sal word en verlate lê,^j julle afgodsbeelde stukkend gebreek word en tot niet gaan, julle wierookaltare stukkend gekap word, en julle maaksels uitgewis word. ⁷* Die gesneuweldes sal tussen julle lê; dan sal julle besef dat Ek die HERE is.

⁸“ ‘ “*Ek sal sommige laat oorbly wanneer julle, tydens julle verstrooiing in ander lande tussen die nasies, aan die swaard ontkom. ⁹* Dié van julle wat ontkom, sal aan My dink onder die nasies waarheen

^h**6:2 Israel:** In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

***6:3** Eseg 36:4,6

ⁱ**6:3 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

***6:4-6** Lev 26:30-31

***6:4** 2 Kon 16:10-15; 2 Kron 36:14; Eseg 8:3,5

***6:5** Jes 2:18; Jer 8:1-2; 10:14-15; Miga 1:8

^j**6:6 verlate lê:** •Simmagus, die •Peshitta, •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “sal skuldig staan”.

***6:7** Eseg 11:10,12

***6:8** Jes 4:3; Jer 44:28; Eseg 12:16; 14:22

***6:9** Lev 26:40-41; Deut 30:1-2; Eseg 16:23; 20:7,24; 23:30

hulle in gevangenskap weggevoer is, en onthou dat Ek gebroke was deur hulle owerspelige harte wat van My afgewyk het, en hulle oë agter die afgodsbeelde aan gehoereer het.^k Hulle sal walg van hulleself oor die gruwels wat hulle aangerig het; hulle sal walg van al hulle afstootlike dade,¹⁰ en hulle sal besef dat Ek die HERE is. Nie tevergeefs sê Ek dat Ek hulle hierdie onheil sal aandoen nie.”

¹¹ “So sê my Heer, die HERE: “Klap jou hande en stamp jou voete,¹ en sê, ‘Helaas!’ oor al die afstootlike, bose dade van die huis van Israel, want deur die swaard, hongersnood en pessiëkte sal hulle val.¹² Wie ver weg is — aan pessiëkte sal hy sterf; wie naby is — deur die swaard sal hy val; wie oorbly, wie se lewe gespaar is — van honger sal hy omkom. Ek sal my woede op hulle laat uitwoed.¹³ Hulle sal besef dat Ek die HERE is wanneer hulle gesneuweldes tussen hulle afgodsbeelde lê, reg rondom hulle altare, op elke hoë heuwel, op al die bergtoppe, onder elke skaduryke boom, onder elke blaarryke terebintboom,^{m*} die plekke waar hulle offers met 'n aangename geur vir al hulle afgodsbeelde aangebied het.*¹⁴ Ek sal my hand teen hulle uitstrek en die land 'n

^k**6:9 agter ... gehoereer het:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

^l**6:11 Klap ... voete:** 'n Uiting van sterk emosies; vgl Eseg 25:6.

^m**6:13 terebintboom:** 'n Siro-Palestynse boom met geveerde blare wat bladwisselend is en rooi bessies dra. Dit word ongeveer 5 m hoog. Dit is gewoonlik alleenstaande bome, wat geassosieer is met heilige plekke.

***6:13 op elke ... terebintboom:** Jer 2:20; Hos 4:13

***6:13 die plekke ... aangebied het:** Vgl Eks 29:18

woesteny maak, 'n afgryslieke plek, van die woestynⁿ af tot by Ribla,^o oral waar hulle woon. Dan sal hulle beseft dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

7

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “En jy, mensekind, so sê die Heer, die HERE, vir die land Israel,^p

‘Einde!

Die einde het gekom

oor die vier hoeke van die land.*

³ Die einde is nou hier vir jou.

Ek het my toorn teen jou losgelaat;

Ek vonnis jou volgens jou optrede;

Ek vergeld jou vir al jou

afstootlike dade.

⁴ Ek sal nie 'n traan stort

oor jou nie.*

Ek sal nie deernis hê nie,

maar jou vir jou optrede vergeld.

Jou afstootlike dade sal hulle

ⁿ6:14 **woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^o6:14 **van ... Ribla:** 'n Lesing in 'n Hebreeuse ms word hier gevolg. Die bronteks lui “van die woestyn tot by Dibla”, en kan ook vertaal word “meer as die woestyn van Dibla”. In die Hebreeuse skrif kan 'n *d* en *l* maklik verwar word. Ribla was die noordelike grensdorp van Israel; vgl 2 Kon 23:33; Eseg 47:14. Die plek Dibla is onbekend.

^p7:2 **Israel:** In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

*7:2 **Die einde ... land:** Op 20:8

*7:4 **Ek sal nie 'n ... jou nie:** Eseg 5:11; 7:4,18; 9:10; 24:14

in jou midde laat geld.
Julle sal beseef dat Ek die HERE is.

⁵ “So sê die Heer, die HERE,
‘Onheil, ongekeerde onheil,
kyk, dit kom!

⁶ 'n Einde het gekom;
die einde het gekom!
Hy het dit teen jou aangevuur;
kyk, onheil^q is aan die kom!

⁷ Ondergang^r kom na jou,
bewoner van die land.
Die tyd het gekom;
naby is die dag!^s
Daar is paniek, geen gejuig^t nie,
op die berge.^u

⁸ “ ‘Nou, binnekort,
sal Ek oor jou,
land van Israel,^v
my woede uitstort;
Ek sal my toorn op jou

*7:5-6 Op 8:13 — 9:12

^q7:6 **onheil**: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^r7:7 **Ondergang**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^s7:7 **die dag**: Dit verwys na die dag van die HERE; vgl Am 5:18-20.

^t7:7 **gejuig**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord.

^u7:7 **die berge**: Dit verwys na die berge om Jerusalem.

^v7:8 **land van Israel**: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

laat uitwoed.
Ek sal jou vonnis volgens
jou optrede,
jou vergeld vir al jou
afstootlike dade.

⁹ Ek sal nie 'n traan stort nie,
Ek sal nie deernis hê nie.
Volgens jou optrede vergeld ek jou;
jou afstootlike dade sal hulle
in jou midde laat geld.
Julle sal besef dat dit Ek,
die HERE, is wat toeslaan.

¹⁰ “ *Kyk, die dag!
Kyk, dit het aangebreek!
Die ondergang spruit uit;
die tugroede blom;
die verwaandheid dra vrug.

¹¹ Die geweld het opgestaan
as 'n tugroede vir
goddeloosheid.

Niks van hulle^w bly oor nie —
niks van hulle rykdom,
niks van hulle prag en praal,
niks voortrefliks^x

*7:10 Jes 14:5

^w7:11 **hulle**: Dit verwys na die mense van Israel; vgl 7:2.

^x7:11 **voortrefliks**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat net hier voorkom, en dit word verskillend vertaal.

onder hulle nie.

¹² Die tyd het aangebreek,

die dag is naby.

Die koper moet nie bly wees nie,

en die verkoper moet nie treur nie,^y

want die gloed van toorn kom

oor alle rykdom van die land.

¹³ * Ja, die verkoper

sal nie terugkeer

na dit wat hy verkoop het nie,

al leef hulle al twee nog;

want die openbaring geld

vir al die rykdom van die land;

dit sal nie herroep word nie.

“ Weens sy sondeskuld

sal niemand

die lewe kan behou^z nie.

¹⁴ Hulle blaas op die ramshoring,

maak alles gereed,

maar niemand gaan oorlog toe nie;

want my toorn gloed is gerig

teen Jerusalem se^a hele menigte.

^y**7:12 Die koper ... treur nie:** In oorlogstyd is eiendom en besittings teen weggeepryse van die hand gesit.

^{*}**7:13** Jes 24:2

^z**7:13 kan behou:** Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “homself kan handhaaf”.

^a**7:14 Jerusalem se:** Die bronteks lui “haar”.

¹⁵ *Die swaard is daar buite,
pessiekte en hongersnood
daar binne.

Wie in die veld is,
sal deur die swaard sterf;
wie in die stad is —
hongersnood en pessiekte
verteer hom.

¹⁶ Dié van hulle wat ontkom,
sal in die berge wees
soos duiwe van die valleie —
hulle almal kla,
elkeen oor sy sondeskuld.

¹⁷ *Alle hande word slap,
en alle knieë word water.^b

¹⁸ *Hulle sal rouklere^c ombind,
en ontsetting sal hulle bedek.
Elke gesig is vol skaamte,
en al hulle koppe kaalgeskeer.^d

¹⁹ *Hulle silwer sal hulle
in die strate weggooi,

*7:15-16 Vgl Deut 32:25; Klaagl 1:20; Matt 24:16-18

*7:17 Eseg 21:7

^b7:17 **alle knieë ... water:** Letterlik ‘alle knieë loop (met) water’. Sommige vertolk dit as 'n verwysing na urine.

*7:18 Jes 3:24; Klaagl 2:10; Am 8:10

^c7:18 **rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

^d7:18 **kaalgeskeer:** In tye van rou is die hare afgeskeer (Jes 22:12; Jer 16:6), alhoewel dit verbode was; vgl Lev 21:5; Deut 14:1.

*7:19 Spr 11:4

hulle goud sal as •onrein afval
beskou word.

Hulle silwer en goud —
dit kan hulle nie red op die dag
van die HERE se gramskap nie.

Hulle eetlus sal hulle daarmee
nie kan stil nie,
hulle ingewande nie kan vul nie.

Want dit was die struikelblok
wat hulle sondeskuld*
meegebring het;

²⁰ met die pragtige juwele
van goud en silwer^e
het hulle^f 'n voorwerp van trots
opgerig;

hulle afstootlike en verfoeilike
afgodsbeelde
het hulle daarmee gemaak.

Daarom gee Ek dít aan hulle
as •onrein afval.

²¹ Ek gee dit in die hand
van vreemdes as buit,
aan die goddeloses van die aarde
as oorlogsbuit,
en hulle sal dit ontheilig.

²² Ek sal my gesig van hulle

*7:19 struikelblok ... sondeskuld: Eseg 14:3-4,7; 44:12

^e7:20 van ... silwer: Die bronteks lui “daarvan” of “van hom”.

^f7:20 hulle: Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “hy”.

wegdraai,
en hulle sal my kleinood^g ontheilig.
Geweldenaars sal daar ingaan,
dit ontheilig.

²³ Maak 'n ketting!^h

Want die land is vol vonnisse
oor moord,
die stad is vol geweld.*

²⁴ Ek sal die slegste nasies bring,
en hulle sal die inwoners se huise
in besit neem.

Ek sal 'n einde maak aan die trots
van sterkes,
en hulle heiligdomme
sal ontheilig word.

²⁵ “ ‘Angs is op pad;
hulle sal vrede soek,
maar daar sal nie wees nie.

²⁶ Ramp op ramp is op pad;
daar is gerug ná gerug.
Hulle soek 'n openbaring
by die profeet;
onderrig deur die priester ontbreek,
ook raad deur die oudstes.*

^g7:22 my kleinood: Dit verwys na die stad Jerusalem.

^h7:23 maak 'n ketting: Die betekenis van die woord wat vertaal is as “ketting”, is onseker en kom net hier voor in die OT.

*7:23 Want ... geweld: 2 Kon 21:16; Eseg 9:9; 11:6

*7:26 Hulle ... oudstes: Jes 29:4; Klaagl 2:9; Miga 3:6

²⁷ Die koning sal rou,
die hoofman sal verslae wees;ⁱ
die volk van die land se hande
is deur angs verlam.

Volgens hulle optrede
sal Ek met hulle handel.

Volgens hulle regspraak
sal Ek oor hulle regspreek.

Hulle sal besef dat Ek
die HERE is.’ ”

8

Tempelvisioen

¹ In die sesde jaar,^j op die vyfde dag van die sesde maand, het ek in my huis gesit, met die oudstes van Juda wat voor my sit. Toe het die hand van my Heer, die HERE, daar oor my gekom.* ² *Toe ek kyk, is daar 'n gestalte wat lyk of dit van vuur is! Vanaf wat na sy heupe gelyk het ondertoe was daar vuur, en vanaf sy heupe boontoe het dit gelyk soos 'n glans, soos die skittering van witgoud.^k

³ *Hy steek toe iets met die vorm van 'n hand uit, en neem my aan die hare van my kop. 'n Gees^l het my opgelig tussen aarde en hemel, en my

ⁱ7:27 **verslae wees:** Die Hebraëuse idioom lui “gehul wees in ontsetting”.

^j8:1 **6de jaar:** 592 vC.

*8:1 **die oudstes ... gekom:** Eseg 14:1-2; 20:1-2; vgl Eseg 1:3

*8:2 Eseg 1:26-28

^k8:2 **witgoud:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebraëuse woord.

Die •Septuagint vertaal dit as “elektron”, 'n allooi van silwer en goud.

*8:3 Eseg 3:12; DanGr 3:36

^l8:3 **Gees:** Kan ook vertaal word “Wind”.

na Jerusalem geneem in visioene van God, na die ingang van die binneste poort wat noord kyk, daar waar die afgodsbeeld staan wat heilige verontwaardiging wek. ⁴ En kyk, daar was die heerlikheid van die God van Israel* — net soos die verskyning wat ek in die laagte gesien het!

⁵ Hy sê toe vir my: “Mensekind, kyk na die noorde toe.” Ek het na die noorde gekyk, en daar, aan die noordekant van die poort na die altaar, by die ingang, is hierdie beeld wat verontwaardiging wek! ⁶ Hy sê toe vir my: “Mensekind, sien jy wat doen hulle — die ontsettend afstootlike dinge wat die huis van Israel hier doen, sodat Ek op 'n afstand bly van my heiligdom af? Maar jy sal nog erger afstootlike dade sien.”

⁷ Hy neem my toe na die ingang van die voorhof, en ek sien toe, kyk, daar is 'n gat in die muur! ⁸ Hy sê vir my: “Mensekind, breek deur die muur!” Ek het deur die muur gebreek, en kyk, daar is toe 'n ingang. ⁹ En Hy sê vir my: “Gaan in en kyk na die afstootlike, bese dinge wat hulle hier doen.”

¹⁰ Ek het ingegaan, en toe ek kyk, is daar allerlei weersinwekkende afbeeldings van kruipende en ander diere, ook al die afgodsbeelde van die huis van Israel, uitgekerf op die muur reg rondom! ¹¹ Sewentig manne van die oudstes van die huis van Israel* het voor die afbeeldings gestaan, elkeen met sy reukofferpan in sy hand, terwyl Jaásanja, seun van Safan, daar tussen hulle staan. 'n Geurige wolk wierook het opgestyg.

¹²* Hy sê toe vir my: “Het jy gesien, mensekind, wat die oudstes van die huis van Israel besig is om te doen in die donker, elkeen in sy

*8:4 die heerlikheid ... Israel: Eks 24:16; Eseg 1:28

*8:4 soos ... gesien het: Eseg 3:22-23

*8:11 70 ... Israel: Eks 24:1,9; Num 11:16,25

*8:12 Lev 26:1; Jes 29:15; Eseg 9:9

binnekamers vol afbeeldings? Want hulle sê, ‘Die HERE sien ons nie; die HERE het die land verlaat.’ ”

¹³ Hy sê toe vir my: “Jy sal nog erger afstootlike dade sien wat hulle doen.”

¹⁴ Hy neem my toe na die ingang van die poort aan die noordekant van die huis van die HERE; en daar sit vroue wat treur oor Tammus!^m ¹⁵ Hy sê toe vir my: “Het jy dit gesien, mensekind? Jy sal nog erger afstootlike dade sien as dit.”

¹⁶ Hy neem my toe na die binneste voorhof* van die huis van die HERE; en daar, by die ingang na die HERE se tempel, tussen die portaal en die altaar, is ongeveer vyf-en-twintig manne met hulle rûe na die HERE se tempel gekeer en hulle gesigte na die ooste! Hulle het na die ooste gebuig in aanbidding voor die son.* ¹⁷ Hy sê toe vir my: “ Sien jy dit, mensekind? Is die afstootlike dade wat hulle hier aanvang dan te gering vir die huis van Juda, dat hulle ook nog die land vul met geweld en My telkens weer uittart? Kyk, hulle steek 'n wingerdrank uit na my neus.ⁿ

¹⁸ *Op my beurt gaan Ek in woede optree. Ek sal nie 'n traan stort nie, Ek sal nie deernis hê nie. Al roep hulle hardop in my ore, Ek sal nie na hulle luister nie.”

^m**8:14 Tammus:** 'n Vrugbaarheidsgod wat eeue lank in die Ou Nabye Ooste vereer is.

^{*}**8:16 binneste voorhof:** 1 Kon 6:36; 7:12

^{*}**8:16 Hulle het ... son:** Job 31:26-27; 2 Kon 23:5; Jer 8:2

ⁿ**8:17 steek ... neus:** Dit was 'n spottende gebaar. Die •bronteks lui “hulle neus”. Die teks het gelui “my neus” maar is doelbewus verander deur die oorskrywers van die teks.

^{*}**8:18 Spr** 1:28; Jer 11:11; Eseg 5:11

9

¹ Hy het hard in my ore geroep: “Kom nader,^o julle wat die stad gaan straf, elkeen met sy wapen van verwoesting in sy hand.” ²* Toe kom daar meteens ses manne uit die rigting van die boonste poort* wat noord front, elkeen met sy wapen van vernietiging in sy hand. Tussen hulle was daar 'n man geklee in linne, met 'n skrywersak aan sy heup. Hulle kom toe en gaan staan langs die bronsaltaar.* ³* Die heerlikheid van die God van Israel het opgestyg van die gerub waarop dit was, en na die drumpel van die tempel gegaan. Die HERE roep toe na die man wat in linne geklee was, met die skrywersak aan sy heup, ⁴* en sê vir hom: “Deurkruis die stad, deurkruis Jerusalem, en maak 'n kruisie^p op die voorkoppe van die mense wat sug en kla oor al die afskuwelikhede wat daarin gedoen word.”

⁵ Vir die ander mans het Hy, waar ek dit hoor, gesê: “Deurkruis die stad agter hom aan en slaan dood.* Julle moet nie 'n traan stort of deernis hê nie. ⁶* Ou mans, jong mans, maagde, kleuters en vroue moet julle om die lewe bring en sodoende uitroei. Maar aan enigeen op wie daar 'n kruisie is, mag julle nie raak nie.* By my heiligdom moet julle

^o9:1 **Kom nader:** Die •bronteks lui “Hulle het nadergekom”.

*9:2 Op 1:13

*9:2 **boonste poort:** 2 Kon 15:35

*9:2 **bronsaltaar:** Eks 27:1-8

*9:3 Eseg 10:4,18

*9:4 Op 7:3; 9:4; 14:1; vgl Eks 12:7,13

^p9:4 **'n kruisie:** Word ook vertaal “merk” of “teken”. Die bronteks lui *taw*. Dit is die laaste letter van die Hebreeuse alfabet; vgl Ps 10:16; 25:20. Hierdie letter was in die ou Hebreeuse alfabet in die vorm van 'n kruisie.

*9:5 **Deurkruis ... dood:** Eks 32:27; Num 25:5,8

*9:6 1 Pet 4:17

*9:6 **Maar ... raak nie:** Op 9:4

begin.”

Hulle het begin by die ou mans wat voor die tempel was.* ⁷ Hy sê toe vir hulle: “Verontreinig die tempel, maak die voorhowe vol gesneuweldes — gaan nou!” Hulle het uitgegaan en in die stad mense doodgeslaan. ⁸ Terwyl hulle so besig was om dood te slaan, het ek alleen oorgebly. Ek het neergeval met my gesig teen die grond, om hulp geroep en gesê: “Ag, HERE, my Heer, gaan U almal wat oorgebly het van Israel^q uitroei* terwyl U so u woede oor Jerusalem uitstort?”

⁹ Toe sê Hy vir my: “Die sondeskuld van die huis van Israel en Juda is uitermate groot. Die land is gevul met bloedskuld,^r die stad is vol van die verdraaiing van die wet. Want hulle sê, ‘Die HERE het die land verlaat; die HERE sien dit nie.’* ¹⁰ *Ek sal daarom ook nie 'n traan stort nie; Ek sal nie deernis hê nie. Hulle optrede sal Ek op hulle koppe laat neerkom.”

¹¹ *Juis toe doen die man geklee in linne, met die skrywersak aan sy heup, verslag: “Ek het presies gedoen wat U my beveel het.”

10

¹ *Toe ek kyk, is daar bo die koepel wat oor die gerubs se koppe was, iets soos saffiersteen in die vorm van 'n troon! Dit was sigbaar bo die

***9:6 die ou mans ... was:** Eseg 8:11

^q**9:8 almal ... Israel:** Dit verwys na die Judeërs wat ná die wegvoering in 597 vC in Jerusalem oorgebly het; vgl 2 Kon 24:10-17.

***9:8 Ek het ... uitroei:** Eseg 11:13

^r**9:9 bloedskuld:** Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

***9:9 die stad ... sien dit nie:** Ps 10:11; Eseg 8:12

***9:10** Eseg 7:4

***9:11** Dan 10:5; Op 1:13

***10:1-22** Vgl Eseg 1:5-26

gerubs. ² Toe praat die HERE met die man geklee in linne.* Hy het gesê: “Gaan tussen die wiele in, onder die gerubs, en maak jou twee hande daar tussen die gerubs vol gloeiende kole vuur, en strooi dit oor die stad uit.*”

Hy het voor my oë daar ingegaan. ³ Die gerubs het aan die regterkant^s in die tempel gestaan toe die man daar ingaan, en die wolk het die binneste voorhof* gevul. ⁴ *Die heerlijkheid van die HERE het van bo die gerub opgestyg en oor die drumpel van die tempel gegaan. Die tempel was gevul met die wolk, en die voorhof was vol van die helder gloed van die heerlijkheid van die HERE. ⁵ Die geluid van die gerubs se vlerke kon tot in die buitenste voorhof* gehoor word. Dit was soos die stem van God, die Ontslagwekkende, wanneer Hy praat.

⁶ Toe die HERE die man geklee in linne die opdrag gee, “Neem vuur daar tussen die wiele, tussen die gerubs,” het hy ingegaan en langs 'n wiel gaan staan. ⁷ 'n Gerub het sy hand daar tussen die gerubs uitgesteek na die vuur wat tussen die gerubs was, dit opgetel en in die twee bak hande van die een geklee in linne geplaas. Hy het dit geneem en uitgegaan. ⁸ *Dit het gelyk of die gerubs 'n vorm van mensehande onder hulle vlerke het.

⁹ Toe ek kyk, is daar vier wiele langs die gerubs, 'n wiel langs elke gerub!^t Die wiele het gelyk of hulle soos •turkoois-edelstene skitter. ¹⁰ Al

*10:2 die man ... linne: Eseg 9:2

*10:2 gloeiende ... uit: Gen 19:24; Op 8:5

^s10:3 aan die regterkant: Dit is aan die suidekant.

*10:3 binneste voorhof: 1 Kon 6:36; 7:12; Eseg 8:16

*10:4 Eseg 1:28; vgl Eks 16:10; 24:16; 33:9; 1 Kon 8:10-11; Ps 99:7

*10:5 buitenste voorhof: Eseg 40:17

*10:8 Vgl Eseg 8:3

^t10:9 'n wiel ... gerub: Die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks herhaal hierdie woorde.

vier het presies dieselfde vorm gehad, asof daar 'n wiel binne-in 'n wiel was. ¹¹ Wanneer hulle beweeg het, kon hulle na enige van die vier kante beweeg, sonder om af te draai wanneer hulle beweeg. Want die plek waarheen die voorste wiel gewys het, daarheen het die ander hom gevolg, sonder om af te draai wanneer hulle beweeg.

¹² *Hulle hele liggaam, hulle rûe, hulle hande en vlerke, asook die wiele — al vier se wiele — was rondom vol oë. ¹³ Wat die wiele betref, hulle is, soos ek dit gehoor het, die wielstelsel genoem. ¹⁴ *Elke gerub het vier gesigte gehad: Die eerste gesig was dié van 'n gerub, die tweede gesig dié van 'n mens, die derde die gesig van 'n leeu, en die vierde die gesig van 'n arend.

¹⁵ Die gerubs het opgestyg. Dit was die wesens wat ek reeds by die Kebarrivier^u gesien het. ¹⁶ Wanneer die gerubs beweeg het, het die wiele langs hulle beweeg, en wanneer die gerubs hulle vlerke gelig het om van die grond af op te styg, het ook hulle, die wiele langs hulle, nie weggedraai nie. ¹⁷ Wanneer die gerubs stilstaan, het hulle stilgestaan, en wanneer die gerubs opstyg, het hulle saam opgestyg; want die gees van die wesens was in hulle.

¹⁸ *Die heerlikheid van die HERE het uitgekom van bo die drumpel van die tempel en bo die gerubs tot stilstand gekom. ¹⁹ *Die gerubs het hulle vlerke gelig en voor my oë van die grond af opgestyg, met die wiele steeds langs hulle terwyl hulle opstyg. Hulle^v het tot stilstand gekom by

*10:12 Op 4:8

*10:14 Op 4:6-7

^u10:15 **Kebarrivier:** 'n Kanaal uit die Eufraatrivier tussen die stad Babel en die stad Warka.

*10:18 Eseg 10:4

*10:19 Eseg 11:2

^v10:19 **Hulle:** Die Septuagint en Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “Hy”.

die ingang van die poort aan die oostekant* van die huis van die HERE, en die heerlijkheid van die God van Israel was bo hulle.

²⁰ Dit was die wesens wat ek by die Kebarrivier gesien het onder die God van Israel. Ek het besef dat dit gerubs is. ²¹ Elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad, en onder hulle vlerke was iets in die vorm van mensehande. ²² En wat die vorm van hulle gesigte betref: Dit was die gesigte wat ek langs die Kebarrivier gesien het — dieselfde voorkoms, ja, dit was hulle. Elkeen het reguit vorentoe beweeg.

11

¹ 'n Gees^w het my opgelig* en my na die poort aan die oostekant van die huis van die HERE, geneem, die poort wat oos front. In die ingang van die poort was daar vyf-en-twintig manne!* Tussen hulle het ek die volksleiers Jaásanja, seun van Assur, en Pelatja, seun van Benaja, gesien.

² Die HERE, sê toe vir my: “Mensekind, dit is die manne wat onreg beplan en slegte advies gee in hierdie stad. ³ *Dit is hulle wat dink, ‘Dit is nie nodig om binnekort huise te herbou nie; die stad is 'n pot en ons is die vleis.’^x ⁴ Daarom, profeteer teen hulle, profeteer, mensekind!”

⁵ Toe val die Gees van die HERE op my en die HERE sê vir my: “Jy moet

*10:19 poort ... oostekant: 2 Kron 31:14; Neh 3:29

^w11:1 Gees: Kan ook vertaal word “Wind”.

*11:1 'n Gees ... opgelig: 1 Kon 18:12; Eseg 3:12,14; 8:3; 11:24; 43:5; Matt 4:1; Luk 4:1; Hand 8:39

*11:1 25 manne: Eseg 8:16

*11:3-12 Eseg 24:1-14

^x11:3 Dit is nie ... vleis: Waarskynlik 'n afwysende verwysing na profesieë van Jeremia wat die Babiloniese inval beskryf het as 'n pot wat oorkook (Jer 1:13), en Judeërs in ballingskap aangeraai het om huise te bou (Jer 29:5,6,28). Die volksleiers waan hulleself egter in Jerusalem so veilig soos vleis in 'n pot; vgl egter Eseg 24:3-6.

sê, ‘So sê die HERE: “Dit is wat julle dink, huis van Israel;^y Ek weet wat in julle gedagtes opkom. ⁶ Julle het baie mense in hierdie stad laat sneuwel; julle het sy strate vol gesneuweldes gemaak.” ⁷ Daarom, so sê my Heer, die HERE: “Julle gesneuweldes wat julle in die stad neergelê het,^z hulle is die vleis, en die stad is die pot. Maar julle gaan Ek^a uit die stad neem. ⁸ 'n Swaard, dit vrees julle; 'n swaard sal Ek dan oor julle bring,” is die uitspraak van my Heer, die HERE. ⁹ “Ek sal julle uit die stad laat uitgaan en julle oorgee in die hand van vreemdes. Ek sal vonnisse oor julle voltrek. ¹⁰ *Deur die swaard sal julle val op die grondgebied van Israel. Ek sal julle oordeel, en julle sal besef dat Ek die HERE is. ¹¹ Hierdie stad sal nie vir julle 'n pot wees nie, en julle sal nie die vleis daarin wees nie. Op die grondgebied van Israel sal Ek julle oordeel. ¹² *Julle sal besef dat Ek die HERE is, wie se vaste voorskrifte julle nie gevolg het nie, en wie se beslissings julle nie uitgevoer het nie. Julle het eerder die beslissings van die nasies rondom julle uitgevoer.” ’ ’ ”

¹³ *Terwyl ek profeteer, het Pelatja, seun van Benaja, gesterf. Ek het neergeval met my gesig teen die grond en met 'n harde stem uitgeroep:

^y**11:5 Israel:** In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

^z**11:7 Julle ... neergelê het:** Dit verwys na die mense wat tydens die Babiloniese inval in 597 vC gesterf het en in die stad begrawe is.

^a**11:7 Ek:** Verskillende Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “Hy”.

* **11:10** 2 Kon 25:19,21; Jer 39:6; 52:10

* **11:12** Deut 12:29-30

* **11:13** Eseg 9:8

“Ag, HERE, my Heer! Volslae vernietiging, dit is wat U doen aan dié wat oorgebly het* van Israel!^b”

¹⁴*Die woord van die HERE kom toe tot my: ¹⁵“Mensekind, dit gaan oor jou volksgenote, jou broers, jou mense met die reg om grond terug te koop,^c ja, die hele huis van Israel, hulle almal vir wie die inwoners van Jerusalem nou sê, ‘Hulle is ver van die HERE af. Aan ons is hierdie land gegee as eiendom.’ ¹⁶Sê daarom, ‘So sê my Heer, die HERE: “Alhoewel Ek hulle ver verwyder het tussen die nasies, en hulle verstrooi het in ander lande, het Ek vir 'n kort rukkie vir hulle 'n heiligdom geword* in die lande waarheen hulle gegaan het.”* ’ ¹⁷Sê daarom vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Ek sal julle bymekaarmaak tussen die volke; Ek sal julle byeenbring uit die lande waarin julle verstrooi is. Ek sal vir julle die land Israel gee. ¹⁸Hulle sal daarheen gaan, en hulle sal al die verfoeilike afgode en al die afstootlike dade in die land daaruit verwyder.* ¹⁹*Ek sal vir hulle 'n onverdeelde hart gee. 'n Nuwe gees sal Ek in hulle binneste laat posvat. Ek sal die hart van klip uit hulle liggame verwyder, en Ek sal vir hulle 'n hart van vlees gee, ²⁰* sodat hulle my vaste voorskrifte sal volg en my beslissings sal nakom en

***11:13 dit is ... oorgebly het:** Eseg 9:8

^b**11:13 Volslae ... Israel:** Die •Septuagint en talle vertalings gee hierdie sin weer met 'n vraag in aansluiting by 9:8.

***11:14-21** Vgl Jer 24:1-10

^c**11:15 jou volksgenote ... koop:** Grond in Israel kon nie permanent vervreem word nie; vgl Lev 25:24. Dit geld ook vir die Israëliete in ballingskap.

***11:16 het Ek ... heiligdom geword:** Jes 8:14; Op 21:3,22

***11:16 Alhoewel ... gegaan het:** Eseg 36:19

***11:17-18 Ek sal julle bymekaarmaak ... verwyder:** Deut 30:3-5; Eseg 20:41; 28:25; 34:13; 36:24-25

***11:19-20** Ps 51:12-14; Jer 4:4; Eseg 18:31; 36:26-27; 2 Kor 3:3

***11:20** Lev 26:12; Jer 31:31

uitvoer. Hulle sal vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees.

²¹ *Wat harte betref: Hulle wie se harte hulle verfoeilike afgode en hulle afstootlike dade bly volg — hulle optrede sal Ek op hulle eie koppe laat neerkom,” is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

²² *Daarop het die gerubs hulle vlerke gelig, en die wiele was langs hulle. Die heerlikheid van die God van Israel* was heel bo, oor hulle.

²³ Die heerlikheid van die HERE het uit die stad uit opgegaan en tot stilstand gekom bo die berg wat oos van die stad is.*

²⁴ Toe het 'n gees^d my opgelig* en, in 'n visioen gestuur deur die Gees van God, my na Galdeë^e geneem, na die ballinge. Die visioen wat ek gesien het, het toe van my af opgegaan, ²⁵ en ek het aan die ballinge al die woorde van die HERE meegedeel wat Hy my in die visioen laat ervaar het.

12

Ballingskap vir die inwoners van Jerusalem

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “*Mensekind, jy woon midde-in die rebelse huis,^f — hulle wat oë het om te sien, maar hulle sien nie, hulle wat ore het om te hoor, maar hulle hoor nie* — want

*11:21 Eseg 7:4; 9:10

*11:22 Eseg 10:19

*11:22 Die ... Israel: Eks 24:16; Eseg 1:28; 3:23; 8:4

*11:23 berg ... stad is: Sag 14:4

^d11:24 'n gees: Kan ook vertaal word “'n wind”.

*11:24 'n gees my opgelig: Eseg 11:1

^e11:24 Galdeë: 'n Ander naam vir Babel.

*12:2 Eseg 2:5-7

^f12:2 rebelse huis: Waarskynlik 'n doelbewuste naamsverandering vir “huis van Israel”.

*12:2 hulle wat oë ... hoor nie: Jes 6:10; 42:20; Jer 5:21; Mark 8:18

hulle is 'n rebelse huis. ³ Jy, mensekind, kry jou bagasie gereed vir 'n ballingskap, en gaan oordag, voor hulle oë, in ballingskap. Jy moet voor hulle oë van jou plek na 'n ander plek in ballingskap gaan. Miskien sien hulle in dat hulle die rebelse huis is. ⁴ Jy moet jou bagasie, soos die bagasie vir 'n ballingskap, in die dag voor hulle oë uitdra, maar jy self moet, terwyl hulle toekyk, teen die aand uitgaan soos mense maak wat in ballingskap gaan. ⁵ Voor hulle oë moet jy deur die muur breek en jou goed daardeur uitdra. ⁶ Voor hulle oë moet jy dit op jou skouer tel. Jy moet in die skemerdonker uitgaan en jou gesig moet jy bedek, sodat jy nie die land sien nie; want as 'n teken gee Ek jou vir die huis van Israel.*”

⁷ Ek het toe gemaak presies soos ek beveel is. My bagasie het ek in die dag uitgedra asof dit bagasie vir 'n ballingskap was, en teen die aand het ek eiehandig deur die muur gebreek. In die skemerdonker het ek met die bagasie vertrek.⁸ Op my skouer het ek dit gedra, voor hulle oë.

⁸ Die woord van die HERE het die volgende oggend tot my gekom:

⁹ “*Mensekind, het die huis van Israel, die rebelse huis, nie vir jou gevra wat jy besig is om te doen nie? ¹⁰ Jy moet vir hulle sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Hierdie uitspraak^h is van toepassing op die hoofmanne in Jerusalem, en die hele huis van Israel in wie se midde hulle is.”ⁱ’ ¹¹ “Sê, ‘ek is vir julle 'n teken. Presies wat ek gedoen het, sal aan hulle gedoen word.* In ballingskap, in gevangenskap, sal hulle gaan.’ ¹² “Die hoofman^j

*12:6 'n teken ... Israel: Jes 20:3; 8:18; Eseg 4:3; 24:24,27

⁸12:7 het ek met ... vertrek: Die •bronteks lui slegs: “ek het laat uitgaan”.

*12:9 Eseg 24:19; 27:18

^h12:10 uitspraak: Kan ook vertaal word “uitspraak van God”, “aankondiging” of “profesie”.

ⁱ12:10 Hierdie ... hulle is: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

*12:11 Presies ... gedoen word: Eseg 24:24

^j12:12 hoofman: Dit verwys na koning Sedekia; vgl 2 Kon 24:18-20.

in hulle midde sal bagasie op sy skouer tel in die skemerdonker en vertrek. In die muur sal hulle 'n gat maak om hom daardeur te laat uitgaan. Sy gesig sal hy bedek, sodat geen oog hom sien nie, en hy ook nie die land sien nie.^{k 13} *Ek sal my vangnet oor hom uitsprei; hy sal in my jagnet gevang word, en Ek sal hom na Babel, na die land van die Galdeërs,^l neem. Maar daardie land sal hy nie sien nie, en daar sal hy sterf.*

¹⁴ “*Almal om hom, sy helpers en al sy troepe, sal Ek in al die windrigtings uitstrooi. Met ontblote swaard sal Ek hulle agtervolg.
¹⁵ Hulle sal beseft dat Ek die HERE is wanneer Ek hulle versprei onder die nasies, hulle verstrooi in ander lande. ¹⁶ Maar Ek sal 'n klein aantal van hulle laat oorbly ná die swaard,* die hongersnood en pessiëkte, sodat hulle onder die nasies waarheen hulle gaan, kan vertel van al hulle afstootlike dade. Dan sal hulle beseft dat Ek die HERE is.”

¹⁷ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹⁸ “Mensekind, jou voedsel moet jy met bewing eet, en jou water met siddering en kommer drink.* ¹⁹ Dan moet jy vir die volk van die land sê, ‘So sê my Heer, die HERE oor die inwoners van Jerusalem in die land Israel: “Hulle voedsel sal hulle met kommer eet, en hulle water sal hulle bewend drink, omdat Jerusalem se land en alles daarop verlate sal wees vanweë die geweld van al die inwoners daarvan.* ²⁰ Die bewoonde dorpe sal in puin lê, en

^k**12:12 Sy ... land sien nie:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Sy gesig sal hy bedek, sodat hy nie vir 'n oog sien nie, hy die land.”

***12:13** Eseg 17:20; 32:3; Hos 7:12

^l**12:13 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***12:13 Ek sal hom ... sterf:** Jer 32:5; 39:7

***12:14** Lev 26:33; Eseg 5:2,12; 17:21

***12:16 Ek sal ... swaard:** Jes 4:3; Jer 44:28; Eseg 12:16; 14:22

***12:18 jou voedsel ... drink:** Eseg 4:16

***12:19 Hulle voedsel ... daarvan:** Ps 107:33-34

die land sal 'n woesteny wees. Dan sal julle besef dat Ek die HERE is.” ’ ”

Vervulling van profesieë

²¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ²² “*Mensekind, wat is hierdie spreuk van julle oor die land Israel, ‘Die dae gaan verby, en van elke visioen kom daar niks?’ ²³ “Daarom, sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Ek maak 'n einde aan hierdie spreuk. Hulle sal dit nie meer in Israel as spreuk gebruik nie.” Maar kondig vir hulle aan, “Naby is die dae, en ook die vervulling van elke visioen; ²⁴ *want daar sal nie meer bedrieglike visioene of vals godsprake in die huis van Israel wees nie. ²⁵ *As Ek, die HERE, iets aankondig, sal dit wat Ek aankondig, gebeur. Dit sal nie meer uitgestel word nie, want nog in julle tyd, rebelse huis,^m sal Ek iets aankondig en dit uitvoer.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

²⁶ Die woord van die HERE het tot my gekom: ²⁷ “Mensekind, kyk, die huis van Israel sê, ‘Die visioen wat hy sien, is vir baie dae later, en hy is besig om oor verre tye te profeteer.’* ²⁸ Daarom, sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Nie een van my woorde sal meer uitgestel word nie. Wat ek aankondig, sal gebeur.”* Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

13

Oordeel oor vals profete

¹ *Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, profeteer

*12:22 Eseg 11:3; 12:27; Vgl 2 Pet 3:3-4

*12:24 Klaagl 2:14; Eseg 13:6,23

*12:25 Jes 55:11

^m12:25 rebelse huis: Vgl voetnoot in Eseg 12:2.

*12:27 Die visioen ... profeteer: Vgl Dan 10:14

*12:28 Nie ... gebeur: Vgl Jer 1:12; Op 10:6

*13:1-16 Jer 14:13-16; 23:9-40; 27:9-10,16-18; 28:1-17

teen die profete van Israel wat besig is om te profeteer. Sê vir die profete wat uit hulle eie harte praat, ‘Hoor die woord van die HERE!’³ So sê my Heer, die HERE: “Wee die dwase profete wat hulle eie gees volg, maar niks gesienⁿ het nie.⁴ Soos jakkalse tussen puinhoop het jou profete geword, Israel.⁵ *Hulle het nie opgeklim na die bresse en 'n klipmuur gepak ter verdediging van die huis van Israel, sodat hy staande kan bly in die stryd op die dag van die HERE nie.⁶ *Hulle visioene is vals, 'n leuenagtige voorspelling, hulle wat telkens sê, ‘Dit is die uitspraak van die HERE.’ Die HERE het hulle egter nie gestuur nie. En dan wag hulle nog dat die woord vervul sal word!⁷ Het julle nie valse visioene gesien en 'n leuenagtige godspraak gelewer toe julle gesê het, ‘Dit is die uitspraak van die HERE,’ terwyl Ek nie iets aangekondig het nie?”⁸ Daarom, so sê my Heer, die HERE: “Omdat julle valse uitsprake maak en bedrieglike visioene sien, daarom is dit nou Ek teen julle.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

⁹“ ‘ “My hand sal gekeer wees teen die profete wat valse visioene sien en leuenagtige voorspellings maak. In die binnekring van my volk sal hulle nie wees nie, in die boek van die huis van Israel sal hulle nie opgeskryf word nie,* en op die grond van Israel sal hulle nie kom nie. Julle sal besef dat Ek, die Heer, die HERE, is,¹⁰ *** omdat, ja, omdat hulle my volk mislei het deur te sê, ‘Vrede!’ toe daar geen vrede was nie. Wanneer iemand 'n klipmuur pak, kyk, dan pleister hulle dit met kalk.*¹¹ Sê vir hulle wat met

ⁿ**13:3 niks gesien:** Dit verwys na 'n visioen of openbaring.

***13:5** Ps 106:23; Eseg 22:30

***13:6** Eseg 12:24; Am 5:18

***13:9 In ... word nie:** Vgl Esra 2:59,62; Neh 7:5; Ps 69:29

***13:10-15** Hand 23:3

***13:10-12** Matt 7:27

***13:10** Jer 6:14; Miga 3:5; 1 Thess 5:3

***13:10,14 pleister ... kalk:** Eseg 22:28

kalk pleister, ‘Die muur gaan val!’ 'n Geweldige stortreën kom, Ek sal groot haelstene gee, hulle sal val.^o 'n Stormwind sal losbreek — ¹² en kyk, die muur het geval! Daar sal sekerlik vir julle gevra word, ‘Waar is die klei waarmee julle gepleister het?’ ” ¹³ Daarom, so sê my Heer, die HERE, “Ek laat 'n stormwind losbreek in my woede; in my toorn sal stortreën val, ook groot haelstene met vernietigende venyn. ¹⁴ Ek sal die muur wat julle met kalk gepleister het, afbreek en dit op die grond neergooi, sodat sy fondament ontbloot word. Dit^p sal val en julle sal daarin omkom. Julle sal besef dat Ek die HERE is. ¹⁵ Ek sal my woede laat uitwoed op die muur en op hulle wat dit met kalk pleister. Dan sal Ek vir julle sê, ‘Die muur is nie meer daar nie, en ook nie hulle wat dit pleister nie — ¹⁶ daardie profete van Israel wat vir Jerusalem profeteer en vir haar visioene van vrede sien, terwyl daar geen vrede is nie.’ ” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

¹⁷ “En jy, mensekind, rig jou tot die dogters van jou volk wat uit hulle eie harte profeteer.^q Profeteer teen hulle ¹⁸ en sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Ellende wag vir hulle wat towerbande maak vir almal se polse,^r en hoofbedekkings^s maak vir koppe van alle groottes, om so op lewens^t jag te

^o**13:11 Ek ... val:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “julle, groot haelstene, moet val”.

^p**13:14 Dit:** Dit verwys na die stad.

^q**13:17 profeteer:** Die vorm van die Hebreeuse woord wat hier gebruik word, is dieselfde as wat in 1 Sam 18:10 gebruik word vir die waansinnige optrede van Saul, en in 1 Sam 10:5-6 vir die geestesvervoering waarin profete soms was. Dit geld hierdie woord en nie die volgende “profeteer” nie.

^r**13:18 almal se polse:** Verskeie Hebreeuse mss, die •Peshitta en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “al my polse”.

^s**13:18 towerbande ... hoofbedekkings:** Die bedoeling van hierdie items van weefstof was waarskynlik om daarmee gevaar en bose magte af te weer.

^t**13:18 lewens:** Kan ook vertaal word “persone”.

maak. Sal julle op die lewens van my volk jag maak, maar julle eie lewens behou? ¹⁹ *Julle het my heiligheid aangetas by my volk, vir 'n paar handevol gars en 'n paar stukkies brood, deur lewens te vernietig van mense wat nie moes sterf nie, en lewens te behou van mense wat nie moes bly leef nie, toe julle vir my volk wat na leuens luister, gelieg het.”

²⁰ Daarom, so sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek is teen julle towerbande waarmee julle daar in Jerusalem^u op lewens jag maak asof hulle voëls is. Ek sal dit van julle voorarms afskeur. Ek sal die lewens wat julle vang asof hulle voëls is, vrylaat. ²¹ Ek sal julle hoofbedekkings afskeur en my volk red uit julle hand. Hulle sal nie meer as 'n vangs in julle hand wees nie. Julle sal besef dat Ek die HERE is. ²² Omdat julle deur leuens die harte van regverdiges laat ineenkrimp, terwyl Ek hulle nie pyn wil aandoen nie, en omdat julle die hande van goddeloses sterk, sodat hulle hulle nie bekeer van hulle bose optrede en gevolglik bly leef nie — ²³ * daarom: Valse visioene sal julle nie sien nie, en voorspellings sal julle nie meer maak nie. Ek sal my volk uit julle hand red. Julle sal besef dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

14

Oordeel oor afgodsdienste

¹ **Manne uit die oudstes^v van Israel^w het by my aangekom en voor my

*13:19 Spr 28:21; vgl 1 Sam 9:7

^u13:20 in Jerusalem: Hierdie woorde kom nie in die brontekste voor nie, maar word veronderstel.

*13:23 Miga 3:5-6

*14:1-5 Eseg 20:1-4

*14:1 Eseg 8:1; 33:31

^v14:1 oudstes: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

^w14:1 Israel: In *Kronieke*, *Nehemia*, *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

gaan sit. ² Die woord van die HERE het tot my gekom: ³ “*Mensekind, hierdie manne het aan afgodsbeelde 'n plek gegee in hulle harte. Hulle sien nie af van die struikelblok wat hulle sondeskuld meebring nie. Moet Ek My enigsins deur hulle laat raadpleeg? ⁴ Daarom, spreek hulle aan, sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Enige persoon uit die huis van Israel wat aan sy afgodsbeelde 'n plek gee in sy hart en nie afsien van die struikelblok wat sy sonde meebring nie, en dan na 'n profeet toe kom — Ek, die HERE, voel Ek moet hom antwoord in ooreenstemming met die omvang van sy afgodery,^x ⁵ sodat dit die huis van Israel aan die hart sal gryp, hulle wat almal van My vervreemd geraak het oor hulle afgodsbeelde.” ’

⁶ “Daarom, sê vir die huis van Israel, ‘So sê my Heer, die HERE: “Bekeer julle! Julle moet wegdraai van julle afgodsbeelde, en van al julle afstootlike dade moet julle afsien. ⁷ Wanneer enigiemand uit die huis van Israel of uit die vreemdelinge^y wat tydelik in Israel woon, van My vervreemd raak en sy afgodsbeelde 'n plek gee in sy hart, en nie afsien van die struikelblok wat sy sonde meebring nie, en dan na 'n profeet toe kom om by My vir hom antwoorde te soek, sal Ek, die HERE, voel Ek moet hom antwoord. ⁸ Ek sal teen daardie man draai en van hom 'n voorbeeld, 'n rede vir spreuke, maak;^z Ek sal hom uit die midde van my volk verwyder. Julle sal besef dat Ek die HERE is.

⁹ “ “*En wat die profeet betref — as hy verlei word en 'n uitspraak

*14:3 Eseg 7:19; 20:31

^x14:4 voel ... afgodery: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

^y14:7 vreemdelinge: Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israeliete gekry het, het beskerming geniet.

^z14:8 maak: Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “laat maak”.

*14:9 1 Kon 22:20-23

maak, is dit Ek, die HERE, wat daardie profeet verlei het. Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel.

¹⁰ Hulle sal hulle sondeskuld moet dra. Die straf vir die sondeskuld van die profeet sal dieselfde wees as die straf van die een wat raadpleeg,

¹¹ sodat die huis van Israel nie weer van My sal afdwaal nie, en hulleself nie weer verontreinig met al hulle oortredings nie. Dan sal hulle vir My 'n volk wees en Ek sal vir hulle 'n God wees.*” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

Jerusalem se lot

¹² Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹³ “*Mensekind, as 'n land teen My sou sondig deur troubreuk te pleeg, en Ek dan my hand daarteen uitstrek, sy broodstok^a breek, hongersnood daarin loslaat, en mens en dier daarin uitroei, ¹⁴ selfs as hierdie drie manne,* Noag,* Danel^b en Job* in die land was, sou hulle deur hulle geregtigheid net hulle eie lewens red.*” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.

¹⁵ “Sê nou Ek laat roofdiere 'n land oorneem en hulle maak dit kinderloos, sodat dit verlate lê en niemand daardeur reis nie, weens die roofdiere, ¹⁶ en daardie drie manne is in die land, so seker as Ek leef,” is

*14:11 Dan ... wees: Lev 26:12; Eseg 11:20; 37:23

*14:13 Lev 26:26; Jes 3:1; Eseg 4:16

^a14:13 broodstok: Dit beteken die kosvoorraad word vernietig. Ringvormige broodjies is aan stokke gehang om dit te stoor.

*14:14 hierdie ... manne: Eseg 14:18

*14:14 Noag: Gen 6:9

^b14:14 Danel: Die ongevokaliseerde bronteks lui *dnl*. Die •Masorete het vokale bygevoeg sodat dit lui “Daniël”. Daar is egter uit buite-Bybelse bronne 'n man met die naam Danel bekend, 'n besonder wyse persoon. Die Bybelse figuur Daniël sou nog 'n seun gewees het in Esegïel se tyd.

*14:14 Job: Job 1:1

*14:14 selfs ... red: Gen 18:22-23

die uitspraak van my Heer, die HERE, “sal hulle nóg die seuns, nóg die dogters red. Hulle alleen sal gered word, en die land sal verlate lê.

¹⁷ “*Of as Ek 'n swaard oor daardie land bring en sê, ‘n Swaard moet die land deurkruis,’ en Ek mens en dier daarin uitroei, ¹⁸ en hierdie drie manne is in die land, so seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “sal hulle nie seuns of dogters red nie; nee, hulle alleen sal gered word.

¹⁹ “Of as Ek pessiekte in daardie land stuur, of Ek stort my woede oor die land uit deur bloedvergieting om mens en dier daar uit te roei, ²⁰ en Noag, Danel en Job is in die land, so seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “sal hulle nóg 'n seun, nóg 'n dogter red. Selfs hulle sal deur hulle geregtigheid net hulle eie lewens red.”

²¹ Ja, so sê my Heer, die HERE: “Hoeveel te meer as Ek my vier verskriklike oordele — die swaard, hongersnood, roofdiere en pessiekte — oor Jerusalem losgelaat het om mens en dier daar uit te roei! ²² Maar kyk, daar sal oorlewendes in haar oorbly wat daar uitgebring word, seuns en dogters. Ja, hulle sal na julle uitkom, en julle sal hulle optrede en dade sien. Dan sal julle berusting vind oor die onheil wat Ek oor Jerusalem gebring het, oor alles wat Ek oor haar laat kom het. ²³ Hulle sal julle laat berus wanneer julle hulle optrede en dade sien, en julle sal besef dat Ek nie sonder rede alles wat Ek in haar gedoen het, gedoen het nie.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.

15

Jerusalem as nuttelose hout

¹ *Die woord van die HERE het tot my gekom:

² “Mensekind, wat gebeur

*14:17,21 Lev 26:25; Jer 15:3; Eseg 5:17; Op 6:8

*15:1-8 Eseg 19:10-14

met die hout
van die wingerdstok anders
as wat met al die ander hout
gebeur,
met die takke wat aan die bome
van die bos was?

³ Word van die wingerdstok

hout geneem
om iets bruikbaar daarvan
te maak?

Of neem mense 'n stuk daarvan
as 'n pen om enigiets aan
op te hang?

⁴ Kyk, dit is vir die vuur bestem,
as brandhout.

As die vuur sy twee punte
verteer het
en sy middelstuk is verkool,
sal dit deug vir iets bruikbaar?

⁵ Kyk, toe dit ongeskonde was,
kon daarvan nie iets bruikbaar
gemaak word nie.

Veel minder kan daar,
nadat 'n vuur dit verteer het
en dit verkool is,
iets bruikbaar van
gemaak word.”

⁶ “Daarom, so sê my Heer, die HERE, ‘Soos die hout van die

wingerdstok hoort by die hout van die bos wat Ek vir die vuur as brandhout gegee het, net so het Ek die inwoners van Jerusalem oorgegee.* ⁷ Ek draai teen hulle. Uit die vuur het hulle gekom,^c maar die vuur sal hulle verteer. Julle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek teen hulle draai. ⁸ Ek sal die land 'n woesteny maak, omdat hulle troubreuk gepleeg het.' Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.”

16

Jerusalem as ontroue vrou

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, maak aan Jerusalem haar afstootlike daade bekend ³ en sê, ‘So sê my Heer, die HERE, vir Jerusalem: “Jou oorspronge, jou afkoms lê in die land van die Kanaäniete. Jou pa was 'n Amoriet, jou ma 'n Hetiet.* ⁴ “Wat jou geboorte betref: Die dag toe jy gebore is, is jou naelstring nie afgesny nie; met water is jy nie gewas om jou skoon te maak nie; met sout is jy nie ingevryf nie, en jy is glad nie toegedraai nie. ⁵ Niemand het 'n traan oor jou gestort en uit deernis met jou enigiets hiervan vir jou gedoen nie. Jy is met minagting vir jou lewe weggegooi in die veld die dag toe jy gebore is.

⁶ “ ‘ “Ek het by jou verbygegaan, jou sien spartel in jou bloed. Ek het vir jou, waar jy in jou bloed lê, gesê, ‘Bly leef!’ Ja, Ek het vir jou, waar jy in jou bloed lê, gesê, ‘Bly leef^d ⁷ en groei!’^e Soos plante in die veld het

*15:6 Soos ... oorgegee: Ps 80:9,16-17

^c15:7 Uit ... gekom: Dit verwys na die eerste beleëring van Jerusalem deur die magte van Nebukadnesar in 597 vC; vgl 2 Kon 24:10-16.

*16:3 Jou oorspronge ... Hetiet: Gen 10:6,15-17; 14:13; Eseg 16:45

*16:4 Vgl Hos 2:3

^d16:6 Ja, Ek ... leef: Sommige Hebreuse mss, die •Septuagint en •Peshitta herhaal nie die sin nie.

^e16:7 en groei: Die Septuagint en Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “ontelbaar”.

Ek jou gemaak. Jy het gegroei, grootgeword, die mooiste juweel^f geword. Jou twee borste het ferm geword, jy het skaamhare gekry. Maar jy was ontbloot en nakend.

⁸ “ ‘ * “Ek het weer by jou verbygegaan, jou gesien, en kyk, dit was jou tyd vir die liefdespel! Ek het die soom van my kleed oor jou gesprei,^{*} jou naaktheid bedek. Ek het vir jou 'n eed afgelê, My in 'n verbond met jou begewe,^{*}” is die uitspraak van my Heer, die HERE: “en jy het Myne geword.^{*}

⁹ “ ‘ “Ek het jou met water gewas, jou bloed afgespoel en jou met olyfolie ingevryf. ¹⁰ * “Ek het jou geklee in kleurryk geweefde klere, vir jou sandale aangetrek van sagte leer,[§] jou in linne gedrapeer en jou met sy bedek. ¹¹ Ek het jou met juwele versier, armbande om jou polse gesit, 'n halssnoer om jou nek. ¹² Ek het 'n ring in jou neus gesit, ooringe aan jou ore en 'n sierlike diadeem^h op jou kop.

¹³ “ ‘ “Jy het jouself versier met goud en silwer; jou klere was van linne, van sy en kleurryk geweefde materiaal. Gesifte meel,ⁱ heuning en olyfolie het jy geëet.^{*} Jy het buitengewoon mooi geword. Jy sou deug as

^f**16:7 mooiste juweel:** Letterlik ‘die juweel van juwele’. Sommige moderne vertalings wysig die bronteks en vertaal “jy het volwassenheid bereik”.

* **16:8 Hos 2:8**

* **16:8 Ek het die ... gesprei:** Vgl Rut 3:9

* **16:8 My ... begewe:** Gen 5:19

* **16:8 jy ... geword:** Eks 19:5

* **16:10-12** Vgl Gen 24:22,30,47; 41:42

[§]**16:10 sagte leer:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebraeuse woord. Word ook vertaal “robbevelle”.

^h**16:12 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband.

ⁱ**16:13 Gesifte meel:** Dit verwys na meel van hoë gehalte.

* **16:13 heuning ... geëet:** Deut 32:13

'n koningin. ¹⁴* Jy het onder die nasies roem verwerf met jou skoonheid; want dit was volmaak, danksy die versierings wat Ek aan jou gevang het.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE. ’

¹⁵ “ ‘ “*Maar toe het jy op jou skoonheid staatgemaak en het jy gehoereer, omdat jy beroemd was. Jy het jou hoerery uitgestort op elke verbyganger; aan hom het jou skoonheid behoort. ¹⁶ Jy het van jou klere gevat, vir jou veelkleurige kussings^j gemaak en daarop gehoereer. Dit was nie daarvoor bedoel nie,^k en dit moes nie gebeur nie. ¹⁷* Jy het van jou versiersels gevat, van die goud en silwer wat Ek vir jou gegee het. Jy het vir jou afgodsbeelde van mans gemaak en so jou hoerery voortgesit. ¹⁸ Jy het jou kleurryk geweeftde klere gevat, die beelde^l daarmee bedek, en my olyfolie en reukwerk voor hulle neergesit. ¹⁹* Die voedsel wat Ek vir jou gegee het — ja, gesifte meel, olyfolie en heuning het Ek jou laat eet — jy het dit voor hulle neergesit as 'n geurige offer. Dit is wat gebeur het!” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE. ’

²⁰ “ ‘ “*Toe het jy jou seuns en dogters gevat, dié wat jy vir My in die wêreld gebring het, en jy het hulle aan die beelde geoffer as voedsel. Was jou owerspel nie genoeg nie, ²¹ dat jy my kinders moes slag, hulle

***16:14** Klaagl 2:15

***16:15** Deut 31:16; Jes 1:21; 57:8; Jer 2:20; Eseg 23:3,8; Hos 1:2

^j**16:16 kussings:** Die Hebraëuse woord is meerduidelik. Dit kan ook vertaal word “offerhoogtes”.

^k**16:16 Dit ... bedoel nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die Septuagint lui “en jy mag nie ingaan nie”.

***16:17** Eks 32:2-4

^l**16:18 die beelde:** Die bronteks lui “hulle”; so ook in Eseg 16:20 en 21.

***16:19** Hos 2:8

***16:20-21** 2 Kon 16:3; Jer 7:31; Eseg 20:26; 23:37,39

moes oorlewer deur hulle aan die beelde toe te wy?^{m 22} *By al jou afstootlike dae en owerspel het jy nie jou kindertyd onthou toe jy ontbloot en nakend, spartelend in jou bloed was nie.

²³ “ ‘ “En toe, ná al jou boosheid — wee jou, ja, wee jou!” is die uitspraak van my Heer, die HERE — ²⁴ “*het jy vir jou plekke vir hoereryⁿ gebou. Jy het vir jou offerhoogtes^o ingerig op elke oop plek. ²⁵ By elke kruispad het jy jou offerhoogtes gebou, en sodoende jou skoonheid iets afstootliks gemaak. Jy het jou bene oopgesprei vir elke verbyganger en jou dae van owerspel vermeerder. ²⁶ *Jy het met die Egiptenare gehoereer, jou goedbedeelde bure. Jy het jou owerspel vermeerder en My uitgetart. ²⁷ Kyk, Ek het my hand teen jou uitgestrek; Ek het jou onderhoud^p ingekort. Ek het jou oorgegee aan die willekeur van hulle wat jou haat, aan die Filistynse vroue wat hulle skaam vir jou skandelige gedrag.* ²⁸ *Jy het gehoereer met die Assiriërs, sonder dat jy bevredig is. Ja, jy het met hulle gehoereer, en nog erger, jy is nie bevredig nie. ²⁹ *Jy het jou owerspel vermeerder in die land van die

^m**16:21 aan ... wy:** Letterlik ‘vir hulle te laat oorgaan’. Dit verwys na kinderooffers aan die afgode; vgl Lev 18:21; 2 Kon 23:10.

***16:22** Eseg 16:6

***16:24** Deut 12:2; Jes 57:7; Jer 2:20

ⁿ**16:24 plekke vir hoerery:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Die vroeë vertalings lui “n bordeel”.

^o**16:24 offerhoogtes:** 'n Heiligdom op 'n hoogte waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

***16:26** Eseg 20:7-8; 23:19-21

^p**16:27 jou onderhoud:** Letterlik ‘jou vaste deel’. Versorging met voedsel was een van die vrou se huweliksregte; vgl Eks 21:10.

***16:27 Ek het jou oorgegee ... gedrag:** Vgl 2 Kron 28:18

***16:28** 2 Kon 16:7-18; 2 Kron 28:16-21; 33:1-11; Eseg 23:12

***16:29** Eseg 23:14-16

handelaars, die Galdeërs,^q maar selfs daardeur is jy nie bevredig nie.

³⁰ “ ‘ “Hoe vurig is jou hartstog,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “wanneer jy al hierdie dinge doen — die werk van 'n brutale hoervrou!

³¹ “ ‘ “Met die bou van jou plekke vir hoerery by elke kruispad, met jou offerhoogtes wat jy ingerig het op elke oop plek, was jy nie soos 'n gewone prostituut nie — jy het fooie versmaai! ³² Jou egbreekster! In plaas van haar man, ontvang sy vreemdes! ³³ * Aan alle prostitute word vergoeding betaal, maar jy het jou prys aan al jou minnaars betaal; jy het hulle omgekoop om na jou te kom, van oraloor, vir jou daade van owerspel. ³⁴ By jou is dit andersom as by ander vroue wanneer dit by jou daade van owerspel kom: Jy word nie genader vir omgang nie, en terwyl jy 'n fooi betaal, word 'n fooi nie aan jou betaal nie. Met jou is dit net andersom.”

³⁵ “ ‘Daarom, jou hoer, hoor die woord van die HERE! ³⁶ So sê my Heer, die HERE: “Omdat jou koper so vermors is,^r jou naaktheid ontbloot^s is deur jou daade van owerspel by jou minnaars — ja, oor al jou afstootlike afgodsbeelde en oor die bloed van jou kinders wat jy aan hulle oorgelewer het* — ³⁷ * daarom, kyk, Ek gaan al jou minnaars byeenbring, hulle aan wie jy genot verskaf het, elkeen vir wie jy lief was, sowel as elkeen wat jy gehaat het. Ek bring hulle teen jou byeen, van oraloor. Ek

^q**16:29 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***16:33** Hos 8:9

^r**16:36 Omdat ... vermors is:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Op grond van die parallelle gebruik van “koper” en “naaktheid”, word dit vertaal “omdat jou vog vergiet is” of “omdat jy nat van begeerte is”. Die Septuagint en •Vulgaat lui “omdat jy jou kopergeld uitgestort het”.

^s**16:36 naaktheid ontbloot:** 'n Eufemistiese verwysing na geslagsgemeenskap.

***16:36 Omdat ... oorgelewer het:** Op 17:5-6

***16:37** Hos 2:12; Op 17:16

gaan jou kaal uittrek^t voor hulle. Hulle sal jou in al jou naaktheid sien.
³⁸ *Ek gaan aan jou die vonnisse voltrek van vroue wat egbreuk pleeg en bloed vergiet. Ek sal jou onderwerp aan die bloedwraak van woede en heilige jaloesie. ³⁹ *Ek gaan jou in hulle hand oorgee. Hulle sal jou plekke van hoerery opbreek en jou offerhoogtes afbreek. Hulle sal jou klere uittrek en jou versierings vat. * Hulle sal jou ontbloot en nakend agterlaat. ⁴⁰ *Hulle sal 'n horde teen jou laat optrek, en dié sal jou met klippe doodgooi, jou opkap met hulle swaarde. ⁴¹ *Hulle sal jou huise afbrand en oordele aan jou voltrek ten aanskoue van baie vroue. Ek sal 'n einde maak aan jou hoerery; ook fooie sal jy nie meer kan betaal nie. ⁴² So sal Ek my woede teen jou tot bedaring bring, en dan sal my heilige jaloesie van jou afgewend word. Ek sal kalm word en nie meer woedend wees nie.

⁴³ “ ‘ “Omdat jy nie gedink het aan jou kindertyd nie en My ontstel het met al hierdie dinge, tree Ek op my beurt op: Kyk, op jou kop laat Ek jou dade neerkom,” is die uitspraak van my Heer, die HERE. “Het jy dan nie die skandelige dade gepleeg bo en behalwe al jou afstootlike optrede nie?

⁴⁴ “ ‘ “Kyk, elkeen wat oor jou 'n spreekwoord wil maak, sal sê, ‘Soos die ma is, so is die dogter.’ ⁴⁵ *Jy is jou ma se dogter, sy wat 'n afkeer gehad het van haar man en haar kinders. Jy is jou susters^u se suster,

^t**16:37 kaal uittrek:** Dit was deel van die straf vir 'n vrou se ontrou in die huwelik. Daarna is sy gewoonlik gestenig; vgl Eseg 16:40.

***16:38** Lev 20:10; Deut 22:22

***16:39** Eseg 16:24-25

***16:39 Hulle sal jou klere ... vat:** Eseg 23:26

***16:40** Vgl Joh 8:5,7

***16:41** 2 Kon 25:9; Jer 39:8; 52:13

***16:45** Eseg 16:3

^u**16:45 susters:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “suster”.

hulle wat 'n afkeer gehad het van hulle mans en kinders. Julle ma was 'n Hetiet en julle pa 'n Amoriet. ⁴⁶ Jou ouer suster is Samaria,^v dit is sy en haar dogters^w wat noord van jou woon. Jou suster jonger as jy, sy wat suid van jou woon, is Sodom met haar dogters. ⁴⁷ Maar jy het nie net in hulle spore gevolg en hulle afstootlike dae nagedoen nie — binne 'n kort rukkie het jy in alles wat jy doen, jou meer wangedra as hulle. ⁴⁸ So seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “jou suster Sodom, sy en haar dogters, het beslis nie gedoen wat jy en jou dogters gedoen het nie. ⁴⁹ Kyk, dít was die sondeskuld van jou suster Sodom — hoogmoed, 'n oormaat kos en sorgelose rustigheid was haar en haar dogters se deel, maar hulle het die hand van magteloses en behoeftiges nie versterk nie. ⁵⁰ Hulle was hovaardig en het afstootlike dinge in my teenwoordigheid gedoen. Ek het hulle verwyder toe Ek dit sien.* ⁵¹ *Samaria, sy het nie die helfte van jou sondes gepleeg nie. Jy het baie meer afstootlike dinge gedoen as hulle. Jy het jou suster regverdig laat lyk met al die afstootlike dae wat jy aangerig het. ⁵² Dra jy dan ook jou vernedering, want jy het met jou sondes aan jou susters regverdiging verskaf vir hulle dae. Omdat jy meer afstootlik opgetree het as hulle, lyk hulle regverdiger as jy. Skaam jou dan ook en dra jou vernedering, omdat jy jou susters regverdig laat lyk het.

⁵³ “ “Ek gaan egter hulle lot verander, die lot van Sodom en haar

^v**16:46 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

^w**16:46 haar dogters:** Dit verwys na die omliggende dorpies. Dieselfde geld vir “dogters” in Eseg 16:46-55.

***16:46-50 Jou suster jonger ... sien:** Gen 3:10,13; 18:20-26; 19:23-25

***16:51** Jer 3:11

dogters, en die lot van Samaria en haar dogters. Dan sal Ek jou lot daar tussen hulle verander.^{x 54} Die doel daarvan is dat jy eers jou vernedering moet dra en jou moet skaam vir alles wat jy gedoen het waardeur jy hulle gerusgestel het.⁵⁵ Wat jou susters betref, Sodom en haar dogters sal terugkeer na wat hulle vroeër was, en Samaria en haar dogters sal terugkeer na wat hulle vroeër was; en dan sal jy en jou dogters terugkeer na wat julle vroeër was.⁵⁶ Jou suster Sodom was in die tyd van jou hoogmoed nie eens 'n berig uit jou mond werd nie,⁵⁷ in die tyd voordat jou boosheid onthul is. Tans is dit die tyd vir bespotting deur die vroue van Aram^y en almal daar rondom, ook die Filistynse vroue, hulle wat jou minag van alle kante af.⁵⁸ Jou skandelige gedrag, jou afstootlike dade, dié dra jy nou self.” ’ ’ Dit is die uitspraak van die HERE.

⁵⁹ “ “Ja, so sê my Heer, die HERE: “Ek maak met jou soos jy gemaak het: Jy het die vervloeking^z geminag, om so die verbond te verbreek.

⁶⁰ “ “Maar Ek self onthou steeds my verbond met jou in jou kindertyd, en Ek sal 'n ewige verbond met jou vestig.⁶¹ *Dan sal jy jou dade onthou, en jy sal jou skaam wanneer Ek jou susters neem, die een wat ouer is as jy en die een wat jonger is as jy, en wanneer Ek hulle aan jou gee as jou dogters,^a al is dit nie deel van die verbond met jou nie.

^x**16:53 sal Ek ... verander:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “die lot van jou lotgevalle tussen hulle”.

^y**16:57 Aram:** Verskeie Hebreeuse mss en die Peshitta lui “Edom”.

***16:59** Jes 24:5; Jer 11:10

^z**16:59 die vervloeking:** Dit verwys na die vervloeking wat by die verbondsluiting uitgespreek word oor elkeen wat nie die verbond hou nie; vgl Deut 28:1-68.

***16:60** Jer 31:31-34

***16:61,63** Rom 6:21

^a**16:61 gee ... dogters:** Dit beteken dat die noorde van die land (Samaria as ouer suster) en ook die suide van die land (Sodom as jonger suster) aan Jerusalem onderworpe sal wees.

⁶² Ek self sal my verbond met jou vestig, en jy sal besef dat Ek die HERE is, ⁶³ sodat jy kan onthou en skaam wees. Jy sal nie weer jou mond oopmaak nie vanweë jou skaamte, wanneer Ek aan jou versoening skenk vir alles wat jy gedoen het.*” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

17

Gelykenis van die arende

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, vra 'n raaisel, en vertel 'n gelykenis vir die huis van Israel.* ³ Sê, ‘So sê my Heer, die HERE:

“'n Groot arend met
groot vlerke,
lang slagpenne en vol bont vere
het na die Libanon gekom.
Hy het die top van 'n seder geneem,
⁴ die boonste van sy lote
afgepluk.

Hy het dit na 'n land
van handelaars geneem;
in 'n stad van kooplui
het hy dit neergesit.

⁵ Hy het 'n steggie uit die land^b
geneem,
dit in 'n saailand geplaas,
in 'n weiland by baie water;

*16:63 wanneer ... gedoen het: Ps 78:38; Rom 3:19; 1 Joh 4:10

*17:2 vertel ... Israel: Eseg 20:49; 24:3

^b17:5 steggie ... land: Letterlik ‘van die saad van die land’; vgl egter Eseg 17:6.

soos 'n wilgerlat het hy dit ingelê.

⁶ *Dit het uitgespruit

en 'n wingerdstok geword,

geil groeiend,

laag oor die grond,

dat sy blare na die arend

gedraai is,

en sy wortels onder die arend is.

So het dit 'n wingerdstok geword,

ranke gevorm en lote uitgestoot.

⁷ “ ‘Daar was 'n ander

groot arend,

met groot vlerke en baie vere.

En kyk, hierdie wingerdstok

buig toe sy wortels na hom,

sy blare stoot hy uit na hom,

uit die beddings waar hy

geplant was,

sodat dié arend hom sou water gee.

⁸ In 'n goeie stuk grond,

by baie water, was dit geplant,

sodat dit lootjies kon maak,

vrug kon dra,

'n edel wynstok kon word.’ ’

⁹ “Sê, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Sal dit gedy?

Sal die arend nie selfs

*17:6 Jes 5:1

sy wortels uitpluk,
sy vrugte afstroop,
sodat die wingerdstok verdor,
al sy nuwe lote verdroog nie?
'n Magtige arm en 'n groot leërmag
is nie nodig om hom
van sy wortels af uit te trek nie.

¹⁰ *Kyk, dit is verplant.

Sal dit gedy?

Sal dit nie, as 'n oostewind dit tref,
heeltemal verdroog,
in die bedding waar dit groei,
verdor nie?” ’ ’ ”

¹¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹² “*Sê tog vir die rebelse huis,^c ‘Weet julle nie wat dit beteken nie?’ Sê, ‘Kyk, die koning van Babel het na Jerusalem gekom, haar koning en hoë amptenare weggeneem en hulle na hom in Babel geneem. ¹³ Hy het een uit die koninklike familie geneem,^d met hom 'n verdrag gesluit en hom onder 'n vervloeking geplaas.^e Die ander maghebbers van die land het hy

***17:10** Jer 4:11; Eseg 19:12; Hos 13:15

***17:12-14** 2 Kon 24:10-17; 2 Kron 36:6-10

^c**17:12 rebelse huis:** Waarskynlik 'n doelbewuste naamsverandering vir “huis van Israel”; vgl Eseg 12:9.

^d**17:13 een ... geneem:** Dit verwys na Sedekia; vgl 2 Kon 24:17. Die eerste twee woorde van die vers stem in Hebreeus presies ooreen met die eerste twee woorde van Eseg 17:5.

^e**17:13 onder ... geplaas:** Letterlik ‘in 'n vervloeking laat ingaan’. Dit verwys na die vervloeking waaraan Sedekia homself onderwerp het indien hy nie die voorwaardes van die verdrag sou nakom nie.

weggeneem, ¹⁴ sodat die koninkryk laag sou bly,^f homself nie sou verhef nie en sy verdrag moes nakom, ten einde so staande te bly.

¹⁵ “*Maar die man^g het in opstand gekom teen die koning van Babel^h deur sy gesante na Egipte te stuur, sodat dié vir hom perde en 'n groot leërmag sou gee. Sal hy sukses behaal?ⁱ Sal hy wat dit gedoen het, vrykom? Sal hy die verdrag verbreek en vrykom? ¹⁶ “So seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE: “in die plek van die koning wat hom koning gemaak het, wie se vervloeking hy geminag het en wie se verdrag hy verbreek het, by hom, binne-in Babel, sal hy sterf.*
¹⁷ *Die farao sal hom nie met 'n groot leër en baie afdelings soldate bystaan in die oorlog wanneer 'n beleëringswal opgehoop en beleëringswerke opgerig word om baie lewens te vernietig nie. ¹⁸ Hy het 'n vervloeking geminag deur 'n verdrag te verbreek. Kyk, hy het sy hand gegee,^j en tog al hierdie dinge gedoen. Hy sal nie vrykom nie.”
¹⁹ Daarom, so sê my Heer, die HERE: “So waar as Ek leef, dit is 'n vervloeking deur My wat hy geminag het, en my verdrag wat hy verbreek het. Ek sal dit op sy kop laat neerkom. ²⁰ *Ek sal my vangnet

^f**17:14 laag sou bly:** Die wingerdstok sou ook laag op die grond wees; vgl Eseg 17:6.

***17:15** 2 Kon 24:20; 2 Kron 36:13; Jer 52:3

^g**17:15 die man:** Die •bronteks lui “hy”.

^h**17:15 teen ... Babel:** Die bronteks lui “teen hom”.

ⁱ**17:15 sukses behaal:** In Hebreeus is dit dieselfde woord as dié wat in Eseg 17:9-10 vertaal is as “gedy”.

***17:16 in ... sterf:** 2 Kon 25:6-7

***17:17** Jer 37:5-7

^j**17:18 hand gegee:** Daarmee is 'n belofte wat gemaak is, bekragtig.

***17:20** Eseg 12:13; 32:3; Hos 7:12

oor hom uitsprei; hy sal gevang word in my jagnet. Ek sal hom na Babel neem en hom daar voor die gereg daag oor sy troubreuk wat hy teen My gepleeg het.* ²¹ *Sy hele keurkorps^k onder al sy troepe — deur die swaard sal hulle val. Dié wat oorbly, sal in alle windrigtings versprei word. Dan sal julle besef dat Ek, die HERE, gepraat het.”

²² “ *So sê my Heer, die HERE: “Ek sal self die boonste top van 'n seder neem en dit inlê. Van die bopunt van sy lote sal Ek 'n sagte deel afpluk, en Ek sal dit self plant op 'n hoë en verhewe berg. ²³ *Op die hoë berg van Israel^l sal Ek dit plant, en dit sal lote maak en vrug dra. Dit sal 'n luisterryke seder word, en al die voëls, al die gevleueldes, sal onder hom tuis wees. In die skadu van sy blare sal hulle 'n tuiste vind. ²⁴ *Dan sal al die bome in die veld besef dat Ek, die HERE, die hoë boom laag maak, en die lae boom hoog. Ek laat groen bome verdroog en Ek laat droë bome bloei. Ek, die HERE, het gepraat, en Ek sal dit doen.” ’ ’ ”

18

Spreekwoord oor groen druiwe

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “*Wat is dit met julle dat julle hierdie spreekwoord gebruik oor die land Israel,

‘Die ouers het groen druiwe
geëet,

*17:20 Ek sal hom ... gepleeg het: Eseg 20:35-36

*17:21 Lev 26:33; Eseg 5:2,12; 12:14

^k17:21 Sy ... keurkorps: Verskeie Hebreeuse mss en vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “al sy vlugteling”.

*17:22 Ps 2:6

*17:23 Eseg 20:40; 31:6; Matt 13:32; Mark 4:32; Luk 13:19

^l17:23 die ... Israel: Dit is die Sionsberg; vgl Eseg 20:40.

*17:24 Vgl Ps 113:7-9; Luk 1:51-53; 23:31

*18:2 Jer 31:29-30

en die kinders se tande
het stomp geword’?

³ “So seker as Ek leef,” is die uitspraak van die Heer, die HERE, “dit sal nie meer by julle opkom om hierdie spreekwoord in Israel te gebruik nie. ⁴ *Kyk, alle lewens — aan My behoort dit. Soos die lewe van die seun, so ook die lewe van die pa — aan My behoort dit. Die persoon wat sonde doen, dié moet sterf.

⁵ * “Wanneer iemand regverdig is,
doen wat reg en billik is,
⁶ op die berge nie eet^m nie,
sy oë nie rig op die afgodsbeelde
van die huis van Israel nie,
die vrou van sy medemens
nie verontreinig nie,*
by 'n vrou wat menstrueer,
nie kom nie,*
⁷ *niemand verdruk nie,
die pand wat hy vir skuld neem,
teruggee,
niemand beroof nie,
sy brood aan honger mense gee,
wie nakend is, met 'n kleed bedek,

*18:4 Deut 24:16; Eseg 18:20

*18:5-9 Ps 15:2-5

^m18:6 op ... eet: Dit verwys na maaltye ter ere van die vrugbaarheidsgode by die offerhoogtes.

*18:6 op die berge ... verontreinig nie: Deut 12:2; Eseg 6:13; 22:9

*18:6 by ... kom nie: Lev 18:19

*18:7 Eks 22:21,26; Lev 19:13; 25:14; Matt 25:35-36

⁸* nie teen rente uitleen nie,
nie woekerrenteⁿ neem nie,
van onreg hom weerhou,
eerlik oordeel tussen mense,
⁹* volgens my vaste voorskrifte leef,
my bepalinge nakom deur eerlik
op te tree —
hy is regverdig
en sal beslis leef.”
Dit is die uitspraak
van die Heer, die HERE.

¹⁰ “As iemand egter 'n gewelddadige seun verwek wat bloed vergiet, en helaas enige van hierdie dinge doen ¹¹ — dit terwyl die pa niks daarvan gedoen het nie — as hy wel
op die berge eet,
die vrou van sy medemens
verontreinig,
¹²* magteloses en behoeftiges
verdruk,
mense beroof,

***18:8** Lev 25:35-37; Deut 1:16; Eseg 22:12; Sag 8:16

ⁿ**18:8** **rente ... woekerrente:** Daar is onsekerheid oor die verskil tussen “rente” en “woekerrente”. By “rente” (letterlik ‘afknyp’) het dit waarskynlik beteken dat, as 'n bedrag van 60 •sikkel geleen is, die lener byvoorbeeld slegs 40 sikkel ontvang het. By “woekerrente” (letterlik ‘vermeerdering’) het dit waarskynlik beteken dat, as 'n bedrag van 40 sikkel geleen is, die lener byvoorbeeld 60 sikkel sou moes terugbetaal.

***18:9** Eseg 20:11; Am 5:4

***18:12** Eseg 22:29

'n pand nie teruggee nie,
na die afgodsbeelde opkyk

vir hulp,^o

afstootlike dinge doen,

¹³ op rente uitleen

en woekerrente neem,

“sal hy bly leef? Hy mag nie bly leef nie. Al hierdie afstootlike dinge het hy gedoen, hy moet beslis sterf. Sy bloedskuld^p rus op hom.^q

¹⁴ “Maar kyk, as hý 'n seun verwek, en dié het al die sondes van sy pa gesien, dit wat hy gedoen het — ja, hy het dit gesien, maar hy doen nie dieselfde dinge nie — sodat hy

¹⁵ op die berge nie eet nie,

na die afgodsbeelde

van die huis van Israel

nie opkyk vir hulp nie,

die vrou van sy medemens

nie verontreinig nie,

¹⁶ niemand verdruk nie,

'n pand nie neem nie,

niemand beroof nie,

sy brood aan honger mense gee,

wie nakend is, met 'n kleed bedek,

^o**18:12 opkyk vir hulp:** Die woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p**18:13 bloedskuld:** Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

^q**18:13 Sy ... hom:** Dit beteken dat sy dood nie gewreek mag word nie.

¹⁷ van onreg^r hom weerhou,
rente en woekerrente nie neem nie,
my bepalings uitvoer,
en volgens my vaste voorskrifte
leef,
hý sal nie sterf vir die sondeskuld
van sy pa nie —
hy sal beslis leef.

¹⁸ “Wat sy pa betref, omdat hy afgepers het, 'n stamgenoot beroof het, en wat nie goed is nie, gedoen het tussen sy volksgenote, kyk, hy sal sterf vir sy sondeskuld.

¹⁹ “*Maar julle vra, ‘Waarom dra die seun nie die sondeskuld van die pa nie?’ Die seun het egter gedoen wat reg en billik is; al my vaste voorskrifte het hy nagekom en uitgevoer. Hy sal beslis leef. ²⁰ *Maar die persoon wat sonde doen, hy sal sterf. 'n Seun sal nie die sondeskuld van 'n pa dra nie, en 'n pa sal nie die sondeskuld van 'n seun dra nie. Die geregtigheid van die regverdige sal op homself van toepassing wees, en die goddeloosheid van 'n goddelose sal op homself van toepassing wees.

²¹ “*Maar die goddelose, as hy hom bekeer van al sy sonde wat hy gedoen het, en hy kom al my vaste voorskrifte na en doen wat reg en billik is — hy sal beslis leef; hy sal nie sterf nie. ²² Al die oortredings wat hy begaan het — dit sal nie teen hom gehou word^s nie. Deur die

^r**18:17 van onreg:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “van magteloses”.

***18:19** Eks 20:5

***18:20** Deut 24:16; Jes 3:10-11; Eseg 18:4; vgl Joh 9:2

***18:21-23** Eseg 33:11-13,16,19; Wys 1:13; 11:26; Luk 15:7,10,32; Joh 8:11; Rom 2:6; 11:32; 2 Pet 3:9

^s**18:22 teen ... word:** Letterlik ‘vir hom onthou word’.

geregtigheid wat hy bewys het, sal hy leef. ²³ *Sou Ek enige vreugde vind in die dood van 'n goddelose mens?” is die uitspraak van my Heer, die HERE. “Is vreugde nie eerder daarin geleë dat hy van sy verkeerde paaie terugkeer en leef nie?

²⁴ “*Maar wanneer 'n regverdige van sy geregtigheid afwyk en onreg doen in navolging van al die afstootlike dade wat die goddelose gedoen het — sal hy dit doen en leef? Al die geregtigheid wat hy bewys het, sal nie onthou word nie. Deur die troubreuk wat hy pleeg en die sonde wat hy doen, daardeur sal hy sterf.

²⁵ “*Julle sê egter, ‘Die optrede van my Heer is onaanvaarbaar.’ Luister tog, huis van Israel: Is my optrede onaanvaarbaar? Is dit nie julle optrede wat onaanvaarbaar is nie? ²⁶ Wanneer 'n regverdige van sy geregtigheid afwyk en onreg doen, sal hy daarvoor sterf. Deur die onreg wat hy doen, sal hy sterf. ²⁷ En wanneer 'n goddelose hom bekeer van die goddeloosheid wat hy begaan het, en hy tree reg en billik op — hy sal sy lewe behou. ²⁸ As hy tot insig gekom het en hom bekeer van al die oortredings wat hy begaan het, sal hy beslis leef — hy sal nie sterf nie. ²⁹ Tog sê die huis van Israel, ‘Die optrede van my Heer is onaanvaarbaar.’ My optrede, is dit onaanvaarbaar, huis van Israel? Is dit nie julle optrede wat onaanvaarbaar is nie? ³⁰ Daarom sal Ek julle oordeel, huis van Israel, elkeen volgens sy optrede,*” is die uitspraak van die Heer, die HERE. “Bekeer julle! Draai weg van al julle oortredings,* sodat dit nie vir julle 'n struikelblok word wat sondeskuld meebring nie. ³¹ Werp al julle oortredings van julle af weg, dit waarmee

*18:23 1 Tim 2:4

*18:24-26 Eseg 3:20; 33:12-13,18

*18:25 Eseg 33:17,20

*18:29-30 Tog ... sy optrede: Eseg 33:20; Matt 16:27

*18:30 Bekeer ... oortredings: Luk 13:3; Op 2:5

julle oortree het, en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees.*

Waarom moet julle sterf, huis van Israel? ³² *Ja, Ek vind nie vreugde in die dood van een wat moet sterf nie,” is die uitspraak van die Heer, die HERE. “Bekeer julle en leef!”

19

Treurlied oor jong leeus en 'n wingerdstok

¹ “*Jy dan, hef 'n treurlied aan
oor die hoofmanne^t van Israel.^u

² Jy moet sê,
‘Wat 'n leeuwyfie was jou ma nie!
Tussen die leeus het sy gelê;
tussen jong leeus het sy
haar welpies grootgemaak.

³ Sy het een van haar welpies
opgelei;
hy het 'n jong leeu geword,
en geleer om sy prooi te verskeur;
hy het mense verslind.

⁴ Nasies het van hom gehoor;
in hulle vangkuil is hy gevang;

*18:31 maak ... gees: Eseg 11:19; 36:26

*18:32 Eseg 18:23; Matt 3:2

*19:1 Am 5:1

^t19:1 hoofmanne: Die Hebreeuse woord verwys dikwels na verkose leiers.

^u19:1 Israel: In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

met hake het hulle hom
na Egipteland geneem.^v

⁵ “ ‘Toe sy sien haar hoop
is verydel,^w
haar verwagting verlore,
het sy een van haar welpies
geneem,
'n jong leeu van hom gemaak.

⁶ Hy het tussen leeus rondgestap,
'n jong leeu geword,
geleer om sy prooi te verskeur;
hy het mense verslind.

⁷ Hy het hulle vestings^x verwoes,^y
hulle dorpe in puin gelê.
Die land en alles daarop het gebeef
vir die geluid van sy gebrul.

⁸ *Nasies het hulle
teen hom opgestel
uit die omliggende gebiede;

^v**19:4 hom na ... geneem:** Dit verwys waarskynlik na Joahas, die koning van Juda; vgl 2 Kon 23:31-34; 2 Kron 36:4.

^w**19:5 haar ... verydel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die •Septuagint lui “hy is van haar weggedryf”.

^x**19:7 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

^y**19:7 Hy ... verwoes:** Die •Targum word hier gedeeltelik gevolg, en daar word aanvaar dat een konsonant verkeerd oorgeskryf is. Uit die vroeë vertalings is dit duidelik dat die betekenis van die bronteks onseker is; dit lui “Hy het met sy weduwees omgang gehad.”

***19:8** 2 Kon 24:2

hulle vangnet is oor hom gegooi;
in hulle vangkuil is hy gevang.

⁹* Hulle het hom in 'n halsband
met hake gesit,^z
hom na die koning van Babel
geneem.

Hulle het hom in die gevangenis^a
ingeneem,
sodat sy stem nie meer
gehoor sou word
op die berge van Israel nie.

¹⁰ **“ ‘Met jou ma was dit
soos met 'n wingerdstok
in jou wingerd,^b
by water geplant.

Dit was vol vrugte en lote
van die oorvloed water.

¹¹ Dit het sterk stamme gehad,
geskik vir die septers
van heersers.

*19:9 2 Kron 36:6

^z19:9 halsband ... gesit: In Babel is oorlogsgevangenes so vervoer.

^a19:9 gevangenis: Die Septuagint word hier gevolg. Daar is verskil van mening oor die betekenis van die bronteks wat vertaal kan word “bergvestings” of “jagnette”.

*19:10-14 Eseg 17:5-10

*19:10 Jes 5:1; vgl Ps 1:3; Op 22:1-2

^b19:10 in jou wingerd: Twee Hebreeuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “in jou bloed”.

Die top daarvan was hoog,
bo tussen digte ranke —
uitkenbaar aan sy hoogte,
aan sy baie blare.

¹² “*Maar dit is in woede
uitgeruk,
op die grond neergegooi.
Die oostewind het sy vrugte
laat verdor;
sy sterk stamme is afgeskeur
en het verdroog,
vuur het dit verteer.

¹³ *Nou is dit in die woestyn^c
geplant,
in 'n dor en dorstige land.

¹⁴ *Vuur het uit die stam
met sy ranke versprei;
dit het sy vrugte verteer.
Aan die wingerdstok^d
is nie meer 'n sterk stam,
'n septer om te heers nie.’

“Dit is 'n treurlied;

***19:12** Eseg 15:6; 17:10; Joh 15:6

***19:13-142** Kon 24:12-16

^c**19:13 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***19:14** Eseg 5:4

^d**19:14 Aan die wingerdstok:** Letterlik ‘Aan haar’.

dit moet dien as 'n treurlied.”

20

Geskiedenis van Israel se opstand

¹ *Dit was op die tiende dag van die vyfde maand in die sewende jaar.^e Manne uit die oudstes van Israel^f het gekom om die HERE te raadpleeg. Hulle het voor my gaan sit. ² Die woord van die HERE het tot my gekom: ³ “Mensekind, praat met die oudstes van Israel; sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Is dit om My te raadpleeg dat julle gekom het? So seker as Ek leef, Ek laat My nie deur julle raadpleeg nie.”* Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

⁴ “*Sal jy oor hulle regspreek, mensekind, sal jy regspreek? Die afstootlike optrede van hulle voorouers, maak dit aan hulle bekend. ⁵ Jy moet vir hulle sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Die dag toe Ek Israel gekies het, het Ek my hand opgehef^g vir die nageslag van die huis van Jakob, en My aan hulle bekendgestel in Egipteland. Ek het my hand opgehef en gesê, ‘Ek, die HERE, is julle God!’* ⁶ *Op daardie dag het Ek my hand vir hulle opgehef dat Ek hulle uit Egipteland sal uitlei na 'n land wat Ek vir hulle uitgesoek het, 'n land wat oorloop van melk en

*20:1-4 Eseg 8:1; 14:1-5

^e20:1 7de jaar: 591 vC.

^f20:1 Israel: In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

*20:3 Is dit ... raadpleeg nie: Eseg 14:3

*20:4 Eseg 22:2; 23:36

^g20:5 hand opgehef: Dit is 'n simboliese handeling by die aflê van 'n eed; dieselfde geld vir Eseg 20:6,15,23,28,42.

*20:5 Die dag ... God: Eks 3:13-14; 6:7; Deut 7:6; Ps 33:12

*20:6 Eks 3:8

heuning; dit is 'n sieraad onder al die lande. ⁷ *Ek het vir hulle gesê, ‘Elkeen van julle moet die verfoeilike afgode waarvan hy nie wil afsien nie, wegwerp. Met die afgodsbeelde van Egipte mag julle julle nie verontreinig nie. Ek, die HERE, is julle God.’

⁸ “ ‘ “Maar hulle was opstandig teen My en wou nie na My luister nie. Nie een van hulle het die verfoeilike afgode waarvan hulle nie wou afsien nie, weggewerp nie. Die afgodsbeelde van Egipte het hulle nie laat vaar nie. Ek het dit oorweeg om my woede oor hulle uit te stort, om daar in Egipteland my toorn op hulle te laat uitwoed. * ⁹ *Maar Ek het toe ter wille van my Naam opgetree, sodat dit nie ontheilig sou word in die oë van die nasies tussen wie hulle was nie — die nasies voor wie se oë Ek My aan Israel bekendgemaak het met die belofte^h om hulle uit Egipteland uit te lei.

¹⁰ “ ‘ “Ek het hulle toe uit Egipteland uitgelei, hulle na die woestynⁱ geneem, ¹¹ *en vir hulle my vaste voorskrifte gegee. My bepalings het Ek aan hulle bekendgemaak, dit wat 'n mens moet doen, sodat hy daardeur kan leef. ¹² *Ook my Sabbatte het Ek vir hulle gegee, sodat dit 'n teken sou wees tussen My en hulle, sodat hulle kon besef dat Ek, die HERE, hulle heilig.

¹³ “ ‘ “Maar die huis van Israel was opstandig teen My in die woestyn. *

*20:7 Lev 18:3; Jos 24:14; Eseg 18:31

*20:8 Ek het ... uitwoed: Eseg 7:8

*20:9 Ps 106:8; Jes 48:11; 63:14; Eseg 36:22

^h20:9 met die belofte: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

ⁱ20:10 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*20:11 Lev 18:5

*20:12 Eks 20:8; 31:13; Neh 9:14

*20:13 Maar ... My in die woestyn: Eks 14:11-12; Num 11:4-6; Ps 78:40; 106:7,23

My vaste voorskrifte het hulle nie gevolg nie, en my bepalings het hulle verwerp, dit wat 'n mens moet uitvoer sodat hy daardeur kan leef. My Sabbatte het hulle gruwelik ontheilig. Ek het dit oorweeg om my woede oor hulle uit te stort, om hulle in die woestyn te vernietig. ¹⁴ *Maar Ek het toe ter wille van my Naam opgetree, sodat dit nie ontheilig sou word in die oë van die nasies, ten aanskoue van wie Ek hulle uitgelei het nie. ¹⁵ *Op my beurt het Ek in die woestyn my hand vir hulle opgehef, dat Ek hulle nie sou inbring in die land wat Ek aan hulle sou gee nie, 'n land wat oorloop van melk en heuning, 'n sieraad onder al die lande. ¹⁶ Dit is omdat hulle my bepalings verwerp het, my vaste voorskrifte nie gevolg het nie, en my Sabbatte ontheilig het; ja, hulle afgodsbeelde, dit is wat hulle harte bly volg het. ¹⁷ *Maar Ek het met soveel medelye na hulle gekyk dat ek hulle nie kon uitdelg nie; Ek het nie aan hulle 'n einde gemaak in die woestyn nie. ¹⁸ *Ek het egter vir hulle kinders in die woestyn gesê, ‘Die vaste voorskrifte van julle ouers moet julle nie volg nie; hulle bepalings moet julle nie nakom nie; met hulle afgodsbeelde moet julle julle nie verontreinig nie. ¹⁹ *Ek, die HERE, is julle God. My vaste voorskrifte moet julle volg en my bepalings moet julle nakom; julle moet dit uitvoer. ²⁰ *My Sabbatte moet julle heilig hou, sodat dit 'n teken kan wees tussen My en julle, sodat julle kan erken dat Ek, die HERE, julle God is.’

²¹ “ ‘ “Maar die kinders was opstandig teen My. My vaste voorskrifte het hulle nie gevolg nie; my bepalings het hulle nie nageset nagekom

*20:14 Eseg 20:9

*20:15 Num 14:28-30; Deut 1:34-35; Ps 95:11; Eseg 20:6

*20:17 Eseg 5:11

*20:18 1 Pet 1:18

*20:19 Deut 5:32-33

*20:20 Eseg 20:12

nie — bepalings wat die mens moet uitvoer, sodat hy daardeur kan leef — en my Sabbatte het hulle ontheilig. Ek het dit oorweeg om my woede oor hulle uit te stort, om my toorn op hulle te laat uitwoed in die woestyn. ²² Maar Ek het my hand teruggehou; Ek het ter wille van my Naam opgetree, sodat dit nie ontheilig sou word in die oë van die nasies ten aanskoue van wie Ek hulle uitgelei het nie. ²³ *Op my beurt het Ek daar in die woestyn my hand vir hulle opgehef, dat Ek hulle sou versprei onder die nasies, hulle sou verstrooi in ander lande, ²⁴ omdat hulle my bepalings nie uitgevoer het nie, my vaste voorskrifte verwerp het en my Sabbatte ontheilig het. Hulle oë was net gevestig op die afgodsbeelde van hulle voorouers. ²⁵ *Op my beurt het Ek vir hulle voorskrifte toegelaat wat nie goed was nie, en bepalings waardeur hulle nie sou bly leef nie. ²⁶ Ek het hulle •onrein laat word deur hulle geskenke,^j wanneer hulle elke eersteling van die moederskoot offer.^k Ek het dit toegelaat,^l sodat Ek hulle verbysterd kon laat, sodat hulle sou besef dat Ek die HERE is.” ’

²⁷ “Daarom, praat met die huis van Israel, mensekind, en sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Ook nog hierin het julle voorouers My bespot deur hulle troubreuk wat hulle teenoor My gepleeg het: ²⁸ Ek het hulle na die land gebring waaroor Ek my hand opgehef het om dit aan

***20:23** Deut 28:64

***20:25** Ps 81:12; Hand 7:42; Rom 1:24; 2 Thess 2:11

^j**20:26 hulle geskenke:** Dit verwys na vrywillige gawes en offers wat hulle bring.

^k**20:26 offer:** Letterlik ‘laat oorgaan’. Dit verwys na kinderooffers; vgl Deut 18:10. Die Hebreeuse idioom lui “deur die vuur laat gaan”.

^l**20:26 Ek ... toegelaat:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

hulle te gee. Maar hulle het elke hoë heuwel en elke blaarryke boom raakgesien, en daar hulle •maaltydoffers geslag, daar tot my ergernis hulle offergawes aangebied, daar hulle geurige offers neergesit en daar hulle •drankoffers uitgegiet.* ²⁹ Ek het toe vir hulle gevra, ‘Wat vir 'n offerhoogte is dit dié waarheen julle gaan?’ ” ’ ” En Bamaa^m is tot vandag toe die naam daarvan.

³⁰ “Daarom, sê vir die huis van Israel, ‘So sê my Heer, die HERE: “Wil julle julleself op dieselfde wyse as julle voorouers verontreinig en agter hulle verfoeilike afgode aan hoereerⁿ ³¹ deur julle offergawes aan te bied, julle seuns te offer, julleself tot vandag toe te verontreinig met al julle verfoeilike afgode? Moet Ek My dan deur julle laat raadpleeg, huis van Israel? So seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “Ek sal My nie deur julle laat raadpleeg nie.* ³² *Wat in julle gedagte opgekom het, sal beslis nie gebeur nie, naamlik dat julle dink: Ons wil soos die nasies wees, soos die volksgroepe van ander lande, deur hout en klip te dien. ³³ So seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “Ek sal met 'n sterk hand, met 'n uitgestrekte arm en met woede wat uitgestort word, oor julle regeer. ³⁴ *Ek sal julle uitlei tussen die volke, julle byeenbring uit die lande waarheen julle versprei is, met 'n sterk hand, met 'n uitgestrekte arm, met woede wat uitgestort word. ³⁵ Ek sal julle na die woestyn van die volke neem, en daar sal Ek julle

***20:28 Maar ... uitgegiet:** Deut 12:2; Jes 57:5; Eseg 6:13

^m**20:29 Bamaa:** Die Hebreeus vir 'n “hoogte”, die term wat gebruik word vir 'n offerhoogte, 'n heiligdom van die vrugbaarheidsgodsdiens waar daar geboue kon wees, maar soms net 'n altaar.

ⁿ**20:30 agter ... hoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

***20:31 Moet ... raadpleeg nie:** Eseg 20:3

***20:32** Deut 4:28; Jer 44:17; Op 9:20

***20:34** Deut 5:4; Jes 52:11; 2 Kor 6:17; Op 18:4

van aangesig tot aangesig voor die gereg daag.³⁶ Soos Ek julle voorouers in die woestyn van Egipteland voor die gereg gedaag het, so sal Ek julle voor die gereg daag,” is die uitspraak van my Heer, die HERE.³⁷ “°Ek sal julle onder my herderstaf laat deurgaen en julle in die band van die verbond laat ingaan.³⁸ *Ek sal van julle afskei dié wat in opstand is en teen My oortree. Uit die land waar hulle as vreemdelinge vertoef, sal Ek hulle uitlei, maar op die grond van Israel sal hulle nie kom nie. Dan sal julle besef dat Ek die HERE is.

³⁹ “ “En julle, huis van Israel,” so sê my Heer, die HERE, “gaan dien elkeen van julle sy afgodsbeelde! Maar daarna, as julle nie na My luister nie ...! My heilige Naam sal julle nie weer ontheilig met julle offergawes en julle afgodsbeelde nie!*⁴⁰ *Want op my heilige berg, die hoë berg van Israel,^p” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “daar sal die hele huis van Israel My dien, almal in die land. Daar sal Ek hulle aanvaar, en daar sal Ek julle wydingsgeskenke,^q die keur van julle gawes, saam met al julle •heilige gawes, eis.⁴¹ *As 'n geurige offer sal Ek julle aanvaar wanneer Ek julle van die volke af uitlei, julle byeenbring uit die lande waarheen julle versprei is. Ek sal My deur julle as die heilige betoon

^o**20:37** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat vertaal is “band”. Die beeld is dié van 'n herder wat teen die aand sy skape met sy staf tel om seker te maak dat net sy eie diere in die stal ingaan.

^{*}**20:38** Eseg 24:17-22

^{*}**20:39 gaan ... afgodsbeelde nie:** Jes 1:13-15; Eseg 43:8

^{*}**20:40** Jes 56:7; 60:7; Mal 3:4

^p**20:40 die hoë ... Israel:** Dit is die Sionsberg; vgl Eseg 17:23.

^q**20:40 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die diens van die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

^{*}**20:41** Eseg 28:25; Ef 5:2; Fil 4:18

voor die oë van die nasies. ⁴² Julle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek julle na die grond van Israel bring, na die land waaroor Ek my hand opgehef het om dit vir julle voorouers te gee. ⁴³ * Julle sal daar terugdink aan julle optrede, aan al julle dade waarmee julle julleself verontreinig het. Julle sal walg van julleself, van al die booshede wat julle aangerig het. ⁴⁴ * Julle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek met julle handel ter wille van my Naam, en nie ooreenkomstig julle bouse optrede, julle wangedrag nie, huis van Israel.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

God se vuur

⁴⁵ rDie woord van die HERE het tot my gekom: ⁴⁶ “Mensekind, draai jou gesig suidwaarts en preek driftig^s teen die suide, profeteer teen die struikgewas van die Negev.^t ⁴⁷ Jy moet vir die struikgewas van die Negev sê, ‘Hoor die woord van die HERE. So sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek gaan nou 'n vuur in jou aansteek. Dit sal al die groen hout en al die droë hout in jou verbrand. Die vlamme vuur sal nie uitbrand nie, en die hele oppervlakte^u sal daardeur verskroei word, van die Negev af noordwaarts.* ⁴⁸ Al wat leef, sal sien dat Ek, die HERE, dit aangesteek

*20:43 Eseg 6:9; 36:31

*20:44 Eseg 20:14

^r20:45-21:32 Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Eseg 21:1-37.

^s20:46 preek driftig: Die Hebreeuse idioom lui “uitspuug”.

^t20:46 Negev: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^u20:47 die hele oppervlakte: Die bronteks kan ook vertaal word as “alle gesigte”.

*20:47 Kyk ... noordwaarts: Jes 10:17-19; Jer 21:14; Eseg 21:4; Luk 23:31

het. Dit sal nie uitbrand nie.” ’ ’ ”

⁴⁹ Daarop het ek gesê: “Ag HERE, my Heer, hulle sê oor my, ‘Praat hy nie maar net in raaisels nie?’ ”

21

God se swaard

¹ ^vDie woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, draai jou gesig na Jerusalem, preek driftig^w teen die heiligdomme en profeteer teen die land Israel. ³ Sê vir die land Israel, ‘So sê die HERE: “Dit is Ek teen jou! Ek gaan my swaard uit sy skede trek en regverdiges en goddeloses uit jou uitroei.* ⁴ Omdat Ek regverdiges en goddeloses uit jou gaan uitroei, daarom sal my swaard uit sy skede kom teen al wat leef, van suid tot noord.* ⁵ En al wat leef, sal besef dat Ek, die HERE, my swaard uit sy skede getrek het. Dit sal nie weer teruggesit word nie.” ’

⁶ “En jy, mensekind, kla! As 'n gebroke man^x moet jy voor hulle oë bitterlik kla. ⁷ Wanneer hulle vir jou vra, ‘Waarom kla jy?’ moet jy sê, ‘Oor 'n berig, want dit kom! Elke hart sal ineenkrimp,^y alle hande sal slap hang, elke gees verslae wees en alle knieë water word.^{z*} Kyk, dit kom; dit sal gebeur! Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

^v21:1 Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Eseg 20:45 — 21:32.

^w21:2 preek driftig: Die Hebreeuse idioom lui “uitspuug”.

^{*}21:3 regverdiges ... uitroei: Job 9:22

^{*}21:4 van ... noord: Eseg 20:47

^x21:6 As ... man: Die Hebreeuse idioom lui “met 'n verbreking van heupe”.

^y21:7 Elke ... ineenkrimp: Die Hebreeuse idioom lui “elke hart sal smelt”; vgl Jos 5:1.

^z21:7 water word: Letterlik ‘loop (met) water’. Sommige vertolk dit as 'n verwysing na urine.

^{*}21:7 alle hande ... water word: Eseg 7:17

⁸ Die woord van die HERE het tot my gekom: ⁹ “Mensekind, profeteer en sê, ‘So sê my Heer. “Sê dan:

'n Swaard,^a 'n swaard
wat skerpmaak,
ook blinkgevryf is!*

¹⁰ Om 'n slagting aan te rig,
is dit skerpmaak;
om soos weerlig te wees,
is dit blinkgevryf.

“ ‘ “Of dink julle,^b
Ons sal ons verheug
oor die septer van my seun?^c
Die swaard minag elke stuk hout!^d

¹¹ Hy het dit oorgegee
om dit blink te vryf;
om dit in die handpalm vas te vat,
is dit skerpmaak,
hierdie swaard.

^a21:9 'n Swaard: Dit verwys na die leer van die koning van Babel; vgl Eseg 21:19.

*21:9 'n swaard ... blinkgevryf is: Deut 32:41

^b21:10 dink julle: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^c21:10 septer ... seun: In die seënspreuk van Jakob word Juda “my seun” genoem en word die verwagting uitgespreek dat die septer, as simbool van heerskappy, nooit van Juda sal wyk nie; vgl Gen 49:9-10.

^d21:10 Of ... hout: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit moet waarskynlik so verstaan word dat die koning van Juda wat tans aan bewind is, wat die septer hou, nie bestand sal wees teen die swaard van die koning van Babel nie.

En dit is nou blink gevryf,
om dit oor te gee in die hand
van 'n moordenaar.

¹² “ ‘ “Roep om hulp

en huil, mensekind!

Want die swaard is teen my volk,

dit is teen al die hoofmanne^e

van Israel^f gerig.

Uitgelewer aan die swaard is hulle,

saam met my volk.

Daarom, slaan op die heup!^g

¹³ Ja, dit is 'n toets:

Wat gebeur as ook die septer

wat deur die swaard

geminag word,

nie meer daar is nie?”

Dit is die uitspraak

van my Heer, die HERE.’

¹⁴ “En jy, mensekind, profeteer!

Klap jou hande teen mekaar,^h

sodat die swaard twee keer tref,

'n derde keer —

^e**21:12 hoofmanne:** Die Hebreeuse woord verwys dikwels na verkose leiers.

^f**21:12 Israel:** In *Esegiël* word die naam Israel dikwels gebruik wanneer dit oor Juda gaan.

^g**21:12 slaan ... heup:** Dit was 'n teken van droefheid; vgl Jer 31:19.

^h**21:14 Klap ... mekaar:** Die profeet bepaal met die klap van sy hande hoeveel keer die swaard moet toeslaan.

die swaard vir onheiliges,ⁱ
die swaard vir die groot onheilige,^j
wat diep in hulle indring,
¹⁵ sodat harte sidder,
en dié waaroor mens struikel,
baie sal wees.

Teen al hulle poorte
het Ek die slagting^k
deur die swaard gerig.

Aha! Die swaard is gemaak
as 'n weerlig,
blink gevryf^l vir 'n slagting.

¹⁶ *Bewys jouself skerp,^m swaard!

Kap regs, kap links,ⁿ
waarheen jou snykant ook al
gerig is.

¹⁷ Op my beurt klap Ek dan
my hande teen mekaar,

ⁱ**21:14 swaard vir onheiliges:** Word ook vertaal “swaard wat doodmaak”.

^j**21:14 groot onheilige:** Dit verwys na Sedekia; vgl Eseg 21:25.

^k**21:15 slagting:** Die •Septuagint word hier gevolg. Dit is onbekend wat die Hebreeuse woord se betekenis is.

^l**21:15 blink gevryf:** Hierdie lesing is verkry deur die wysiging van een konsonant. Die bronteks lui “min”.

^{*}**21:16 Eseg 14:17**

^m**21:16 Bewys ... skerp:** Die Septuagint word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Enkele Hebreeuse mss lui “draai jou om”.

ⁿ**21:16 Kap ... links:** Die bronteks lui “Gaan regs, laat (dit) neerlê, gaan links.” In Hebreeuse mss, die Septuagint en •Vulgaat kom “laat (dit) neerlê” nie voor nie. Dit is waarskynlik 'n skryffout in die bronteks.

en bring Ek my woede tot bedaring.

Ek, die HERE, het gepraat.*”

¹⁸ Toe het die woord van die HERE tot my gekom: ¹⁹ “Jy, mensekind, merk vir jou twee paaie af vir die swaard van die koning van Babel^o om langs te kom. Uit een land moet albei kom. 'n Wegwyser moet jy oopkap, by die begin van die pad wat na die stede lei, moet jy dit oopkap. ²⁰ Die paaie wat jy moet afmerk vir die swaard om langs te kom, is Rabba van die Ammoniete* en Juda, die versterkte Jerusalem.* ²¹ Want die koning van Babel staan reeds by die vork in die pad, by die begin van die twee paaie, om 'n voorteken te vra. Hy het die pyle geskud, hy het die huisgode^p geraadpleeg, hy het die lewer beskou.^q ²² *In sy regterhand is die voorteken, Jerusalem, om stormramme op te stel, om die bevel, ‘Maak dood!’ uit te roep,^r om 'n oorlogskreet aan te hef, om stormramme by die poorte op te stel, om 'n beleëringswal op te hoop, om beleëringswerke op te rig! ²³ Vir hulle^s sal dit lyk na 'n vals voorteken; hulle het tog plegtige ede afgelê!^t Maar hy^u sal skuld in

*21:17 en bring ... gepraat: Eseg 5:13

^o21:19 koning van Babel: Dit verwys na Nebukadnesar.

*21:20 Rabba ... Ammoniete: Deut 3:11; Jer 49:2; Eseg 25:4-5; Am 1:14

*21:20 die ... Jerusalem: Jes 27:10

^p21:21 huisgode: Beeldjies wat mense in hulle afgodsdienste gebruik het; vgl Gen 31:19.

^q21:21 lewer beskou: Daar is uit die lewer se ligging in die offerdier voorspellings gemaak oor die toekoms.

*21:22 Eseg 4:2

^r21:22 om die ... roep: Letterlik ‘om 'n mond te open met doodmaak’.

^s21:23 Vir hulle: Dit verwys na die leiers in Jerusalem; vgl Eseg 21:12.

^t21:23 plegtige ede afgelê: Dit verwys na die verdrag wat met eedswerings bekragtig is om aan die Babiloniese koning getrou te bly; vgl Eseg 17:13.

^u21:23 hy: Die koning van Babel.

herinnering roep, sodat hulle gevange geneem word.

²⁴ “Daarom, so sê die Heer, die HERE, ‘Omdat julle julle eie skuld opgehaal het deur julle oortredings openbaar te maak, deur julle sondes te vertoon met alles wat julle doen, omdat julle die aandag op julle gevestig het, sal julle met 'n vaste greep gevange geneem word. ²⁵ En wat jou betref, onheilige, goddelose hoofman^v van Israel, jy wie se dag aangebreek het in die tyd van finale straf,’ ²⁶ *so sê die Heer, die HERE,

‘Weg met die tulband!^w

Af met die diadeem!^{x*}

Dit is nie soos dit was nie.

Die nederige moet verhoog word
en die hoë moet verneder word.*

²⁷ Puin, puin, ja, puin

maak Ek haar^y

— ook dit het nog nooit gebeur nie —

wanneer hy kom wat die vonnis

moet voltrek;

Ek sal die oordeel^z aan hom

^v**21:25 hoofman:** Dit is koning Sedekia; vgl 2 Kon 24:18-20; 2 Kron 36:1-13; Jer 52:1-3.

^{*}**21:26** Matt 23:12; Vgl Ps 113:7-9; Luk 1:51-53

^w**21:26 tulband:** 'n Lang strook materiaal wat verskeie kere op 'n sekere manier om die kop gedraai en ingevou is. Dit was deel van die priester se uitrusting, maar was ook 'n kroon met die koninklike diadeem voorop.

^x**21:26 diadeem:** Kosbare, versierde voorhoofband as aanduiding van koninklike gesag.

^{*}**21:26 Weg ... diadeem:** Lev 8:9

^{*}**21:26 Die nederige ... verneder word:** Matt 23:12

^y**21:27 haar:** Dit verwys na Jerusalem; vgl Eseg 16:2-61.

^z**21:27 die oordeel:** Die bronteks lui “dit”.

toevertrou.’

²⁸ “En jy, mensekind, profeteer en sê, ‘So sê my Heer, die HERE, oor die Ammoniete en hulle bespotting.*’ Sê dan,

‘Swaard, swaard getrek

vir 'n slagting,

blink gevryf vir vernietiging,^a

sodat jy 'n weerligstraal is —

²⁹ terwyl visioene oor jou vals is,

die voorspelling oor jou leuens is,

plaas hy^b jou op die nekke

van die onheilige goddeloses,

hulle wie se dag gekom het

in die tyd van finale straf.

³⁰ “ ‘Sit dit terug in sy skede!^c

Op die plek waar jy gemaak is,

swaard,^d

in die land van jou oorsprong,

sal Ek jou oordeel.

³¹ *Ek sal my vervloeking

***21:28 Ammoniete ... bespotting:** Jer 49:1; Eseg 25:2-3,6,10; Sef 2:8

^a**21:28 vir vernietiging:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “om uit te hou”.

^b**21:29 hy:** Die koning van Babel.

^c**21:30 Sit ... skede:** Nadat die leër van die Babiloniërs, “die swaard,” God se oordeel oor Jerusalem voltrek het, sal die leër vernietig word; vgl Eseg 21:31-32.

^d**21:30 swaard:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***21:31** Vgl Eseg 22:20

oor jou uitstort,
die vlamme van my gramskap
sal Ek teen jou aanblaas.
Ek sal jou oorgee in die hand
van woeste mense,
vakmanne van vernietiging.

³² Jy is vir die vuur bestem
om verteer te word;
jou bloed sal in jou eie grond wees,
jy sal nie meer onthou word nie,*
ja, Ek, die HERE, het gepraat.’ ”

22

Oordeel oor die inwoners van Jerusalem

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “En jy, mensekind, sal jy regspreek, sal jy regspreek oor die stad van bloed? Maak aan haar al haar afstootlike dae bekend. ³ Jy moet sê, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Stad wat in haar midde
bloed vergiet,*

sodat haar tyd aanbreek;
wat afgodsbeelde in haar maak,
sodat sy •onrein word;

⁴ deur jou bloed wat jy vergiet het,
is jy skuldig;
deur jou afgodsbeelde

*21:32 jy sal ... word nie: Eseg 5:10

*22:2 Eseg 20:4; 23:36

*22:3 Stad ... vergiet: 2 Kon 21:16

wat jy gemaak het,
het jy onrein geword.
Jy het jou dag laat aanbreek,
jy het jou jare bereik.
Daarom lewer Ek jou uit
aan bespotting deur die nasies,
aan die spotlag van alle lande.*

⁵ Dié wat naby jou is
en dié wat ver van jou is,
lag jou uit —
jy, met die besoedelde naam,
jy, so vol paniek.

⁶ *Kyk, die hoofmanne van Israel,
elkeen is daar in jou
net vir eie gewin,^e
sodat bloed vergiet word.

⁷ Vaders en moeders
word in jou geminag;*

*22:4 Daarom ... lande: Ps 79:4; 80:7; Eseg 5:14

*22:6 Eseg 22:27

^e22:6 vir eie gewin: Letterlik 'vir sy voorarm'. Die voorarm is 'n metafoor vir mag en hulp.

*22:7 Vaders ... geminag: Eks 20:12; Lev 19:3; Deut 27:16

vreemdelinge^f word uitgebuit
in jou midde;
vaderloses^g en weduwees
word in jou verdruk.*

⁸*Wat vir My heilig is, minag jy,
en my Sabbatte ontheilig jy.

⁹Mense wat kwaad stook, is in jou,
sodat bloed vergiet word.*

Hulle wat op die berge eet,^h
is in jou.

Skandelige dade doen hulle
in jou midde:

¹⁰Die naaktheid van vaders
word in jou ontbloot;ⁱ
vroue, onrein^j tydens menstruasie,
word in jou verkrag;*

^f**22:7 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

^g**22:7 vaderloses:** Dit verwys gewoonlik na kinders wat hulle pa verloor het, en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

***22:7 vreemdelinge ... verdruk:** Eks 22:21-22

***22:8** Eks 20:11; Lev 19:30

***22:9 Mense ... word:** Lev 19:16

^h**22:9 op ... eet:** Dit verwys na maaltye ter ere van die vrugbaarheidsgode by die offerhoogtes.

ⁱ**22:10 naaktheid ... ontbloot:** Dit beteken dat mans geslagsgemeenskap het met die vroue van hulle pa's; vgl Lev 18:6-7.

^j**22:10 onrein:** •Rein en onrein; vgl Lev 15:19-33.

***22:10 vroue ... verkrag:** Lev 18:19

¹¹ hulle doen wat afstootlik is
met mekaar se vroue;*
'n man verontreinig sy skoondogter
deur 'n skandelige daad;*
'n man verkrag sy suster,
dogter van sy pa, in jou.*

¹² In jou word omkoopgeld
aanvaar,
sodat bloed vergiet word.*

Rente en woekerrente neem jy,
jy berokken jou naaste skade
deur uitbuiting,*
en My vergeet jy.”
Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.’

¹³ “ ‘ “Kyk, Ek slaan my hande saam^k oor die onregverdige wins wat jy
gemaak het en oor die bloedskuld^l wat daar in jou midde is. ¹⁴ Sal jou hart
standhou of jou hande sterk bly in die tyd wanneer Ek teen jou optree?

***22:11 hulle ... vroue:** Lev 18:20

***22:11 'n man verontreinig ... daad:** Lev 18:15

***22:11 'n man verkrag ... in jou:** Lev 18:9

***22:12 In jou ... vergiet word:** Deut 27:25

***22:12 Rente ... uitbuiting:** Lev 25:35-37

^k**22:13 slaan ... saam:** Dit is hier 'n teken van verontwaardiging.

^l**22:13 bloedskuld:** Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

Ek, die HERE, het gepraat, en Ek gaan optree. ¹⁵ Ek gaan jou versprei onder die nasies, jou verstrooi in die lande;* Ek gaan jou onreinheid volledig uit jou verwyder.* ¹⁶ Wanneer jy deur jou eie toedoen ontheilig word voor die nasies, sal jy besef dat Ek die HERE is.” ’ ”

¹⁷ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹⁸ “*Mensekind, die huis van Israel het vir my metaalskuim geword; hulle almal is die koper, tin, yster en lood wat in 'n smeltoond agterbly. Metaalskuim van silwer het hulle geword. ¹⁹ Daarom, so sê die Heer, die HERE, ‘Omdat julle almal metaalskuim geword het, daarom, kyk, in Jerusalem gaan Ek julle saamgooi.^m ²⁰ Silwer, koper, yster, lood of tin word in 'n smeltoond saamgegooi om vuur daarteen aan te blaas, sodat dit smelt. So sal Ek julle saamgooi in my toorn en woede, julle ingooi en julle laat smelt. ²¹ Ek sal julle bymekaarmaak en die vuur van my gramskap teen julle aanblaas, en julle sal in die stad smelt. ²² Soos silwer in 'n pot gesmelt word, so sal julle in die stad gesmelt word. Dan sal julle besef dat Ek, die HERE, my woede oor julle uitgestort het.’ ”

Oordeel oor die land

²³ Die woord van die HERE het tot my gekom: ²⁴ “Mensekind, sê vir die land, ‘Jy is 'n land wat nie rein verklaar kan word nie, wat op die dag van vervloeking sy reën nie kry nie, ²⁵ *wie se hoofmanneⁿ in hom soos brullende leeus is wat 'n prooi verskeur — lewens verslind hulle; skatte

*22:15 jou versprei ... lande: Lev 26:33

*22:15 jou onreinheid ... verwyder: Eseg 24:11

*22:18-22 Ps 119:119; Jes 1:22,25; Jer 6:28-30; Mal 3:2-3

^m22:19 in ... saamgooi: Tydens 'n vyandelike inval het al die mense in kleiner dorpies vir hulle veiligheid na 'n ommuurde stad gevlug.

*22:25 Eks 20:13,15; Eseg 35:9; Sef 3:3-4

ⁿ22:25 wie se hoofmanne: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “Die sameswering van haar profete is soos”.

en kosbaarhede vat hulle; weduwees in die land maak hulle meer.’²⁶ *Sy priesters doen my wet geweld aan; hulle onheilig wat vir My heilig is; tussen wat heilig en wat onheilig is, maak hulle geen onderskeid nie; die verskil tussen rein en onrein* maak hulle nie bekend nie. Vir my Sabbatte sluit hulle die oë,* en my heiligheid word aangetas onder hulle.²⁷ *Die hoë amptenare van die land is in hom soos wolwe wat 'n prooi verskeur — om bloed te vergiet en lewens te vernietig, sodat hulle onregverdige wins kan maak.²⁸ *Sy profete pleister alles vir hulle toe met kalk: Hulle sien vals visioene en voorspel leuens. Hulle sê altyd, ‘So sê my Heer, die HERE,’ terwyl die HERE nie gepraat het nie.²⁹ Die volk van die land buit mense uit en beroof hulle. Die magteloses en behoeftiges verdruk hulle, en vreemdelinge pers hulle af asof hulle geen regte het nie.

³⁰ “*Ek het onder hulle iemand gesoek wat 'n klipmuur kan pak en wat voor My in die bres kan tree vir die land, sodat Ek dit nie verwoes nie, maar Ek kon niemand kry nie.³¹ *Daarom stort Ek oor hulle my vervloeking uit; met die vuur van my gramskap vernietig Ek hulle. Ek laat hulle optrede op hulle koppe neerkom.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.

*22:26 Mal 2:8

*22:26 tussen ... onrein: Lev 11:1 — 22:33

*22:26 Vir ... oë: Eks 20:8-11; Lev 23:3; Jer 17:22

*22:27 Eseg 22:6; Miga 3:1-3,9-11; Matt 7:15

*22:28 Eseg 13:10-16

*22:30 Eseg 13:5; vgl Ps 106:23; Jes 59:15-16

*22:31 Jes 30:27; Eseg 7:3-4,8-10; Op 16:1

Samaria en Jerusalem

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “**Mensekind, daar was twee vroue, dogters van een ma. ³ *Hulle het in Egipte gehoereer, reeds in hulle jeug het hulle gehoereer. Daar is hulle borste betas en hulle maagdelike tepels gestreel. ⁴ Hulle name was Ohola, die oudste, en Oholiba, haar suster. Hulle het myne geword* en het seuns en dogters in die wêreld gebring. Wat hulle name betref: Samaria is Ohola en Jerusalem is Oholiba.

⁵ “*Ohola het gehoereer terwyl sy onder my gesag was. Sy het gesmag na haar minnaars, die Assiriërs, vegters ⁶ geklee in pers, streeksgoewerneys en landvoogde, almal aantreklike jong manne, kavaliers wat op perde ry. ⁷ Sy het haar dade van owerspel aangebied aan hulle, die keur van die Assiriërs, aan hulle almal; en met almal na wie sy gesmag het, met al hulle afgodsbeelde, het sy haar verontreinig. ⁸ Haar dade van owerspel wat in Egipte begin het, het sy nie laat vaar nie; want die Egiptenare het met haar gemeenskap gehad in haar jeug. Dit is hulle wat haar maagdelike tepels gestreel en hulle owerspeligheid op haar uitgestort het.

⁹ “Daarom het Ek haar oorgegee in die hand van haar minnaars, in die hand van die Assiriërs na wie sy gesmag het. ¹⁰ Dit is hulle wat haar naaktheid ontbloot ^o het, haar seuns en dogters weggevat en haar met

*23:2-49 Jer 3:6-13

*23:2 Eseg 16:45-46

*23:3 Eseg 20:7-8

*23:4 Hulle het ... geword: Eseg 16:8

*23:5 2 Kon 15:19; 17:3; Hos 8:9

^o23:10 naaktheid ontbloot: 'n Eufemistiese verwysing na geslagsgemeenskap.

die swaard doodgemaak het. Sy was berug onder die vroue. Vonnis is aan haar voltrek.

¹¹ “Haar suster Oholiba het dit gesien, maar in haar wellus was sy meer verdorwe as haar suster, en haar dae van owerspel was nog erger as die hoerery van haar suster. ¹² Na die Assiriërs het sy gesmag, na streeksgoewerneys en landvoogde, vegters wat weelderig geklee is, kavaliers wat op perde ry — almal aantreklike jong manne. ¹³ Ek het gesien dat sy haarself verontreinig. Die twee van hulle het dieselfde pad geloop. ¹⁴ Maar sy het nog dae van owerspel bygevoeg. Sy het manne uitgekerf teen 'n muur gesien, afbeeldings van Galdeërs^p uitgekerf in 'n helderrooi kleur, ¹⁵ hulle heupe met lendedoeke omgord, op hulle koppe tulbande met afhangende punte, almal met die voorkoms van strydwa-offisiere — die afbeelding van Babiloniërs met Galdea as hulle geboorteland. ¹⁶ *Sy het na hulle gesmag toe haar oë op hulle val, en gesante gestuur na hulle, na Galdea.

¹⁷ “Die Babiloniërs het na haar gekom ter wille van die liefdesbed. Hulle het haar verontreinig met hulle owerspel. Nadat sy •onrein geword het deur hulle, het sy 'n diep weersin in hulle gekry. ¹⁸ Toe sy haar dae van owerspel openlik bedryf, haar naaktheid ontbloom het, het Ek 'n diep weersin in haar gekry, net soos Ek 'n diep weersin in haar suster gekry het.

¹⁹ “*Maar sy het nog dae van owerspel bygevoeg, om so haar jong dae toe sy in Egipteland gehoereer het, weer op te roep. ²⁰ Sy het gesmag na buite-egtelike verhoudings met hulle, hulle wie se organe soos dié van donkiehingste en wie se saadstorting soos dié van perdehingste is.

²¹ “Jy het die skandelike dae van jou jeug weer opgesoek, toe van die

^p**23:14 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***23:16** 2 Kon 20:12-19; Jes 57:9

***23:19** Eseg 16:26

Egiptenare jou tepels gestreel, jou jong borste betas het.^q ²² Daarom, Oholiba,” so sê my Heer, die HERE, “kyk, Ek gaan jou minnaars teen jou aanhits, hulle in wie jy 'n diep weersin gekry het. Ek gaan hulle van oraloor teen jou bring:^{*} ²³ die Babiloniërs en al die Galdeërs, Pekod, Soa en Koa,^r en al die Assiriërs by hulle, aantreklike jong manne, almal van hulle streeksgoewerneys en landvoogde, strydwa-offisiere en manne wat opgeroep is — almal ruiters te perd. ²⁴ Hulle sal teen jou optrek uit die noorde^s met strydwatroepe op wiele en kontingente van manskappe. Met grootskilde,^t kleinskilde en helms sal hulle teen jou stelling inneem, reg rondom. Ek sal die vonnis aan hulle oorlaat; hulle sal jou oordeel volgens hulle regsreëls. ²⁵ Ek sal my heilige jaloesie teen jou rig, en hulle sal in woede met jou handel. Jou neus en ore sal hulle afsny, en wat van jou oorbly, sal deur die swaard val. Dit is hulle wat jou seuns en dogters sal wegneem; wat van jou oor is, sal deur vuur verteer word. ²⁶ Hulle sal jou klere van jou afstroop en jou versiersels vat. ²⁷ So sal Ek 'n einde maak aan jou skandelijke gedrag en hoerery wat in Egipteland begin het. Jy sal nie meer na hulle opkyk en aan Egipte sal jy nie weer terugdink nie.*”

²⁸ Ja, so sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek gaan jou oorgee in die hand van hulle wat jy haat, in die hand van hulle in wie jy 'n diep weersin gekry het. ²⁹ Hulle sal met haat teen jou optree, alles wat jy met moeite

^q**23:21 betas het:** Hier word die •Peshitta en •Vulgaat gevolg. Die •bronteks lui “ter wille van”.

^{*}**23:22,28 kyk ... bring:** Eseg 16:37

^r**23:23 Pekod ... Koa:** Pekod is die naam van 'n Aramese stam, en Soa en Koa was nomadegroepe in Mesopotamië.

^s**23:24 uit die noorde:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die betekenis van die Hebreeuse woord is onbekend.

^t**23:24 grootskilde:** Lang, ovaalvormige skilde van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

^{*}**23:27 Jy sal ... terugdink nie:** Eks 16:3; 17:3

verwerf het, wegvat, en jou onbedek en kaal agterlaat. Jou ontugtige naaktheid sal ontbloot word. Jou skandelige gedrag en jou daade van owerspel ³⁰ het hierdie dinge oor jou gebring, toe jy agter nasies aan gehoereer^u het, deurdat jy jouself met hulle afgodsbeelde verontreinig het. ³¹ Die pad van jou suster het jy geloop, en Ek sal haar beker in jou hand gee.”

³² So sê my Heer, die HERE:

“Die beker van jou suster
sal jy drink,
'n diep en wye beker.*

Dit sal 'n gelag en 'n gespot
meebring,
soveel bevat dit.

³³ Met dronkenskap en verdriet
sal jy gevul wees.

'n Beker van vernietiging
en verwoesting
is die beker van jou suster
Samaria.^{v*}

³⁴ Jy sal dit drink en leeg slurp,
en aan die skerwe daarvan knaag;
jy sal jou borste afskeur.
Ja, Ek het gepraat.”

Dit is die uitspraak

^u**23:30 agter ... gehoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrou aan die HERE.

^{*}**23:31-32 Ek sal ... wye beker:** Ps 75:9; Jes 51:17; Jer 25:15-18

^v**23:33 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

^{*}**23:33 jou ... Samaria** Eseg 23:4

van my Heer, die HERE.

³⁵ Daarom, so sê my Heer, die HERE: “Omdat jy My vergeet en die rug op My gedraai het, sal jy ook die gevolge van jou skandelige gedrag en jou dae van owerspel moet dra.”

³⁶ Toe sê die HERE vir my: “Mensekind, sal jy regsprek oor Ohola en Oholiba? Hou dan hulle afstootlike dae aan hulle voor.* ³⁷ Ja, hulle het egbreuk gepleeg, en daar is bloed aan hulle hande. Met hulle afgodsbeelde het hulle egbreuk gepleeg, en hulle het selfs hulle kinders wat hulle vir My in die wêreld gebring het, vir die beelde as voedsel deur die vuur^w laat gaan. ³⁸ *Verder het hulle die volgende aan My gedoen: Hulle het my heiligdom op dieselfde dag verontreinig. My Sabbatte het hulle ontheilig. ³⁹ Toe hulle hulle kinders geslag het vir hulle afgodsbeelde, het hulle op dieselfde dag na my heiligdom gekom om dit te ontheilig. Kyk, so het hulle binne-in my huis opgetree.* ⁴⁰ Maar erger nog: Hulle ontbied toe mans wat van ver af kom, mans na wie 'n boodskapper gestuur is! En kyk, hulle het gekom, die mans vir wie jy jou gewas, jou oë geverf, en jouself met juwele versier het. ⁴¹ Jy het op 'n statige bed gesit, met 'n voorbereide tafel daarvoor. My wierook en my olyfolie het jy daarop neergesit.*

⁴² “Die geluid van 'n sorgelose menigte was binne hoorbaar, en saam

*23:36 sal jy ... voor: Eseg 20:4; 22:2

^w23:37 die vuur: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Lev 18:21; 2 Kon 23:10.

*23:38-39 Lev 19:30

*23:39 na my ... opgetree: 2 Kon 21:4; Eseg 44:7

*23:41 My ... neergesit: Eseg 16:18

met manne uit die gepeupel is daar Sabeërs uit die woestyn^x gebring.^y Hulle het armbande aan die twee susters se polse gesit, en sierlike diademe^z op hulle koppe. ⁴³ ^aEk het oor haar wat afgeleef is van owerspel, gesê, ‘Nou gaan hulle voort met haar owerspel; maar dit is hoe sy is!’ ⁴⁴ Hulle het by haar ingegaan. Soos wat daar by 'n prostituut ingegaan word, so het hulle by Ohola en Oholiba ingegaan, die sedelose vroue! ⁴⁵ *Maar regverdige mans, hulle sal die vroue veroordeel volgens die vonnis van egbreeksters en die vonnis van hulle wat bloed vergiet. Ja, egbreeksters is hulle, en bloed is aan hulle hande.’ ”

⁴⁶ Ja, so sê my Heer, die HERE: “Laat 'n skare teen hulle optrek, en gee hulle oor aan verskrikking en plundering. ⁴⁷ Laat 'n skare hulle met klippe doodgooi en met hulle swaarde neerkap, hulle seuns en dogters doodmaak en hulle huise afbrand. ⁴⁸ So sal Ek skandelige gedrag in die land tot 'n einde bring, en alle vroue sal dit as 'n waarskuwing beskou, en nie julle skandelige dade nadoen nie. ⁴⁹ *Hulle sal julle skandelige dade op julle koppe laat neerkom; julle sonde met julle afgodsbeelde sal julle moet dra. Dan sal julle besef dat Ek my Heer, die HERE, is.”

^x**23:42 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^y**23:42 Die ... gebring:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^z**23:42 diademe:** Kosbare versierde voorhoofbande.

^a**23:43** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die Septuagint kan vertaal word as “Pleeg hulle nie owerspel met hierdie (twee) nie, en het sy nie ook gehoereer op die manier van 'n prostituut nie?”

***23:45** Lev 20:10; Deut 22:21-22

***23:49** Eseg 7:4,9; 9:10

Jerusalem 'n kookpot

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom in die negende jaar,^b op die tiende dag van die tiende maand: ² “Mensekind, skryf vir jou die naam op van hierdie dag, hierdie spesifieke dag; want die koning van Babel het op hierdie spesifieke dag die druk op Jerusalem begin toepas.^{c*} ^{3*} Vertel dan vir die rebelse huis^d 'n gelykenis, en sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Sit 'n pot op, sit dit op,
en gooi ook water daarin.

⁴ Sit stukke vleis daarin,
al die goeie stukke —
boud en blad;
maak dit vol met die beste bene.

⁵ Die beste van die kleinvee,
neem dit,
pak ook bene^e onder die pot.
Bring die kooksel in die pot
tot by kookpunt,
ook die bene moet daarin
gaar kook.

^b24:1 9de jaar: 589 vC.

^c24:2 druk ... toepas: Dit verwys na die begin van 'n beleëring.

*24:1-2 in die ... toepas: 2 Kon 25:1; Jer 39:1; 52:4

*24:3-5 Eseg 11:2-12

^d24:3 rebelse huis: Waarskynlik 'n doelbewuste naamsverandering vir “huis van Israel”; vgl 12:9.

^e24:5 bene: Sommige vertaal dit “hout”; vgl Eseg 24:10.

⁶ “ ‘ “Daarom,” so sê my Heer, die HERE:

“Wee die stad

van bloedskuld^{f*} —

'n pot met roes^g daarin!

Die roes sal nie afkom nie!

Stuk vir stuk moet jy die vleis

uithaal.

Die lot word nie oor die stad

gewerp nie.^h

⁷ * Ja, haar bloed is in haar.

Op 'n kaal rotsplaat het sy dit

laat beland;

sy het dit nie op die grond

uitgegooi

om dit met los grond

te bedek nie.

⁸ Om woede op te wek,

om wraak te neem,

^f**24:6 bloedskuld:** Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

^{*}**24:6 stad van bloedskuld:** Eseg 22:2-3; Nah 3:1

^g**24:6 roes:** Die kleur van die aanslag in die bronspot (Eseg 24:11) stel die bloed voor wat in die stad gestort is; vgl Eseg 24:7-12.

^h**24:6 Stuk ... gewerp nie:** Die stukke vleis stel die inwoners van Jerusalem voor wat almal uit die stad geneem word, sonder dat daar lootjies getrek word oor wie moet agterbly en wie nie.

^{*}**24:7** Lev 17:13; Deut 12:16,24; Op 18:24

het Ek die bloed op die kaal
rotsplaat gelaat,
sodat dit nie bedek word nie.*

⁹ “ “Daarom,” so sê my Heer, die HERE:

“Wee die stad van bloedskuld!

Op my beurt maak Ek
die houtstapel groot:

¹⁰ Bring meer hout;

steek aan die vuur!

Laat die vleis deurkook,
laat die sous weggookⁱ —
die bene moet verkool!

¹¹ Laat die pot leeg staan

op die kole,

sodat dit warm kan word,
die brons daarvan kan gloei,
die •onreinheid daarin kan smelt,^{*}
die roes daarvan kan wegbrand!

¹² Dit is vergeefse moeite;^j

die dik laag roes kom nie af nie.

Die roes moet in die vuur in!

¹³ Jou onreinheid

is 'n skandelijke daad.

*24:8 het Ek ... word nie: Job 16:18

ⁱ24:10 laat ... weggook: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “meng die salfpot”.

*24:11 die onreinheid ... smelt: Eseg 22:15

^j24:12 Dit ... moeite: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

Omdat Ek jou wou reinig,
maar jy nie van jou onreinheid
wil afsien nie,
sal jy nie weer rein wees
totdat Ek my woede teen jou
tot bedaring gebring het nie.*

¹⁴“ ‘ “Ek, die HERE, het gepraat. Dit is aan die kom; Ek gaan dit doen; Ek sal dit nie nalaat nie; Ek sal nie jammer kry nie. Volgens jou optrede, volgens jou daade, sal hulle jou oordeel.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.” ’ ”

Esegiël se verlies as teken

¹⁵ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹⁶ “Mensekind, kyk, Ek gaan wat jy kosbaar ag,* met 'n swaar slag van jou wegneem. Maar jy mag nie rou en treur nie; jou trane mag nie vloei nie. ¹⁷ Sug in stilte. Aan 'n rouplegtigheid vir dooies mag jy nie deelneem nie. Bind jou tulband om jou kop en trek jou sandale aan jou voete. Moenie jou snor bedek^k nie,^l en kos wat mense vir jou bring,^m mag jy nie eet nie.*”

¹⁸ Ek het die oggend met die mense gepraat, en die aand het my vrou gesterf. Ek het die volgende oggend toe gedoen soos ek beveel is. ¹⁹ *Die

*24:13 totdat ... het nie: Eseg 5:13

*24:14 Eseg 5:11

*24:16 wat jy ... ag: Spr 5:18; Pred 9:9; Sir 36:22

^k24:17 snor bedek: Simboliese handeling as teken van rou.

^l24:17 Bind ... bedek nie: Die profeet word verbied om rougebruike te volg.

^m24:17 kos ... bring: Dit verwys na kos wat in 'n tyd van rou vir die familie gebring is. Die •Targum en •Vulgaat lui “die brood van roubeklaers”.

*24:16-17 Maar jy mag ... eet nie: Jer 16:5-7

*24:19 Vgl Eseg 12:9

mense het vir my gesê: “Wil jy nie vir ons vertel wat dit vir ons beteken dat jy so optree nie?” ²⁰ Ek het hulle geantwoord: “Die woord van die HERE het tot my gekom, ²¹ ‘Sê vir die huis van Israel: “So sê my Heer, die HERE, ‘Kyk, Ek gaan my heiligdom ontheilig, daardie bron van julle verwaandheid, wat so kosbaar is in julle oë en wat die hartstog van julle lewens is.* Julle seuns en dogters wat julle daar agtergelaat het, sal val deur die swaard.’ ²² Dan moet julle doen wat ek gedoen het: Julle snorre mag julle nie bedek nie, en die kos wat mense bring, mag julle nie eet nie. ²³ Julle tulbande moet op julle koppe wees, en julle sandale aan julle voete; julle mag nie rou en treur nie. Maar julle sal wegteer weens julle sondeskuld en sug teenoor mekaar.* ²⁴ ‘Esegiël sal vir julle 'n teken wees: Presies wat hy gedoen het, moet julle doen. Wanneer dit gebeur, sal julle besef dat Ek, die Heer, die HERE is.’ ”

²⁵ “ ‘En jy, mensekind, die dag wanneer Ek hulle bergvesting van hulle wegneem, hulle pragtige bron van vreugde wat so kosbaar is in hulle oë, hulle hartsverlange, ook hulle seuns en dogters, ²⁶ *op daardie dag sal een wat ontkom het, beslis by jou aankom met 'n berig vir jou persoonlik. ²⁷ Op daardie dag sal jou mond oopgaan teenoor die een wat ontkom het; jy sal kan praat, en jy sal nie meer stom wees nie. So sal jy vir hulle 'n teken wees, en hulle sal besef dat Ek die HERE is.’ ”

25

Profesie teen Ammon

¹ *Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, draai jou

*24:21 Kyk ... lewens is: Klaagl 2:7; Eseg 7:20

*24:23 Maar ... mekaar: Eseg 4:17

*24:24 Jes 20:3; 8:18; Eseg 4:3; 12:6; 24:27

*24:26-27 Eseg 3:26; 33:21-22

*25:1-6 Jer 49:1-6; Eseg 21:28-32; Am 1:13-15; Sef 2:8

gesig na die Ammoniete* en profeteer teen hulle. ³ Jy moet vir die Ammoniete sê, ‘Hoor die woord van my Heer, die HERE: So sê my Heer, die HERE:

“Omdat jy, Ammon,ⁿ
‘Aha!’ gesê het
vir my heiligdom
toe dit ontheilig is,
vir die land Israel
toe dit verwoes is,
vir die huis van Juda
toe hulle in ballingskap
gegaan het,
⁴ daarom, kyk, Ek gaan jou
aan mense uit die ooste^{o*}
as eiendom gee.

Hulle sal hulle kampe^p in jou oprig,
in jou hulle woonplekke vestig.
Dit is hulle wat jou vrugte sal eet;
dit is hulle wat jou melk sal drink.

⁵ Ek sal Rabba* 'n weiveld
vir kamele maak,
by die Ammoniete 'n lêplek

*25:2 Ammoniete: Gen 19:38; Deut 2:19

ⁿ25:3 Ammon: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^o25:4 mense ... ooste: Woestynbewoners uit die gebiede oos van Palestina.

*25:4 mense ... ooste: Jes 11:14; Jer 49:28

^p25:4 kampe: Permanente tentkampe met 'n klipmuur rondom vir beskerming.

*25:5 Rabba: Deut 3:11

vir kleinvee inrig.
Julle sal besef
dat Ek die HERE is.”

⁶ “Ja, so sê my Heer, die HERE: “Omdat jy jou hande geklap en jou voete gestamp^{q*} het, en innerlike vreugde gevind het in jou veragting vir die land Israel, ⁷ daarom, kyk,
Ek strek my hand teen jou uit;
Ek gee jou as 'n buit aan die nasies;
Ek roei jou uit onder die volke;
Ek laat jou verdwyn uit die lande;
Ek delg jou uit.
Jy sal besef dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

Profesie teen Moab

⁸ “So sê my Heer, die HERE: “Omdat Moab* en Seïr* sê, ‘Kyk, soos al die nasies, so is die huis van Juda ook maar’, ⁹ daarom, kyk, Ek gaan die berghange van Moab blootstel, van die stede af, al sy stede tot die laaste een toe, die sieraad van die land, Bet-Jesimot,* Baäl-Meon,* ja, tot by Kirjatajim.* ¹⁰ Aan mense uit die ooste sal Ek die land as eiendom gee saam met die Ammoniete, sodat daar onder die nasies nie meer aan die Ammoniete gedink sal word nie. ¹¹ So sal Ek oor Moab oordele voltrek.

^q25:6 hande ... gestamp: Hierdie handeling is 'n teken van minagting.

*25:6 hande ... gestamp: Eseg 6:11

*25:8-11 Jes 15:1 — 16:14; Jer 48:1-47; Am 2:1-3; Sef 2:8-11

*25:8 Moab: Gen 19:36-37

*25:8 Seïr: Gen 32:3; 36:9

*25:9 Bet-Jesimot: Jos 12:2-3

*25:9 Baäl-Meon: Num 32:38; 1 Kron 5:8

*25:9 Kirjatajim: Num 32:37; Jos 13:4

Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

Profesie teen Edom

¹² * “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Omdat Edom* met wraaksug opgetree het teen die huis van Juda, hulle volledig skuldig gemaak het deur op hulle wraak te neem, ¹³ daarom,” so sê my Heer, die HERE, “strek Ek my hand uit teen Edom. Ek sal mens en dier daaruit uitroei. Ek sal die land 'n puinhoop maak van Teman af tot by Dedan.^r Deur die swaard sal hulle val. ¹⁴ Ek sal my wraak op Edom uitoefen deur die hand van my volk Israel. Hulle sal teen Edom optree ooreenkomstig my toorn en my woede. Edom sal my wraak leer ken.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

Profesie teen die Filistyne

¹⁵ * “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Omdat die Filistyne* met wraak opgetree het, hulle met sielsveragting gewreek het, met die doel om te verwoes, op grond van 'n ewigdurende vyandskap, ¹⁶ daarom,” so sê my Heer, die HERE, “kyk, Ek strek my hand uit teen die Filistyne; Ek gaan hierdie mense van Kreta uitroei. Ek gaan die oorblyfsel uit die kusvlakte vernietig. ¹⁷ Ek gaan teen hulle optree met verskriklike wraak, hulle met woede straf. Hulle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek my wraak oor hulle bring.” ’ ’ ”

*25:12-14 Ps 137:7; Jes 34:1-17; 63:1-6; Jer 49:7-33; Eseg 35:1-15; Am 1:11-12; Ob vs 1-21

*25:12 Edom: Gen 25:30; 36:1,8; Jes 34:5-17; Eseg 35:1-15

^r25:13 Dedan: 'n Oase 280 km noordwes van Medina; vgl Jes 21:13; Eseg 27:15.

*25:15-17 Jes 14:29-32; Jer 47:1-7; Sef 2:4-7

*25:15 Filistyne: Gen 10:14

Profesie teen Tirus

¹ *In die elfde jaar,^s op die eerste dag van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom: ² “Mensekind, omdat Tirus* oor Jerusalem gesê het, ‘Aha! Die deure na die volke is oopgebreek,^t dit het na my kant oopgeswaai; nou dat sy^u in puin lê, sal ek gevul word’ — ³ daarom, so sê die Heer, die HERE, ‘Dit is Ek teen jou, Tirus!

Ek sal baie nasies

teen jou laat opstaan,

soos die see sy golwe laat opstaan.

⁴ *Hulle sal die stadsmure van Tirus

verwoes

en haar torings afbreek.

Ek sal die grond van haar afskraap,

haar 'n kaal rotsplaat^v maak.

⁵ 'n Droogmaakplek vir sleepnette

sal jy word, midde-in die see;*

want Ek het gepraat,'

is die uitspraak

*26:1 — 28:26 Jes 23:1-18; Joël 3:4-8; Matt 11:21-22; Luk 10:13-14

^s26:1 11de jaar: 587 vC.

*26:2 Tirus: Jos 19:29; 2 Sam 5:11

^t26:2 deure ... oopgebreek: Jerusalem het die karavaanroete tussen Tirus en Elat beheer.

^u26:2 sy: Jerusalem.

*26:4-5 Eseg 26:14

^v26:4 kaal rotsplaat: Tirus was gebou op 'n rotsagtige skiereiland in die Middellandse See; vgl Eseg 27:4.

*26:5 midde-in die see: Eseg 27:32

van die Heer, die HERE.
‘Tirus sal 'n buit wees
vir die nasies,
⁶ en haar dogters wat in die veld^w is —
met die swaard sal hulle
doodgemaak word.
Hulle sal besef dat Ek die HERE is.

⁷ “Ja, so sê die Heer,
die HERE,
‘Kyk, Ek gaan Nebukadnesar,
koning van Babel,
die koning van die konings,
uit die noorde na Tirus bring,^{*}
met perde, strydwaens
en ruiters,
met 'n kontingent,
'n menigte manskappe.

⁸ Jou dogters in die veld
sal hy met die swaard
doodmaak,
hy sal beleëringswerke
teen jou oprig,^{*}
beleëringswalle
teen jou ophoop,

^w26:6 haar ... veld: Die aangrensende dorpie in die binneland.

^{*}26:7 Kyk ... bring: Eseg 29:17-21

^{*}26:8 hy sal ... oprig: Eseg 4:1-3

'n skilddak^x teen jou opstel.

⁹ Die houe van sy stormramme

sal hy teen jou mure rig,

jou torings sal hy

met sy breekysters afbreek.

¹⁰ Sy magdom perde sal jou

met hulle stofwolk bedek.

Van die geluid

van die spanne perde,

die wiele en strydwaens

sal jou stadsmure bewe

wanneer hy by jou poorte ingaan,

soos met die inval in 'n stad

waarvan die mure deurbreek is.

¹¹ Met die hoewe van sy perde

sal hy al jou strate vertrap.

Jou mense sal hy met die swaard

doodmaak.

Jou magtige suile^y

sal op die grond val.

¹² Hulle sal jou rykdomme roof,

jou handelsware buitmaak.

Hulle sal jou mure afbreek,

^x**26:8 skilddak:** Letterlik ‘grootskild’. Tydens 'n aanval het die soldate buite die stadsmuur grootskilde oor hulle gehou om so 'n beskermende ‘dak’ oor hulle liggame te vorm.

^y**26:11 suile:** Kan ook vertaal word “gedenkstene”. Volgens 'n Griekse geskiedskrywer was die een suil voor die tempel van Melkart in Tirus van goud en die ander van smarag.

jou spoghuise sloop.
Jou klippe, hout, en grond
sal hulle in die water gooi.

¹³ “ *Ek maak 'n einde
aan die lawaai
van jou liedere;
die klank van jou liere^z
sal nie meer gehoor word nie.

¹⁴ *Ek maak jou 'n kaal rotsplaat,
'n droogmaakplek vir sleepnette
sal jy wees.
Jy sal nie weer herbou word nie,
want Ek, die HERE, het gepraat.’
Dit is die uitspraak
van die Heer, die HERE.

¹⁵ “So sê die Heer, die HERE, vir Tirus,
‘Sal, van die geluid van jou val,
by die gekreun
van die gewondes,
met die groot slagting in jou,
die eilande^a nie bewe nie?

*26:13 Jes 24:8-9; Jer 25:10; Op 18:22

^z26:13 liere: Driehoekige snaarinstrumente met vier snare.

*26:14 Eseg 26:5

*26:15 Jer 49:21; Eseg 31:18

^a26:15 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

¹⁶ * Al die hoofmanne langs die see*
sal van hulle trone afklim,
hulle mantels afhaal,
hulle kleurryk geweefde klere
uittrek.*

Met 'n gesidder sal hulle
beklee wees;
op die grond sal hulle gaan sit,
die hele tyd bewe,
en verslae wees oor jou.

¹⁷ Hulle sal oor jou
'n klaaglied aanhef;
hulle sal vir jou sê:
“Hoe het jy verdwyn,
jy wat uit die seë bevolk is,
veelgeroemde stad
wat so magtig was op see.

Dit is sy en haar inwoners
wat 'n skrikbewind gevoer het,
ja, al haar inwoners.^b

¹⁸ Nou sidder die eilande
op die dag van jou val;
die kuslande by die see
is angsbevange oor jou

*26:16-17 Op 18:9-10

*26:16 Al ... see: Jes 23:8

*26:16 hulle mantels ... uittrek: Jona 3:6

^b26:17 ja ... inwoners: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks en dit word verskillend vertaal.

uitvaart.” ’

¹⁹ “Ja, so sê die Heer, die HERE,
‘Wanneer Ek jou 'n stad in puin
maak,
soos stede wat nie bewoon
word nie,
wanneer Ek oor jou die oerwater^c
laat gaan,
jou oordek met massas water,*
²⁰ *laat Ek jou afgaan saam met dié
wat in die put^d afdaal
na die mense van ouds,
laat Ek jou woon in die aarde
se diepste dele,
soos in oeroue ruïnes,
saam met dié wat in die put
afdaal;
sodat jy nie bewoon word,
of 'n staanplek het^e in die land
van die lewendes nie.
²¹ *'n Verskrikking maak ek jou;
jy sal nie meer daar wees nie.

^c**26:19 oerwater:** Dit verwys na ondergrondse water.

^{*}**26:19 Wanneer ... massas water:** Eseg 27:34

^{*}**26:20** Eseg 32:18-30; 31:14; Luk 8:31; Rom 10:7; Op 9:1

^d**26:20 put:** •Doderyk.

^e**26:20 of ... het:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Ek sal 'n sieraad gee”.

^{*}**26:21** Eseg 27:36; 28:18; Op 18:21

Jy sal gesoek word,
maar nooit weer gevind
word nie.’
Dit is die uitspraak
van die Heer, die HERE.”

27

Klaaglied oor Tirus

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Jy, mensekind, hef oor Tirus 'n klaaglied aan; ³ sê vir Tirus, die stad wat lê by die poorte na die see,^f wat handel dryf met ander volke, met baie eilande,^g ‘So sê my Heer, die HERE:

“Tirus, jy sê,
‘Ek is volmaak in skoonheid.’

⁴ In die hart van die seë
lê jou gebied;^{*}
jou bouers het jou skoonheid
vervolmaak.

⁵ Met sipreshout uit Senir^h
het hulle albei jou
sykanteⁱ gebou.
'n Seder uit die Libanon
het hulle geneem

^f27:3 poorte ... see: Dit verwys na die twee hawens aan die noorde- en suidekant van die stad.

^g27:3 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

^{*}27:4 In ... gebied: Eseg 26:5; 27:32

^h27:5 Senir: Een van die name van die berg Hermon; vgl Deut 3:9.

ⁱ27:5 sykante: Tirus word hier as 'n boot beskryf.

om vir jou 'n mas te maak.

⁶ Met eikebome uit Basan het hulle
jou roeispane gemaak.

Jou dek^j het hulle ivoorkleurig^k
gemaak met dennehout
uit die eilande van die Kittiërs.^l

⁷ Van veelkleurige fyn linne
uit Egipte was jou seil,
om vir jou te dien as vaandel.

Pers en purperrooi materiaal
uit die eilande van Elisa^m
was jou kajuitbedekking.

⁸ Inwoners van Sidon en Arwadⁿ
was jou roeiers,
Jou ervare manne, Tirus,
was aan boord,
hulle was jou seemanne.

⁹ Veterane van Gebal^o
en sy ervare manne
was aan boord

^j27:6 dek: Letterlik ‘planke’. Kan ook vertaal word “houtraamwerk”; vgl Num 3:36.

^k27:6 ivoorkleurig: Letterlik ‘ivoor’. Die woord word soms gebruik om die aandag op die kleur te vestig; vgl Hoogl 7:4.

^l27:6 eilande ... Kittiërs: Die Kittiërs kom uit die suide van Ciprus; vgl Gen 10:4-5.

^m27:7 Elisa: Daar is onsekerheid oor die ligging van dié Griekssprekende gebied.

ⁿ27:8 Arwad: 'n Fenisiese stad noord van Sidon.

^o27:9 Gebal: Die stad, ook bekend as Biblos, is aan die kus geleë, ongeveer 32 km noord van die huidige Beiroet; vgl Jos 13:5; 1 Kon 5:18; Ps 83:8.

om jou lekplekke te kalfater.

“ ‘ “Al die skepe op see
en hulle matrose
was in jou hawe^p
om van jou ruilgoed te bekom.

¹⁰ *Persië, Lud^q en Put^r
was in jou leër
as krygsmanne.

Skild en helm het hulle
in jou opgehang;
dit is hulle wat aan jou
luister verleen het.

¹¹ Manne uit Arwad en Gelek^s
was rondom op jou mure,
en manne uit Gammad^t —
in jou torings was hulle.
Hulle het hulle rondeskilde rondom
teen jou mure opgehang;
dit is hulle wat jou skoonheid
vervolmaak het.

¹² *Tarsis het met jou handel gedryf

^p27:9 in jou hawe: Letterlik ‘in jou’. Die metafoor van Tirus as 'n boot eindig by “kalfater”; vgl Eseg 27:11.

*27:10 Jes 66:19; Jer 46:9; Eseg 30:5; 38:5

^q27:10 Lud: Daar is onsekerheid oor die ligging van Lud, êrens in Noord-Afrika.

^r27:10 Put: Dit was 'n deel van Libië.

^s27:11 Gelek: Silisië.

^t27:11 Gammad: 'n Onbekende volksgroep.

*27:12-13,22 1 Kon 10:1; Jes 66:19; Eseg 38:2,13; Op 18:12-13

vanweë die oorvloed
van al die rykdom.

Met silwer, yster, tin en lood
het hulle betaal vir jou
handelsware.

¹³ Jawan,^u Tubal en Meseq,^v
hulle was jou handelaars.

Met lewende mense en koperware
het hulle betaal vir jou ruilgoed.

¹⁴ Uit Bet-Togarma^w
was daar perde,
trekperde en muile;
hulle het dit vir jou handelsware
aangebied.

¹⁵ Die mense van Dedan^x
was jou handelaars;
baie eilande was jou
handelsvennote.
Olifanttande en ebbenhout
het hulle teruggebring
as skatplig^y aan jou.

^u**27:13 Jawan:** Griekeland.

^v**27:13 Tubal en Meseq:** Tubal was die naam van 'n streek en ook 'n volksgroep in die ooste van Klein-Asië naby Silisië. Meseq was die naam van bergbewoners in Klein-Asië suidoos van die Swartsee. Die twee groepe word gewoonlik saam genoem; vgl Eseg 32:26; 38:2.

^w**27:14 Bet-Togarma:** Waarskynlik 'n gebied in Armenië; vgl Eseg 38:6.

^x**27:15 Dedan:** 'n Oase 280 km noordwes van Medina; vgl Jes 21:13; Eseg 25:13.

^y**27:15 skatplig:** 'n Heffing wat 'n veroweraar aan 'n verowerde volk oplê. Dit was algemene gebruik in die tyd van die OT.

¹⁶ Edom^z het met jou handel gedryf
vanweë die oorfloed goedere
wat jy vervaardig.

Met malagiet, purperrooi
en kleurryk geweefde materiaal,
fyn linne, swart koraal en robyne
het hulle vir jou handelsware
betaal.

¹⁷ * Juda en die land Israel,
hulle was jou handelaars.

Met koring uit Minnit,^a vye,^b
heuning, olyfolie en balsemgom
het hulle betaal vir jou ruilgoed.

¹⁸ Damaskus het met jou
handel gedryf
vanweë die oorfloed goedere
wat jy vervaardig,
die oorfloed van al jou rykdom.

^z**27:16 Edom:** Verskeie Hebreëuse mss, die •Peshitta en die Griekse vertaling van •Akwila word hier gevolg. Die •bronteks lui “Aram,” maar Aram kom eers in Ese 27:18 ter sprake.

^{*}**27:17** Hand 12:20

^a**27:17 koring uit Minnit:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreëuse woorde en sommige vertaal dit as “rys”. Rig 11:33 meld 'n plek met die naam Minnit in Ammon.

^b**27:17 vye:** 3 Hebreëuse mss word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in die bronteks. Sommige wysig 'n konsonant en vertaal dit as “byewas”.

Met wyn uit Gelbon,^{c*}

wol uit Sagar^d

¹⁹ en wyn^e uit Usal^f het hulle

vir jou handelsware betaal.

Bewerkte yster, kassia en kalmoes^g

was onder jou ruilgoed.

²⁰ Dedan het met jou handel gedryf

in saalkleedjies vir rydiere.

²¹ Arabië en al die hoofmanne

van Kedar,

hulle was jou handelsvennote.

Met ramlammers, skaap- en

bokramme,

daarmee het hulle

met jou handel gedryf.

²² Die handelaars van Skeba^h

en Rama,ⁱ

hulle was jou handelaars.

Met die keur van allerlei speserye,

allerlei edelstene en goud

het hulle betaal

^c27:18 **Gelbon:** 'n Dorp noord van Damaskus.

^{*}27:18 **wyn uit Gelbon:** Hos 14:8

^d27:18 **Sagar:** 'n Gebied noordwes van Damaskus.

^e27:19 **en wyn:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “en Dan en Jawan”.

^f27:19 **Usal:** In Arabies Izal of Azal, die ou naam vir die hoofstad van Jemen.

^g27:19 **kalmoes:** 'n Bamboesagtige riet met 'n aangename geur.

^h27:22 **Skeba:** 'n Gebied in die suide van Arabië; vgl 1 Kon 10:1.

ⁱ27:22 **Rama:** Waarskynlik 'n karavaanstad in die noorde van Jemen.

vir jou handelsware.

²³ Haran,^{*} Kanne en Eden,^j
handelaars van Skeba,
Assirië en Kilmad^k het met jou
handel gedryf.

²⁴ Hulle was jou handelaars
in swierige mantels,
pers en kleurryk geweefde
tjalies en veelkleurige matte.
In gevlegte en geknoopte toue
het hulle met jou handel gedryf.

²⁵ Handelskepe^l het jou ruilgoed
vir jou vervoer.

“ ‘ “Jy het vol geword,
was baie swaar belaai
daar in die hart van die seë.^m

²⁶ In onstuimige waters
het jou roeiers jou gebring.
Die oostewind het jou gebreek
in die hart van die seë.

²⁷ * Jou rykdom, jou handelsware,
jou ruilgoed,

^{*}27:23 Haran: Gen 11:31; 12:5

^j27:23 Haran ... Eden: Plekname in Mesopotamië.

^k27:23 Assirië en Kilmad: Kilmad was in Suid-Arabië geleë. Assirië en Kilmad
dui dus die verste noordelike en verste suidelike handelsgebiede aan.

^l27:25 Handelskepe: Kan ook vertaal word “skepe van Tarsis”.

^m27:25 Jy ... seë: Tirus word weer metafories as 'n boot beskryf.

^{*}27:27-29 Op 18:17-18

jou matrose, jou seemanne,
hulle wat jou lekplekke kalfater,
dié wat jou ruilgoed verhandel,
al die krygsmanne in jou,
ja, saam met die hele
kontingent in jou midde,
hulle sink weg in die hart
van die seë
op die dag van jou val.

²⁸ Van die harde hulpgeroep
van jou seemanne
bewe die weivelde.

²⁹ Hulle verlaat hulle bote —
almal wat roeispane vashou;
die matrose, al die seevaarders —
op die land gaan staan hulle.

³⁰ *Hulle laat oor jou
hulle stem hoor;
bitterlik skreeu hulle dit uit;
hulle strooi stof op hulle koppe;ⁿ
in die as rol hulle.

³¹ *Hulle skeer kaal kolle
op hulle koppe oor jou,
hulle bind rouklere^o om,
hulle huil oor jou

*27:30-35 Op 18:9,19

ⁿ27:30 strooi ... koppe: 'n Teken van verootmoediging.

*27:31 Job 1:20; Jes 3:24

^o27:31 rouklere: As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

met 'n bitter gemoed —
dit is 'n bitter rouplegtigheid.

³² *Met hulle geweeklaag
hef hulle vir jou
'n klaaglied aan;
hulle sing 'n klaagsang oor jou,
'Wie was soos Tirus,
wie was soos sy,^p
midde-in die see?'

³³ Toe jou handelsware uitgegaan
het op die seë,
het jy baie volke versadig;
met die oorvloed van jou rykdom
en ruilgoed
het jy konings van die aarde
ryk gemaak.

³⁴ *Nou is jy gebreek deur die seë,
in die dieptes van die water.
Jou ruilgoed en jou hele kontingent
wat in jou was, het weggesink.

³⁵ Al die bewoners van die eilande
staan verslae oor jou.
Hulle konings sidder onbedaarlik;
hulle gesigte is verwronge
van angs.

*27:32 Op 18:18

^p27:32 soos sy: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

*27:34 Eseg 26:19

³⁶ *Handelaars onder die volke
fluit oor jou;^q
jy het 'n verskrikking geword;
jy sal nooit weer bestaan nie.” ’ ’ ”

28

Profesie teen die koning van Tirus

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, sê vir die leier^r van Tirus, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Omdat jou hart hoogmoedig
geraak het, het jy gesê,
‘Ek is 'n god;
in die tuiste van die gode
woon ek in die hart
van die seë.’

Maar jy is net 'n mens,
nie 'n god nie.

Jy stel jou insig^s gelyk
aan die insig van gode!*

*27:36 Op 18:11,15

^q27:36 fluit oor jou: 'n Handeling wat verbasing en verslaendheid uitdruk.

^r28:2 leier: In Hebreeus *naghied*. Die leier verpersoonlik die stad en sy mense; vgl bv Eseg 28:7.

^s28:2 insig: Letterlik ‘hart’. In Hebreeus is die hart die setel van verstand.

*28:2 Omdat ... insig van gode: Gen 3:5; Jes 14:13-14; Hand 12:22; 2 Thess 2:4

³ *Kyk, jy is slimmer as Danel!^t
Geen geheim is vir jou duister nie!

⁴ Deur jou wysheid en jou insig
het jy vir jou vermoë verwerf,
goud en silwer in jou skatkamers
weggesit.

⁵ Deur jou buitengewone
handelsvernuf
het jy jou vermoë vergroot.
Maar jou hart het hoogmoedig
geraak oor jou rykdom.

⁶ Daarom,” so sê my Heer,
die HERE,
“omdat jy jou insig gelyk stel
aan die insig van gode,

⁷ *daarom, kyk, Ek bring vreemdes
na jou,
die gewelddadigstes
van die nasies.

Hulle sal die swaard trek
teen die skoonheid
wat jou wysheid gebring het;
hulle sal jou skitterende prag

*28:3 Dan 1:17,20; 2:20; Sag 9:2

^t28:3 **Danel:** Die ongevokaliseerde •bronteks lui *dn'l*. Die •Masorete het vokale bygevoeg sodat dit lui “Daniël”. Daar is egter uit buite-Bybelse bronne 'n man met die naam Danel bekend, 'n besonder wyse persoon. Die Bybelse Daniël sou nog 'n seun gewees het in Esegïel se tyd.

*28:7 Vgl Eseg 30:11; 31:12; 32:12

ontwy.

⁸ Na die put^u sal hulle jou
laat afgaan,
jy sal die dood van 'n deurboorde
sterf
in die hart van die seë.

⁹ * Sal jy steeds sê, 'Ek is 'n god',
in die teenwoordigheid van hom
wat jou doodmaak,
en as jy — 'n mens, nie 'n god nie —
in die hande is van hulle
wat jou deurboor?

¹⁰ * Jy sal die dood
van 'n onbesnedene sterf
aan die hand van vreemdes,
want Ek het gepraat.”
Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.’ ”

¹¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹² “Mensekind, hef 'n treurlied aan oor die koning van Tirus en sê vir hom, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Jy was die toonbeeld
van voortreflikheid,^v

^u28:8 die put: •Doderyk.

*28:9 Jes 31:3

*28:10 Eseg 31:18; 32:30

^v28:12 toonbeeld van voortreflikheid: Letterlik ‘die een wat volmaaktheid verseël’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

vol wysheid, volmaak in skoonheid.

¹³ *In Eden, die tuin van God,
daar was jy.

Jy was bedek met alle soorte
edelstene: rooi kornalyn, topaas,
akwamaryn, turkoois,
oniks, jaspis, saffiersteen,
malagiet en smarag.^w

Van goud was die insetsels
en graverings
aan jou bedekking.^x

Die dag toe jy geskep is,
was dit gereed

¹⁴ by 'n glansende gerub^{y*}
met vlerke^z wat beskut.

Ek het jou daar geplaas;

*28:13 Eseg 31:8-9; Op 17:4; 18:16

^w28:13 rooi ... smarag: Daar is onsekerheid oor die kleure en die eiening van hierdie edel- en halfedelstene; •Edelstene.

^x28:13 Van ... bedekking: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks wat lui “en goud. Die werk van jou tamboeryne en jou myngange.” Uit die vroeë vertalings is dit duidelik dat daar 'n probleem is met die oorgelewerde teks. Die •Septuagint het byvoorbeeld 'n langer teks as die bronteks.

^y28:14 by ... gerub: Die Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Die •Masoretiese leestradisie lui “jy 'n gerub” gevolg deur 'n woord waarvan die betekenis onbekend is.

*28:14 gerub: Vgl Gen 3:24; Eks 25:20

^z28:14,16 met vlerke: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

op die heilige berg van gode
was jy;

tussen klippe van vuur
het jy rondgestap.

¹⁵ Onberispelik was jy
in jou optrede
vanaf die dag dat jy geskep is,
totdat onreg in jou ontdek is.

¹⁶ Deur jou uitgebreide handel
is jou binneste
met geweld gevul;

jy het gesondig.

Ek het jou as 'n onheilige
uitgewerp,

weg van die godeberg af.

'n Gerub met vlerke wat beskut,
het jou tussen die klippe
van vuur uit verdryf.^a

¹⁷ Jou hart het hoogmoedig geword
oor jou skoonheid;

jy het jou wysheid nutteloos
gemaak

oor jou skitterende prag.

Op die grond het Ek
jou neergegooi;

voor konings het Ek so
met jou gemaak

^a**28:16 Gerub ... verdryf:** Die Septuagint word hier gevolg. Die Masoretiese leestradisie lui “Ek het jou verdryf, gerub wat beskut.”

dat hulle hulle in jou kan verlustig.

¹⁸ *Oor jou baie sondeskuld

weens jou onregmatige

handelspraktyke,

het jy jou heiligdomme ontheilig.

Ek het vuur uit jou binneste

laat kom;

dit het jou verteer.

Ek het jou soos as op die grond

gemaak

voor die oë van almal

wat na jou kyk.

¹⁹ Almal onder die volke

wat jou geken het,

was verslae oor jou.

Jy het 'n verskrikking geword,

jy sal nooit weer bestaan nie.” ’ ’ ”

Profesie teen Sidon

²⁰ Die woord van die HERE het tot my gekom: ²¹ “*Mensekind, draai jou gesig na Sidon,* profeteer teen haar ²² *en sê, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Dit is Ek teen jou, Sidon!

Ek sal roem verwerf in jou midde.

Hulle sal besef dat Ek die HERE is

wanneer Ek oordele in haar voltrek.

Ek sal Myself in haar

*28:18 Eseg 22:16; Op 18:19

*28:21-23 Jes 23:4,12; Jer 25:22; 27:3; Eseg 32:30

*28:21 Sidon: Gen 10:15-19; 1 Kon 16:31

*28:22 Joël 3:4

as die Heilige toon.

²³ Ek sal pessiectes in haar loslaat;
daar sal bloed in haar strate wees;
die deurboordes sal binne-in haar
lê
deur die swaard wat aan alle kante
teen haar gerig is.
Hulle sal besef dat Ek die HERE is.

²⁴ “ ‘ * “Daar sal nie meer vir die huis van Israel dorings wees wat pyn veroorsaak, of doringstruik wat hulle pynig van die kant van almal om hulle, almal wat hulle minag nie, want hulle sal besef dat Ek, die Heer, die HERE is.”

²⁵ “ ‘ So sê my Heer, die HERE: “Wanneer Ek die huis van Israel bymekaarmaak uit die volke waarheen hulle versprei is, sal Ek Myself as die Heilige toon voor die oë van die nasies. * Israel sal woon op die grond wat Ek aan my dienskneg Jakob gegee het. * ²⁶ * Hulle sal veilig daarop woon, huise bou en wingerde plant. Hulle sal veilig woon wanneer Ek oordele voltrek oor almal wat hulle minag aan alle kante. Hulle sal besef dat Ek die HERE hulle God is.” ’ ’ ”

29

Profesieë teen Egipte

¹ * In die tiende jaar,^b op die twaalfde dag van die tiende maand, het

*28:24 Num 33:55; Jos 23:13

*28:25 Wanneer ... nasies: Eseg 39:27

*28:25 op ... gegee het: Gen 28:13; Eseg 37:25

*28:26 Jer 23:6; Eseg 36:28; 38:8

*29:1 — 32:32 Jes 19:1-25; Jer 46:2-26

^b29:1 10de jaar: 588 vC.

die woord van die HERE tot my gekom: ²“Mensekind, draai jou gesig na die farao, die koning van Egipte. Profeteer teen hom en die hele Egipte.

³ Praat en sê, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Dit is Ek teen jou, Farao,
koning van Egipte!
Jy, die groot krokodil^c
wat tussen sy strome lê,
wat sê, ‘Aan my behoort die Nyl,
ek het dit self vir my gemaak.’

⁴ Ek sal hake deur jou kake steek, *
die vis van jou strome laat vaskleef
aan jou skubbe.

Ek sal jou daar tussen jou strome
optrek,
saam met al die vis van jou strome
wat aan jou skubbe vaskleef.

⁵ *Ek sal jou in die woestyn^d laat lê,
jy en al die vis van jou strome.
Op die oop veld sal jy bly lê;
jy sal nie begrawe word,
nie bymekaargemaak word nie.
Aan die wilde diere van die aarde,
aan die voëls van die hemel

^c29:3 groot krokodil: Word ook vertaal “groot seemonster” of “groot draak”; vgl Jes 27:1; 51:9.

*29:4 hake ... steek: Eseg 38:4

*29:5 Jer 8:2; 25:33

^d29:5 woestyn: Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

gee Ek jou as voedsel.

⁶* Al die inwoners van Egipte
sal besef dat Ek die HERE is.

Want hulle was 'n riet
om op te leun
vir die huis van Israel:

⁷ Toe hulle jou vasvat
met die hand,
knak jy en skeur elke skouer oop;
toe hulle op jou leun,
breek jy en laat jy elke lende
bewe.^e”

⁸ “ ‘Daarom, so sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek bring 'n swaard teen jou; Ek gaan mens en dier in jou uitroei. ⁹ Egipteland sal 'n woesteny wees, 'n puinhoop. Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is.”

“ ‘ “Omdat hy^f gesê het, ‘Die Nyl behoort aan my — ek het dit self gemaak,’ ¹⁰ daarom, dit is Ek teen jou en jou strome! Ek maak Egipteland verlate puinhope van verwoesting, van Migdol^g tot by Sewene,^h tot by die grens van Kus.ⁱ ¹¹ 'n Voet van 'n mens sal dit nie deurkruis, en die poot van 'n dier sal nie daarvoor gaan nie. Dit sal

*29:6-7 2 Kon 18:21; Jes 30:3,5; 36:6; Jer 2:36

^e29:7 lende bewe: Die •Peshitta word hier gevolg. In die •bronteks wat lui “lendene laat (regop) staan” is twee letters klaarblyklik omgeruil.

^f29:9 hy: Dit verwys na die groot krokodil of seemonster; vgl Eseg 29:3.

^g29:10 Migdol: 'n Plek in die Nyldelta.

^h29:10 Sewene: Vandag bekend as Aswan.

ⁱ29:10 Kus: Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

veertig jaar lank nie bewoon word nie. ¹²* Ek maak Egipteland 'n woesteny tussen lande wat verlate lê. Sy dorpe sal 'n woesteny wees tussen stede wat tot puin verwoes is, veertig jaar lank. Ek sal die Egiptenare versprei onder die nasies en hulle verstrooi in die lande.

¹³ “ ‘ “Maar,” so sê my Heer, die HERE: “aan die einde van veertig jaar sal Ek die Egiptenare bymekaarmaak uit die volke waarheen hulle versprei is. ¹⁴ Ek sal die lot van Egipte verander en hulle terugbring na die land Patros,^j na hulle land van herkoms. * Daar sal hulle 'n onbelangrike koninkryk wees. ¹⁵ Teenoor ander koninkryke sal hulle onbelangrik wees. Egipte sal homself nie weer verhef bo die nasies nie. Ek sal hulle so gering maak dat hulle nie die nasies sal oorheers nie.

¹⁶ * Egipte sal nie weer vir die huis van Israel 'n bron van vertroue wees nie, maar 'n land^k wat hulle herinner aan sondeskuld toe hulle hulle na Egipte gewend het. Hulle sal beseft dat Ek, die Heer, die HERE is.” ’ ’ ”

¹⁷ In die sewe-en-twintigste jaar,^l op die eerste dag van die eerste maand, het die woord van die HERE tot my gekom: ¹⁸ “* Mensekind, Nebukadnesar, die koning van Babel, het sy leër 'n verskriklike taak opgelê by Tirus. Elke kop was kaal en elke skouer rou geskuur. Maar by Tirus was daar nie vir hom en sy leër 'n beloning vir die harde werk wat hy teen haar verrig het nie. ¹⁹ Daarom, so sê die Heer, die HERE, ‘Kyk, Ek gaan vir Nebukadnesar, die koning van Babel, Egipteland gee. Hy sal

*29:12 Jer 46:19; Eseg 30:7,23,26

^j29:14 Patros: 'n Naam vir Bo-Egipte; vgl Jer 44:1; Eseg 30:14.

*29:13-14 Ek die ... herkoms: Jer 46:26

*29:16 Jes 30:2-3

^k29:16 maar 'n land: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^l29:17 27ste jaar: 571 vC.

*29:18-19 Jer 43:10; 44:30; Eseg 26:7-8; 30:10,24; 32:11

die rykdom daarvan wegdra. Die oorlogsbuit wat hy daar roof en buitmaak,^m sal 'n beloning wees vir sy leër. ²⁰ As sy vergoeding waarvoor hy gewerk het, gee Ek vir hom Egipteland, want hulle het dit vir My gedoen.' Dit is die uitspraak van die Heer, die HERE.

²¹ “ ‘Op daardie dag sal Ek vir die huis van Israel nuwe krag gee,ⁿ en jou mond sal Ek weer oopmaak* om tussen hulle te praat. Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is.’ ”

30

Verdere profesieë teen Egipte

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Mensekind, profeteer en sê, ‘So sê my Heer, die HERE:

“Huil! Helaas, dit is die dag!

³ Ja, naby is die dag;

naby is die dag van die HERE —

'n dag van wolke;

'n tyd van oordeel oor nasies^o

sal dit wees.*

⁴ 'n Swaard sal teen Egipte kom;

daar sal 'n siddering van angs wees

in Kus^p

^m**29:19 oorlogsbuit ... buitmaak:** Letterlik ‘Hy het haar oorlogsbuit gebuit en haar roof het hy geroof.’

ⁿ**29:21 nuwe ... gee:** Die Hebreeuse idioom lui “'n horing laat uitspruit”. 'n Horing was die simbool van krag en aansien; vgl Ps 132:17.

^{*}**29:21 jou ... oopmaak:** Eseg 3:26-27; 24:27; 33:22

^o**30:3 tyd ... nasies:** Letterlik ‘die tyd van nasies’.

^{*}**30:2-3 Huil ... wees:** Joël 1:15; 2:1-2; Am 5:18

^p**30:4 Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan; vgl Gen 2:13.

wanneer deurboordes in Egipte val.
Hulle sal sy rykdom wegvat*
en sy fondamente afbreek.

⁵ “ ‘ * “Kus, Put^q en Lud,^r
al die huurtroepe^s en Kub,^t
ook mense uit die land
van die verbond^u
sal deur die swaard
saam met hulle val.”

⁶ “ ‘ * So sê die HERE:
“Hulle wat Egipte ondersteun,
sal val;
die krag waarop hy trots is,
sal ondergaan.
Van Migdol tot by Sewene*
sal hulle deur die swaard
in Egipte val.”

***30:4 Hulle ... wegvat:** Eseg 29:19

***30:5** Jer 25:20; 46:9

^q**30:5 Put:** Dit was 'n deel van Libië.

^r**30:5 Lud:** Daar is onsekerheid oor die ligging van Lud, êrens in Noord-Afrika.

^s**30:5 huurtroepe:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “gemengde bevolking” of “mense van ander afkoms”.

^t**30:5 Kub:** Daar is onsekerheid oor die plek. Sommige vertaal dit as “Libië”.

^u**30:5 mense ... verbond:** Dit verwys waarskynlik na Judeërs wat in Egipte gewoon het.

***30:6-7** Eseg 29:10

***30:6 Migdol ... Sewene:** Eseg 29:10

Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.

⁷ “ “*Hulle sal verlate wees
tussen lande wat verlate lê,
en sy dorpe sal lê tussen stede
wat puinhope is.

⁸ Hulle sal besef dat Ek die HERE is
wanneer Ek 'n vuur aansteek
in Egipte,
en al sy helpers gebreek word.

⁹ “ “Daardie dag sal boodskappers in skepe van My af uitgaan om
Kus, wat vol selfvertroue is, te verskrik. Daar sal 'n siddering van ang
by hulle wees op die dag van Egipte;^v want kyk, dit kom.”

¹⁰ “ “So sê my Heer, die HERE:
“Ek maak 'n einde
aan die rykdom van Egipte
deur die hand van Nebukadnesar,
die koning van Babel.

¹¹ *Hy en sy manskappe
saam met hom
— die gewelddadigstes
van die nasies —

*30:7 Eseg 29:12

^v30:9 dag van Egipte: Dit verwys na die val van Egipte.

*30:10 Eseg 29:19

*30:11 Eseg 28:7

word gebring om die land
te verwoes.

Hulle sal hulle swaarde trek
teen Egipte
en die land met deurboordes vul.
¹² *Ek sal die strome van die Nyl
droë grond maak,
en die land oorlewer
in die hand van booswigte.
Ek sal die land met alles daarin
verwoes deur die hand
van vreemdes.
Ek, die HERE, het gepraat.”

¹³ “ *So sê my Heer, die HERE:
“Ek sal die afgodsbeelde
vernietig,
die nikswerd afgode uit Nof^w
laat verdwyn;
en 'n hoofman uit Egipteland
sal daar nie meer wees nie.
Ek sal vrees laat posvat in Egipte.
¹⁴ Ek sal Patros^x verlate maak,

***30:12** Eseg 29:11-12

***30:13** Jer 43:12-13

^w**30:13 Nof:** Ook bekend as Memfis, die belangrikste stad in Benede-Egipte; 21 km suid van die huidige Kaïro; vgl Jes 19:13.

^x**30:14 Patros:** 'n Naam vir Bo-Egipte; vgl Eseg 29:14.

'n vuur aansteek in Soan,^y

oordele voltrek in No.^z

¹⁵ Ek sal my woede uitstort

oor Sin,^a die vesting van Egipte.

Ek sal die hordes van No uitroei.

¹⁶ Ek sal 'n vuur aansteek in Egipte;

Sin sal ineenkrimp van angs;

No sal oopgeruk word;

en Nof — helder oordag

is daar teenstanders!

¹⁷ Die jongmanne van On^b

en Pi-Beset^c

sal deur die swaard val;

die stede^d self sal in ballingskap

gaan.

¹⁸ In Tagpanhes^e sal die dag

donker wees

wanneer Ek daar die jukke

van Egipte breek,

^y**30:14 Soan:** 'n Stad aan een van die oostelike arms van die Nyldelta; vgl Num 13:22; Jes 30:4.

^z**30:14 No:** Thebes, die hoofstad van Bo-Egipte; vgl Jer 46:25.

^a**30:15 Sin:** 'n Hoofsetel van een van die Egiptiese dinastieë.

^b**30:17 On:** Heliopolis. Die •bronteks lui “Awen”.

^c**30:17 Pi-Beset:** Waarskynlik Bubastis. Die naam beteken ‘tuiste van die godin Bastet’.

^d**30:17 stede:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^e**30:18 Tagpanhes:** 'n Ou grensvesting oos van die Nyldelta; in Grieks bekend as Dafne; vgl Jer 2:16.

en die krag waarop hy trots is,
tot 'n einde kom.

Die stad self —

'n wolk sal dit oordek,
en haar dogters^f sal in ballingskap
gaan.

¹⁹ Ek sal oordele in Egipte voltrek,
en hulle sal besef

dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

²⁰ In die elfde jaar,⁸ in die eerste maand, op die sewende dag van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom: ²¹ “*Mensekind, die arm van die farao, die koning van Egipte, het Ek gebreek. Kyk, dit is nie verbind sodat dit kan genees, nie gespalk sodat dit sterk kan word en 'n swaard kan vashou nie. ²² Daarom, so sê die Heer, die HERE, ‘dit is Ek teen die farao, die koning van Egipte! Ek sal sy arms breek, die gesonde een en die gebreekte een. Ek sal sy swaard uit sy hand laat val, ²³ en Ek sal die Egiptenare onder die nasies versprei, hulle verstrooi in die lande. ²⁴ Ek sal die koning van Babel se arms sterk maak en my swaard in sy hand gee. Maar Ek sal die arms van die farao breek. Dodelik verwond, sal hy kreunend voor hom kerm. ²⁵ Ek sal die koning van Babel se arms sterk maak, maar die farao se arms sal slap hang. Hulle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek my swaard in die hand van die koning van Babel gee, en hy dit uitsteek na Egipteland. ²⁶ Ek sal die Egiptenare onder die nasies versprei en hulle verstrooi in die lande. Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is.’ ”

^f30:18 haar dogters: Die aangrensende dorpies.

⁸30:20 11de jaar: 587 vC.

*30:21-24 Jer 37:5-8

Egipte 'n gevalle seder

¹ In die elfde jaar ^h op die eerste dag van die derde maand het die woord van die HERE tot my gekom: ² “Mensekind, sê vir die farao, die koning van Egipte, en vir sy hordes,

‘Met wie kan jy vergelyk word
in grootte?

³ Kyk, Assirië was 'n seder
op die Libanon
met mooi takke wat die woud
oorskadu;

sy hoogte was geweldig,
sy top tussen die wolke.

⁴ Water het hom laat groei;
die oerwaterⁱ het hom hoog
laat word,
dit het sy strome laat vloei
rondom die plek
waar die seder geplant was.

Die oerwater het daarna
sy vore uitgestuur
na al die bome in die veld.

⁵ *Daarom was hy hoër
as al die bome in die veld,
en het sy takke baie geword,

^h**31:1 11de jaar:** 587 vC.

ⁱ**31:4 oerwater:** Dit verwys na ondergrondse water.

***31:5-6** Eseg 17:23

was sy lote wat hy uitgestoot het,
lank van al die water.

⁶* In sy takke het al die voëls
van die hemel nesgemaak,
onder sy lote het al die wilde diere
kleintjies gekry,
en in sy skaduwee het al die
verskillende nasies gewoon.

⁷ Hy was pragtig in sy volle grootte
met sy lang, blaarryke takke,
want sy wortels was by baie water.

⁸ Seders in die tuin van God
kon hom nie oorskadu nie;
sipresse kon met sy takke
nie vergelyk word nie,
en platane was nie so groot
soos sy lote nie.

Nie een boom in die tuin van God
kon met sy skoonheid
vergelyk word nie.*

⁹ Pragtig het Ek hom gemaak,
met sy oorvloed blare.

Al die bome van Eden
in die tuin van God*
het hom beny.

* **31:6** Matt 13:32; Mark 4:32; Luk 13:19

* **31:8** Nie een ... word nie: Eseg 28:13

* **31:9** Eden ... God: Gen 2:8

¹⁰ “ ‘ “Daarom,” so sê my Heer, die HERE: “omdat hy^j so hoog uitgestaan het, en hy sy top tot tussen die wolke^k gestoot het, en hy hooghartig was oor sy grootte, ¹¹ *het Ek hom oorgegee in die hand van 'n maghebber van die nasies. Hy sou beslis teenoor hom optree ooreenkomstig sy goddeloosheid. Ek het hom uitgedryf.^{1 12} *Vreemdes, die gewelddadigstes van die nasies, het hom afgekap en hom daar laat lê. Op die berge en in al die valleie het sy blare geval, en gebreek het sy lote in al die stroombeddings van die aarde gelê. Van sy skaduwee af het al die volke van die aarde weggegaan en hom daar laat lê. ¹³ *Op sy omgevalle stam was al die voëls van die hemel tuis, en op sy takke al die wilde diere. ¹⁴ Dit het gebeur, sodat al die ander bome by die water nie in hoogte sou uitstaan en hulle toppe tot tussen die wolke sou stoot nie, en sodat geen bome wat water kry op hulle eie,^m daar staan in hulle hoogheid nie. Hulle is immers almal vir die dood bestem, daar in die onderwêreld, tussen gewone mense, by hulle wat afdaal in die put.”ⁿ”

¹⁵ “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Die dag toe hy afgedaal het na die •doderyk,* het Ek 'n rouklag laat opklink: Oor hom het Ek die oerwater toegemaak; Ek het sy strome gestuit; die watermassa is teruggehou. Ek

^j**31:10 hy:** Die •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “jy”.

^k**31:10 die wolke:** Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “blare”; vgl egter Eseg 31:14.

***31:11** Jer 43:12

^l**31:11 uitgedryf:** Dieselfde woord word in Gen 3:24 gebruik vir die uitdrywing van Adam en Eva uit die tuin van Eden.

***31:12** Eseg 28:7

***31:13** Eseg 32:4

^m**31:14 op ... eie:** Talle Hebreeuse mss, die •Septuagint en die •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle magtiges”.

ⁿ**31:14 put:** •Doderyk.

***31:15 afgedaal ... doderyk:** Vgl Num 16:33

het oor hom die Libanon in swart geklee, en oor hom het al die bome in die veld versmag. ¹⁶ *Met die geluid van sy val het Ek nasies laat bewe.* Dit het gebeur toe Ek hom laat afgaan het na die doderyk, saam met dié wat afdaal in die put. In die onderwêreld was daar berusting by al die bome van Eden, die keur en die bestes van die Libanon, almal wat water trek. ¹⁷ Ook hulle het saam met hom afgedaal na die doderyk, na dié wat deur die swaard gesneuwel het — hulle, sy hulp,^o wat in sy skaduwee gesit het tussen die nasies.

¹⁸ “ ‘ “Met wie kan jy, Egipte, vergelyk word in eer en grootte onder die bome van Eden? Maar jy sal neergehaal word saam met die bome van Eden, af na die onderwêreld. Tussen onbesnedenes sal jy lê, saam met dié wat deur die swaard gesneuwel het.*

“ ‘ “Dit is die farao en al sy hordes,” is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

32

Treurlied oor die farao

¹ In die twaalfde jaar,^p in die twaalfde maand, op die eerste dag van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom: ² “Mensekind, hef 'n treurlied aan oor die farao,^q die koning van Egipte, en sê vir hom,

‘Jy was soos 'n jong leeu
onder die nasies;*

*31:16-18 Jes 14:15; Eseg 32:18-31

*31:16 Met ... bewe: Eseg 26:15

^o31:17 sy hulp: Die bronteks lui “sy voorarm”, 'n metafoor vir “hulp”.

*31:18 Tussen ... gesneuwel het: Eseg 28:10

^p32:1 12de jaar: 586 vC.

^q32:2 die farao: Die farao verpersoonlik Egipte en sy inwoners; vgl Eseg 32:12-16.

*32:2 Jy was soos 'n jong leeu ... nasies: Eseg 19:3,5-6; 38:13

jy was soos 'n krokodil^r
in die waters.

Jy het in jou riviere ingestorm,
jy het die water troebel gemaak
met jou pote,
jy het hulle strome modderig
gemaak.*

³ “So sê my Heer, die HERE:

“Ek sal my vangnet
oor jou gooi*
in die byeenkoms
van baie volke,
en hulle sal jou optrek
in my sleepnet.

⁴ *Ek sal jou op die grond laat lê,
jou in die oop veld weggooi.
Ek sal sorg dat al die voëls
van die hemel hulle
op jou tuismaak;
Ek sal die diere van die hele aarde
versadig maak van jou.

⁵ *Ek sal jou vleis
op die berge neersit.
Ek sal die valleie vul

^r**32:2 krokodil:** Word ook vertaal “seemonster” of “draak”; vgl Jes 27:1; 51:9.

***32:2 jy was soos 'n krokodil ... modderig gemaak:** Eseg 29:3-5

***32:3 Ek sal ... gooi:** Eseg 12:13; 17:20; Hos 7:12

***32:4-8** Eseg 29:5; 31:12-16

***32:5** Eseg 31:12

met jou oorskiet.^s

⁶ Ek sal die aarde tot by die berge
deurdrenk met jou bloed
wat vloei.

Die stroombeddings sal vol wees
van jou.

⁷ **Wanneer Ek jou uitdoof,
sal Ek die hemelruim oordek;
Ek sal sy sterre laat verdonker;
die son sal Ek met wolke bedek
en die maan sal nie sy lig
laat skyn nie.

⁸ Al die ligbronne
aan die hemelruim
sal Ek bo jou laat verdonker.
Ek sal duisternis
oor jou land bring.”
Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.’

⁹ “ ‘ “Ek sal die harte
van baie volke ontstel
wanneer Ek jou krygsgevangenes^t

^s**32:5 oorskiet:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Die Griekse vertaling van •Simmagus en die •Peshitta lui “maaiers”.

***32:7-8** Am 8:9; Mark 13:24-25; Op 6:12-13; 8:12

***32:7** Matt 24:29; Luk 21:25

^t**32:9 jou krygsgevangenes:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “jou verbreking”.

by die nasies uitbring,
na lande wat jy
nie geken het nie.

¹⁰ *Ek sal baie volke
oor jou verbyster laat;
hulle konings sal onbedaarlik
sidder oor jou
wanneer Ek my swaard voor hulle
swaai.

Hulle sal die hele tyd bewe,
elkeen uit vrees vir sy lewe
op die dag van jou val.

¹¹ Ja,” so sê my Heer, die HERE,
“die swaard van die koning
van Babel^u gaan jou bereik.*

¹² *Deur die swaarde
van krygsmanne
laat Ek jou hordes val;
hulle is die gewelddadigstes
van nasies, hulle almal.
Hulle sal die trots van Egipte
geweld aandoen;
al sy hordes sal uitgedelg word.

¹³ Ek sal al sy vee laat verdwyn
langs baie water.

*32:10 Eseg 26:16; 27:35

^u32:11 koning van Babel: Dit verwys na Nebukadnesar; vgl 21:19.

*32:11 die swaard ... bereik: Jer 46:26; Eseg 14:17; 21:19; 29:8,19

*32:12 Vgl Eseg 28:7; 30:11; 31:12

Die voet van 'n mens sal dit
nie weer troebel maak nie;
die hoewe van vee sal dit
nie troebel maak nie.

¹⁴ Dan sal Ek hulle waters
helder maak,
hulle riviere soos olie
laat vloei.”

Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.’

¹⁵ “ ‘ “Wanneer Ek die land Egipte
'n woesteny maak,
en die land verlate lê
van alles wat daarin was,
wanneer Ek al die inwoners daarin
neervervel,
sal hulle besef
dat Ek die HERE is.

¹⁶ Dit is 'n treurlied,
en hulle sal dit sing,
die dogters van die nasies
sal dit sing,
oor Egipte en al sy hordes
sal hulle dit sing.”
Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.’ ”

¹⁷ *In die twaalfde jaar,^v op die vyftiende van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom: ¹⁸ “*Mensekind, weeklaag oor die hordes van Egipte en laat hulle afdaal — ook Egipte^w en die dogters van magtige nasies — af na die aarde se diepste dele, saam met dié wat in die put^x afdaal. Sê vir hulle,^y

¹⁹ *‘Wie oortref jy^z in skoonheid?

Gaan af, word neergelê by
onbesnedenes!’

²⁰ “Tussen dié wat

deur die swaard

gesnuwel het, sal hulle val.

'n Swaard is gegee* —

sleep Egipte^a en al sy hordes weg!

²¹ *Die magtigste krygsmanne

sal midde-in die •doderyk

oor hom sê,

oor hom saam met sy helpers,

***32:17-21** Jes 14:9-11,15; Eseg 31:16-18

^v**32:17 12de jaar:** 586 vC.

***32:18** Eseg 31:14

^w**32:18 Egipte:** Die bronteks lui “haar”. Lande is vroulik in Hebreeus.

^x**32:18 put:** •Doderyk.

^y**32:18 Sê vir hulle:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***32:19** Eseg 28:10; 31:2,18

^z**32:19 jy:** Dit verwys na die farao.

***32:20 'n Swaard is gegee:** Eseg 30:25

^a**32:20 Egipte:** Die bronteks lui “haar”.

***32:21** Vgl Jes 14:9-10; Eseg 31:16-17

‘Hulle het afgedaal;
die onbesnedenes lê daar,
deurboor met die swaard.’

²² “Daar is Assirië^b

en sy hele skare —
rondom hom is hulle grafte,
almal gesneuweldes wat geval het
deur die swaard —

²³ * Assirië, wie se grafte geplaas is
op die uithoeke van die put.

Sy kontingent is rondom sy graf —
almal gesneuweldes,
geval deur die swaard,
hulle wat 'n skrikbewind gevoer het
in die land van die lewendes.

²⁴ “Daar is Elam, *

met al sy hordes
rondom sy graf —
almal gesneuweldes wat geval het
deur die swaard,
wat as onbesnedenes afgegaan het
na die aarde se diepste dele,

^b**32:22 Assirië:** Assirië word as 'n persoon voorgestel. Dieselfde geld vir Elam (Eseg 32:24-25), Mesek-Tubal (Eseg 32:26-28), Edom (Eseg 32:29) en ander gebiede (Eseg 32:30).

***32:23** Vgl Jes 14:15

***32:24 Elam:** Gen 10:22; Jer 49:34-39

wat 'n skrikbewind gevoer het
in die land van die lewendes.

Hulle dra hulle vernedering
saam met dié wat in die put
afdaal.

²⁵Tussen gesneuweldes het hulle
'n lêplek vir Elam ingerig
by al sy hordes.

Hulle is rondom sy graf,^c
almal onbesnedenes,
deurboor met die swaard;
want hulle het hulle skrikbewind
gevoer
in die land van die lewendes.

Hulle dra hulle vernedering
saam met dié wat in die put
afdaal;
tussen gesneuweldes
is hulle neergelê.

²⁶“Daar is Mesek-Tubal^d
en al sy hordes
rondom sy graf^e —

^c**32:25 rondom sy graf:** Die •Masoretiese leestradisie lui “rondom hom, sy grafte”.

^d**32:26 Mesek-Tubal:** Mesek was bergbewoners in Klein Asië suidoos van die Swartsee, en Tubal was die naam van 'n streek en ook 'n volksgroep in die ooste van Klein Asië naby Silisië. Die twee groepe word gewoonlik as 'n eenheid saam genoem; vgl Gen 10:2; Eseg 27:13; 38:2-3; 39:1.

^e**32:26 rondom sy graf:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “rondom hom is sy grafte”.

almal onbesnedenes,
is hulle deurboor met die swaard;
want hulle het 'n skrikbewind
gevoer
in die land van die lewendes.

²⁷ Hulle lê nie by die helde,
die gevallenes
uit die onbesnedenes^f nie,^{*}
hulle wat afgedaal het
in die doderyk
met hulle oorlogswapens,
hulle wie se swaarde
onder hulle koppe geplaas is.
Hulle sondeskuld sit aan hulle
gebeente,
want hulle was die verskrikking
van krygsmanne
in die land van die lewendes.

²⁸ “En jy, farao,^g
tussen onbesnedenes
sal jy gebreek word,
en lê by dié wat gesnuwel het
deur die swaard.

^f**32:27 uit die onbesnedenes:** Die Septuagint en •Oudlatynse vertaling lui “uit die verlede”.

^{*}**32:27 Hulle lê ... onbesnedenes nie:** Jes 14:18-20

^g**32:28 farao:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

²⁹ Daar is Edom,* sy konings
en al sy hoofmanne,
hulle wat ondanks
hulle magtige dade
neergelê is by dié
wat gesnuwel het
deur die swaard.

Ook hulle lê by die onbesnedenes,
saam met dié wat in die put afdaal.

³⁰ Die heersers uit die noorde*
is daar, hulle almal,
en al die Sidoniërs,*
wat afgedaal het
saam met die gesnuweldes;
ondanks hulle skrikbewind
van kragtige dade,
staan hulle beskaamd.

As onbesnedenes lê hulle
by dié wat gesnuwel het
deur die swaard.

Hulle dra hulle vernedering
saam met dié wat in die put
afdaal.

³¹ *"Die farao sal hulle sien

***32:29 Edom:** Gen 25:30; 36:1,8; Eseg 25:12-14

***32:30 heersers ... noorde:** Jer 25:26; Eseg 38:6,15; 39:2

***32:30 Sidoniërs:** Eseg 28:21-23

***32:31** Eseg 31:16-18

en dan berusting vind
oor al sy hordes
wat gesneuwel het deur die swaard —
die farao en sy hele leër.”
Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.
³² “Ja, Ek het sy verskrikking
toegelaat
in die land van die lewendes,
maar hy word neergelê
tussen onbesnedenes,
by dié wat gesneuwel het
deur die swaard —
die farao en al sy hordes.”
Dit is die uitspraak
van my Heer, die HERE.

33

Regverdige vergelding

¹* Die woord van die HERE het tot my gekom: ²“Mensekind, praat met die mense van jou volk en sê vir hulle, ‘Wanneer Ek 'n swaard oor 'n land bring, en die volk van die land neem iemand uit hulle geledere en stel hom vir hulle as 'n wag aan, ³* en hy sien die swaard kom oor die land, hy blaas op die ramshoring en waarsku die mense, ⁴* en iemand wat luister, hoor die geluid van die ramshoring, maar hy laat hom nie

* **33:1-9** Eseg 3:17-21

* **33:3** Num 10:9; Joël 2:1

* **33:4** Jer 6:17; Am 3:6

waarsku nie, en die swaard kom en neem hom weg — sy bloed sal op sy eie kop wees.^{h 5} *Die geluid van die ramshoring het hy gehoor, maar hy het hom nie laat waarsku nie; sy bloed is op hom. As hy hom laat waarsku het, sou hy sy lewe gered het.

⁶“ ‘Maar as die wag die swaard sien kom en hy blaas nie die ramshoring nie, en die volk word nie gewaarsku nie, en 'n swaard kom en neem 'n persoon uit hulle weg — hy is dan oor sy sondeskuld weggeneem; sy bloed sal Ek egter van die hand van die wag eis.’

⁷“Jy, mensekind, as 'n wag het Ek jou aangestel oor die huis van Israel. Jy sal uit my mond die woorde hoor, en dan moet jy hulle van my kant af waarsku. ⁸Wanneer Ek vir 'n goddelose sê, ‘Goddelose mens, jy gaan beslis sterf,’ en jy praat nie om die goddelose teen sy pad te waarsku nie — hy, die goddelose, sal dan oor sy sondeskuld sterf; sy bloed sal Ek egter van jou hand eis. ⁹As jy egter 'n goddelose waarsku teen sy verkeerde pad, om daarvan terug te draai, en hy draai nie terug van sy pad nie — hy sal deur sy sondeskuld sterf; maar jy, jou eie lewe het jy dan gered.

¹⁰ * “Jy, mensekind, sê vir die huis van Israel, ‘Dit is wat julle sê: “Omdat ons oortredings en ons sonde op ons druk, en ons daarvan wegteer, hoe kan ons bly leef?” ’ ¹¹ Sê vir hulle, ‘So seker as Ek leef, is die uitspraak van my Heer, die HERE: “Ek vind geen vreugde in die dood van die goddelose nie, maar wel vreugde daarin dat 'n goddelose terugkeer van sy pad, en leef. * Keer terug, keer terug van julle bose paaie! Waarom moet julle sterf, huis van Israel?” ’ ¹² En jy, mensekind,

^h**33:4 sy bloed ... wees:** Dit beteken dat hy verantwoordelik is vir sy eie dood, dat dit nie gewreek mag word nie.

* **33:5** Matt 27:25

* **33:10-20** Eseg 18:21-30

* **33:11 Ek vind ... leef:** Wys 1:13; Luk 15:7,10,32; 2 Pet 2:9

sê vir die mense van jou volk, ‘Die geregtigheid van die regverdige sal hom nie red op die dag van sy oortreding nie, en die goddeloosheid van die goddelose — daardeur sal hy nie tot 'n val kom op die dag wanneer hy hom bekeer van sy goddeloosheid nie. Ja, die regverdige, hy sal nie deur sy geregtigheid kan bly leef op die dag wanneer hy sondig nie.’

¹³ Wanneer Ek vir die regverdige sê hy sal beslis bly leef, maar hy vertrou op sy geregtigheid en doen onreg — geen van sy regverdige optrede sal in herinnering geroep word nie; deur die onreg wat hy gedoen het, daardeur sal hy sterf. ¹⁴ **En wanneer Ek vir die goddelose sê hy sal beslis sterf, maar hy bekeer hom van sy sonde, en hy doen wat reg en billik is — ¹⁵ *'n pand gee hy, die goddelose, terug, wat geroof is, vergoed hy, volgens die vaste voorskrifte wat die lewe gee, tree hy op, en hy doen geen onreg nie — sal hy beslis bly leef; hy sal nie sterf nie.

¹⁶ *Geeneen van die sondes wat hy gedoen het, sal tot sy nadeel in herinnering geroep word nie. Wat reg en billik is, het hy gedoen; hy sal beslis bly leef.

¹⁷ *‘‘Die mense van jou volk sê, ‘Die optrede van die Heer is onaanvaarbaar.’ Maar hulle optrede is onaanvaarbaar! ¹⁸ Wanneer 'n regverdige van sy geregtigheid afwyk en onreg doen, sal hy daardeur sterf. ¹⁹ En wanneer die goddelose afwyk van sy goddeloosheid en doen wat reg en billik is, as gevolg daarvan sal hy leef. ²⁰ Julle sê, ‘Die optrede van die Heer is onaanvaarbaar.’ Volgens elkeen se optrede sal Ek julle oordeel, huis van Israel. *’’

*33:14-17 Vgl Eseg 3:18

*33:14-15 Eseg 18:27

*33:15 Eks 22:1,4,7; Lev 6:2,4-5; 18:5; Num 5:6-7; Eseg 18:7

*33:16 Eseg 18:22

*33:17-19 Eseg 18:25-27

*33:20 Volgens ... Israel: Eseg 18:30

Val van Jerusalem

²¹ In die twaalfde jaar van ons ballingskap,ⁱ in die tiende maand, op die vyfde van die maand, het iemand wat uit Jerusalem ontvlug het, by my aangekom en gesê: “Die stad is verslaan!” ²² Die hand van die HERE was op my, die aand voor die een wat ontvlug het, daar opgedaag het; en Hy het my mond oopgemaak toe die man die oggend by my aankom. Hy het my mond oopgemaak en ek was nie meer stom nie.*

²³ Die woord van die HERE het tot my gekom: ²⁴ “Mensekind, dié wat op daardie puinhope in die land Israel woon, sê, ‘Abraham was net een, en hy het die land in besit geneem. Ons is baie, en aan ons is die land gegee as eiendom.’” ²⁵ Daarom, sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Julle eet vleis met die bloed nog daarin;”^j julle kyk op na julle afgodsbeelde, en julle vergiet bloed. Sal julle die land besit? ²⁶ Julle het op julle swaarde staatgemaak; julle het afstootlike dinge gedoen en julle het mekaar se vroue verontreinig.* Sal julle die land besit?” ’ ²⁷ *So moet jy vir hulle sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “So seker as Ek leef, hulle wat by die puinhope is, deur die swaard sal hulle val; hy wat in die oop veld is, vir die roofdiere gee Ek hom, sodat hulle hom opvreet; hulle wat in bergvestings en grotte is, deur pessiëkte sal hulle sterf. ²⁸ Ek maak die land 'n woesteny, 'n afgryslieke plek; sy trotse krag sal tot 'n einde kom. Die berge van Israel sal verlate wees, sonder verbygangers. ²⁹ Hulle sal

ⁱ33:21 12de ... ballingskap: 586 vC.

*33:22 Hy het my mond oopgemaak en ... stom nie: Eseg 3:26-27; 24:26-27; 29:21

*33:24 Abraham ... eiendom: Jes 51:2; Eseg 11:15

^j33:25 eet ... daarin: Die •bronteks lui “op die bloed eet”; vgl Lev 19:26.

*33:25 Julle eet ... daarin: Gen 9:4; Lev 1:5; 17:10-14

*33:26 julle het mekaar ... verontreinig: Lev 18:20

*33:27 Eseg 5:12; Op 6:8

besef dat Ek die HERE is wanneer Ek die land 'n woesteny maak, 'n afgryselike plek, weens al die afstootlike dade wat hulle gepleeg het.” ’

³⁰ “En wat jou betref, mensekind, die mense van jou volk praat oor jou met mekaar, langs die mure en by die ingange na die huise. Die een praat met die ander, elkeen met sy volksgenoot, en sê, ‘Kom hoor wat is die woord wat van die HERE uitgaan!’ ³¹ Dan kom hulle in skares by jou aan, en my volk gaan sit voor jou en hulle luister na jou woorde, maar hulle voer dit nie uit nie.* Ja, met hulle monde doen hulle hartstogtelik mee, maar hulle harte is net agter hulle onregmatige wins aan. ³² *Kyk, jy is vir hulle soos 'n hartstogtelike lied, 'n mooi klank, soos iemand wat mooi speel op snaarinstrumente: Hulle hoor jou woorde, maar om dit te doen, bestaan nie by hulle nie. ³³ Wanneer dit egter vervul word — en kyk, dit gaan vervul word — sal hulle besef dat daar 'n profeet in hulle midde was.*”

34

Die HERE se kudde

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “*Mensekind, profeteer teen die herders van Israel. Profeteer en sê vir hulle, vir die herders, ‘So sê my Heer, die HERE: “Wee die herders van Israel wat net aan hulleself weiding verskaf! Is dit nie die kleinvee aan wie die herders weiding moet verskaf nie? ³ *Die vet eet julle,^k en met die wol klee julle julleself;

*33:31 luister ... uit nie: Matt 7:26; Luk 8:21

*33:32 Deut 18:21; Luk 7:32

*33:33 sal hulle ... midde was: Eseg 2:5

*34:2-3 Jer 23:1-4; Sag 10:3; 11:4-17; Joh 10:1-16

*34:3-4 1 Pet 5:2-4

^k34:3 Die vet eet julle: Die •Septuagint en •Vulgaat volg ander vokale en lui “Die melk geniet julle.”

die vetstes slag julle, maar die kleinvee laat julle nie wei nie. ⁴ Dié wat swak is, het julle nie laat sterk word nie, en die siekes het julle nie gesond gemaak nie; dié met gebreekte bene het julle nie verbind nie; dié wat verstrooi is, het julle nie teruggebring nie, en dié wat weggeraak het, het julle nie gesoek nie,* maar met mag en geweld het julle oor hulle regeer. ⁵ *Hulle is verstrooi, sonder 'n herder. Hulle het die prooi geword van al die diere van die veld. Hulle is verstrooi; ⁶ my kleinvee dwaal rond op al die berge en op elke hoë heuwel. Oor die hele oppervlakte van die aarde is my kleinvee verstrooi, en niemand sien na hulle om of soek na hulle nie.”

⁷ “ ‘Daarom, herders, hoor die woord van die HERE: ⁸ *‘‘So seker as Ek leef,’’ is die uitspraak van my Heer, die HERE: ‘‘omdat my kleinvee buit geword het en my kleinvee voedsel is vir al die diere van die veld, omdat daar by hulle geen herder was nie, omdat my herders nie vir my kleinvee gesorg het nie, en die herders net aan hulleself weiding verskaf en my kleinvee nie laat wei het nie’’ ⁹ — daarom, herders, hoor die woord van die HERE. ¹⁰ Ja, so sê my Heer, die HERE: ‘‘Dit is Ek teen die herders! Ek sal my kleinvee van hulle hand eis en 'n einde maak aan hulle herderskap oor kleinvee, sodat die herders nie weer aan hulleself weiding sal verskaf nie. Ek sal my kleinvee uit hulle monde ruk; my kleinvee sal nie meer vir hulle voedsel wees nie.’’* ”

¹¹ “ ‘* Ja, so sê my Heer, die HERE: ‘‘Kyk, Ek self, ja, Ek, gaan omsien na my kleinvee en hulle opspoor. ¹² Soos 'n herder sy kudde opspoor op die dag wanneer hy tussen die verstrooide kleinvee is, so sal Ek my

*34:4 dié wat weggeraak ... gesoek nie: Matt 18:12-14; Luk 15:4-7

*34:5-6 1 Kon 22:17; Jer 50:6-7; Sag 10:2; Matt 9:36; Mark 6:34; 1 Pet 2:25

*34:8 Hand 20:29; Jud vs 12

*34:10 Dit ... wees nie: Sag 10:3

*34:11,16 Ps 23:1; Jes 40:11; Luk 15:4; 19:10

kleinvee opspoor. Ek sal hulle red uit elke plek waarheen hulle verstrooi is op 'n dag van onweerswolke en duisternis.

¹³ “ ‘ * “Ek sal hulle uitlei tussen die volke, hulle bymekaarmaak uit ander lande en hulle na hulle grond bring. Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, by die stroombeddings, en by al die woonplekke in die land. ¹⁴ In goeie weiding sal Ek hulle laat wei; op die berghoogtes van Israel sal hulle weiveld wees. Daar sal hulle in goeie weiding gaan lê; geil weiding sal hulle bewei op die berge van Israel. ¹⁵ ¹ Ek self sal my kleinvee laat wei; Ek self sal hulle laat lê en rus.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.

¹⁶ “ ‘ “Dié wat wegraak, sal Ek soek; dié wat verstrooi is, sal Ek terugbring; dié met gebreekte bene sal Ek verbind, en die swakkes sal Ek laat sterk word. Maar die vettes en die sterkes sal Ek uitdelg.^m Ek sal my skape laat wei op die regte manier.ⁿ

¹⁷ “ ‘ * “En wat julle betref, my kleinvee,” so sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek gaan regter wees tussen skaap en skaap, tussen skaapramme en bokramme. ¹⁸ Is dit nie vir julle genoeg dat julle die goeie weiding afwei en dan die res van die weiding vertrap met julle pote, dat julle skoon water drink en dit wat oorbly, dan met julle pote modderig maak nie? ¹⁹ Wat my kleinvee betref — hulle moet wei op dit wat julle vertrap het met julle pote, en hulle moet dit drink wat julle modderig gemaak het met julle pote. ²⁰ Daarom,” so sê my Heer, die HERE, vir hulle: “Kyk,

***34:13-15** Eseg 11:17; Matt 24:31

¹**34:15,23-24** In Joh 10:11 verwys Jesus na Eseg 34:15,23-24 as heenwysing na Homself.

^m**34:16 uitdelg:** Hierdie woord kom in een Hebreeuse ms nie voor nie, en twee mss lui “laat oppas”. Die Septuagint, •Peshitta en Vulgaat lui “oppas”.

ⁿ**34:16 op ... manier:** Word ook vertaal “in geregtigheid”.

***34:17** Matt 25:32-34

Ek self, ja, Ek, gaan oordeel tussen die vet skape en die maer skape.

²¹ Omdat julle al die swakkes met boud en blad wegstoot en met julle horings gaffel totdat julle hulle na buite verdryf het, ²² sal Ek my kleinvee te hulp kom, sodat hulle nie meer buit sal wees nie. Ek sal oordeel tussen skaap en skaap. ²³ ^{o*} Ek sal een herder oor hulle aanstel, en hy sal hulle laat wei — my dienskneg Dawid. Dit is hy wat hulle sal laat wei; dit is hy wat vir hulle 'n herder sal wees. ²⁴ ^{*} Ek, die HERE, sal hulle God wees, en my dienskneg Dawid sal die hoofman in hulle midde wees. Ek, die HERE, het gepraat.

²⁵ “ ‘ “^{**} Ek sal met hulle 'n vredesverbond sluit en roofdiere uit die land verwyder. Hulle sal veilig woon in die woestyn^p en in die ruigtes slaap. ²⁶ ^{*} Ek sal hulle en die gebied rondom my heuwel^q tot 'n seën maak. Ek sal die reënbuie op hulle tyd laat val; dit sal reënbuie wees wat seën bring. ²⁷ Die bome van die veld sal hulle vrug lewer, die grond sal sy opbrengs lewer, en hulle sal veilig wees op hulle grond. Hulle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek die skeie van hulle juk breek en hulle red uit die hand van dié wat van hulle slawe gemaak het.

²⁸ “ ‘ “Hulle sal nie weer buit wees vir ander nasies nie, en die diere van die veld sal hulle nie opvreet nie. Hulle sal veilig wees, en niemand

^o**34:23** In Joh 10:16 verwys Jesus na Eseg 34:23 as heenwysing na Homself; vgl Joh 1:45; Op 7:17

^{*}**34:23** Jes 23:4-5; Eseg 37:24

^{*}**34:24** Jer 30:9

^{*}**34:25-29** Jes 11:6-9

^{*}**34:25** Lev 26:6; Eseg 37:26; 38:8; Hos 2:18

^p**34:25 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^{*}**34:26** Gen 12:2; Jes 19:24; Sag 8:13; Mal 3:10

^q**34:26 my heuwel:** Dit verwys na die tempelberg in Jerusalem.

sal hulle opjaag nie. ²⁹ *Ek sal vir hulle gewasse wat aangeprys word,^r laat opskiet. Hulle sal nie meer van honger beswyk in die land nie, en hulle sal nie meer die vernedering deur die nasies hoef te verduur nie. ³⁰ *Hulle sal besef dat Ek, die HERE hulle God, by hulle is, en dat hulle, die huis van Israel, my volk is.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE: ³¹ “Julle is my kleinvee, die kleinvee van my weiding. Julle is my mense, Ek is julle God.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE. ’ ”

35

Straf oor Edom

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² **“Mensekind, draai jou gesig na die berg Seir^t en profeteer teen hom; ³ sê vir hom, ‘So sê my Heer, die HERE: “Dit is Ek teen jou, berg Seir! Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou 'n woesteny, 'n afgryselike plek maak. ⁴ Jou dorpe sal Ek puinhoop maak; en jy, jy sal verlate wees. Dan sal jy besef dat Ek die HERE is. ⁵ *Omdat jy 'n ewigdurende vyandskap koester, en jy die Israëliete oorgelewer het aan die mag van die swaard in die tyd van hulle teenspoed, in die tyd van finale straf, ⁶ daarom, so seker as Ek

*34:29 Eseg 36:6

^r34:29 gewasse ... word: Letterlik ‘plante van naam’. Die Septuagint, Peshitta en die •Oudlatynse vertaling lui “vredesplante”. Twee konsonante van die Hebreeuse woord is dan omgeruil.

*34:30 Lev 26:11-12

^s34:31 my: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*35:2-15 Jer 49:7-22; Eseg 25:12-14; Joël 3:19; Am 1:11; Ob vs 1-21

*35:2 Gen 32:3; 36:8-9; Deut 2:1,4-5; vgl Eseg 6:2

^t35:2 berg Seir: Die woonplek van Edom; vgl Gen 25:21-30.

*35:5 Ps 137:7

leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “aan bloedskuld^u sal Ek jou beslis onderwerp, en bloedskuld sal jou agtervolg. Jy het nie 'n weersin gehad in bloedskuld nie, en bloedskuld sal jou agtervolg.”*

⁷ “ ‘ “Ek sal die berg Seir 'n woesteny, 'n afgryslieke plek^v maak; Ek sal hulle wat daar verbytrek en terugkeer,^w uitroei. ⁸ Ek sal sy berge vol van sy gesneuweldes maak. Op jou^x heuwels, in jou valleie, in al jou stroombeddings — daar sal dié wat gesneuwel het deur die swaard, val. ⁹ 'n Ewige woesteny^y maak Ek jou; jou dorpe sal nie bewoon word nie, en julle sal besef dat Ek die HERE is. ¹⁰ Omdat jy gesê het, ‘Die twee nasies^z en die twee lande behoort aan my, en ons gaan dit in besit neem,’* — alhoewel die HERE daar was — ¹¹ daarom, so seker as Ek leef,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “Ek sal optree in ooreenstemming met jou toorn en afguns waarmee jy uit haat teen hulle opgetree het. Ek sal Myself aan hulle bekend maak wanneer Ek jou oordeel. ¹² Jy sal besef dat Ek die HERE is. Ek het al jou beledigings gehoor wat jy uitgespreek het teen die berge van Israel, deur te sê, ‘Hulle lê verlate — aan ons is hulle as voedsel gegee.’

^u**35:6 bloedskuld:** Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

***35:6 aan ... agtervolg:** Eseg 22:4; 32:6; Op 16:6

^v**35:7 afgryslieke plek:** 'n Aantal Hebreeuse mss word hier gevolg; vgl Eseg 35:3. Die •bronteks lui “'n woesteny”.

^w**35:7 verbytrek en terugkeer:** Dit verwys na handelskaravane.

^x**35:8 jou:** Wanneer 'n regter iemand gevonnissen het, het hy hom afwisselend tot die beskuldigde en die gehoor gewend.

^y**35:9 woesteny:** Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “woesteny”.

^z**35:10 twee nasies:** Dit verwys na Israel en Juda.

***35:10 Die ... neem:** Eseg 37:22

¹³ “ ‘ “Julle het julle groot gehou teen My met al julle gepraat;^a julle het julle woorde teen My net te veel gemaak.^b Ek self het dit gehoor.”

¹⁴ So sê my Heer, die HERE: “Terwyl die hele aarde verheug is, maak Ek jou 'n woesteny. ¹⁵ * Soos wat jy vreugde ervaar oor die erfgrond van die huis van Israel omdat dit verlate lê, só sal Ek met jou maak: Jy sal verlate lê, berg van Seïr, ja, die hele Edom. Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

36

Terugkeer van Israel

¹ “*En jy, mensekind, profeteer teen die berge van Israel en sê, ‘Berge van Israel, hoor die woord van die HERE! ² So sê my Heer, die HERE: “Omdat die vyand oor julle gesê het, ‘Aha!’ en ‘Die eeue-oue offerhoogtes — dit het ons eiendom geword!’ ”* ’ ³ daarom, profeteer en sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Omdat, ja, omdat hulle julle aan alle kante verwoes en geteister het, sodat julle die eiendom van die res van die nasies, die onderwerp van skinderstories in alle tale^c en van lasterpraatjies onder alle volke geword het,” ⁴ daarom, berge van Israel, luister na die woord van my Heer, die HERE! So sê my Heer, die HERE vir die berge, die heuwels, die stroombeddings, die valleie, die verwoeste puinhope en die verlate stede wat 'n buit en 'n voorwerp van spot geword het vir die res van die nasies aan alle kante* — ⁵ ja, so sê

^a35:13 met ... gepraat: Letterlik ‘met julle mond’.

^b35:13 net ... gemaak: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

*35:15 Eseg 36:5

*36:1 Vgl Eseg 6:1; 35:2

*36:2 Omdat ... geword: Eseg 25:3

^c36:3 onderwerp ... tale: Letterlik ‘opgehef op die lip van tale’.

*36:4 'n voorwerp ... kante: Ps 44:14

my Heer, die HERE: “Met die vuur van my heilige jaloesie praat Ek teen die res van die nasies en teen die hele Edom, wat met hartgrondige vreugde en veragting in die gemoed my land vir hulle as eiendom toegeëien het, sodat sy weivelde 'n buit kon wees.” ’

⁶ “Daarom, profeteer oor die grondgebied van Israel en sê vir die berge, die heuwels, die stroombeddings en valleie, ‘So sê my Heer, die HERE: “Kyk, in my heilige jaloesie en in my woede praat Ek, omdat julle die vernedering deur nasies moet verduur.” ⁷ Daarom, so sê my Heer, die HERE: “Ek self het my hand opgehef^d en gesweer:^e Wat die nasies rondom julle betref — hulle sal hulle vernedering moet dra; ⁸ maar julle, berge van Israel, julle sal lote gee en julle sal vrugte dra vir my volk Israel, want hulle koms is naby. ⁹ Ja, kyk, Ek is by julle, berge. Ek sal My na julle draai, en julle sal bewerk en beplant word. ¹⁰ *Ek sal mense op julle talryk maak — dit sal die hele huis van Israel wees, hulle almal. Die dorpe sal bewoon word, en die puinhope sal herbou word. ¹¹ *Ek sal mense en vee op julle, berge van Israel, talryk maak; hulle sal vermeerder en vrugbaar wees. Ek sal sorg dat julle bewoon word soos in julle vroeëre tye, en aan julle goed doen, meer as aan die begin. Dan sal julle besef dat ek die HERE is. ¹² Ek sal mense, my volk Israel, op julle laat loop, en hulle sal julle in besit neem, en julle sal hulle erfenis wees. Julle sal hulle nie weer kinderloos maak nie.”

¹³ “ *So sê my Heer, die HERE: “Omdat hulle vir julle sê, ‘Land,^f jy

^d**36:7 hand opgehef:** 'n Simboliese handeling by die aflê van 'n eed; vgl Deut 32:40.

^e**36:7 en gesweer:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***36:10** Jes 1:4; Am 9:14

***36:11** Jer 33:12; Eseg 16:55

***36:13-14** Jer 15:7; Eseg 5:17; 14:15

^f**36:13 Land:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

verslind mense, en jy het jou nasie telkens kinderloos gemaak’,
¹⁴ daarom, mense sal jy nie weer verslind nie en jou nasie sal jy nie weer kinderloos maak nie.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

¹⁵ “ ‘ “Ek sal jou nie weer die vernedering deur die nasies laat hoor nie; en die bespotting deur volke sal jy nie meer verduur nie. Jou nasie sal jy nie weer laat struikel⁸ nie.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

¹⁶ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹⁷ “*Mensekind, terwyl die huis van Israel op hulle grond gewoon het, het hulle dit verontreinig met hulle optrede en hulle daade. Soos onreinheid tydens menstruasie,^{*} was hulle optrede voor My. ¹⁸ *Ek het my woede oor hulle uitgestort oor die bloed wat hulle in die land gestort het en oor die afgodsbeelde waarmee hulle dit besoedel het. ¹⁹ Ek het hulle onder die nasies versprei, hulle in die lande verstrooi. In ooreenstemming met hulle optrede en hulle daade het Ek hulle geoordeel. ²⁰ *Toe hulle aankom by die nasies waarheen hulle gegaan het, het hulle my heilige Naam ontheilig, deurdat daar van hulle gesê is, ‘Dit is die HERE se volk hierdie, maar uit sy land moes hulle padgee.’ ²¹ Ek was begaan oor my heilige Naam, wat die huis van Israel so ontheilig het onder die nasies waarheen hulle gegaan het.

²² “Daarom, sê vir die huis van Israel, ‘So sê my Heer, die HERE: “Nie ter wille van julle doen Ek dit nie, huis van Israel, maar slegs ter wille van my heilige Naam,^{*} wat julle ontheilig het onder die nasies

⁸**36:15 laat struikel:** Verskeie Hebraëuse mss, en die •Targum lui “kinderloos maak”.

***36:17** Lev 18:25

***36:17 onreinheid ... menstruasie:** Lev 15:19-27

***36:18** Eseg 16:36; 22:3-4

***36:20** Jes 52:5; Eseg 20:39; Rom 2:24

***36:21-22 Ek was ... wille van my heilige Naam:** Ps 106:8; 115:1; Jes 43:25; 48:11; Eseg 20:9

waarheen julle gegaan het. ²³ *Ek sal my groot Naam heilig, wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het. Die nasies sal besef dat Ek die HERE is, ” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “wanneer Ek Myself deur julle as die Heilige betoon voor hulle oë. ²⁴ *Ek sal julle uit die nasies neem, en julle bymekaarmaak uit al die lande. Ek sal julle na julle grond bring. ²⁵ *Ek sal rein water oor julle sprinkel, en julle sal rein wees. Van al julle onreinhede en van al julle afgodsbeelde sal Ek julle reinig. ²⁶ *Ek sal vir julle 'n nuwe hart gee, 'n nuwe gees sal Ek in julle binneste gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en vir julle 'n hart van vlees gee. ²⁷ *My Gees sal Ek in julle binneste gee. Ek sal daarvoor sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer. ²⁸ Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorouers gegee het. Julle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir julle 'n God wees.* ²⁹ Ek sal julle verlos van al julle onreinheid. Ek sal na die koring roep en dit oorvloedig maak; Ek sal nie weer hongersnood oor julle bring nie. ³⁰ Ek sal die vrugte van die bome en die opbrengs van die landerye oorvloedig maak, sodat julle nie meer die bespotting oor hongersnood deur die nasies hoef te verduur nie. ³¹ *Julle sal terugdink aan julle bose optrede, aan julle dae wat nie goed was nie. Dan sal julle walg van julleself oor julle sondeskuld, oor julle afstootlike dae. ³² *Nie ter wille van julle doen Ek dit nie,” is die uitspraak van my Heer, die HERE. “Dit moet vir julle duidelik wees!

***36:23** Jes 29:23; Eseg 20:41; Matt 6:9

***36:24** Eseg 11:7; 34:13

***36:25** Jer 33:8; Joh 3:5; Heb 10:22

***36:26** Ps 51:12; Jer 4:4; 31:33; Eseg 11:19; 18:31; 2 Kor 3:3

***36:27** Eseg 37:14; 1 Thess 4:8; 1 Joh 3:23-24

***36:28 Julle sal vir ... wees:** Lev 26:12; Eseg 11:20

***36:31** Eseg 16:61-63

***36:32** Eseg 6

Wees verleë en skaam julle oor julle optrede, huis van Israel!”

³³ “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Die dag wanneer Ek julle reinig van al julle sondeskuld, sal Ek die stede weer laat bewoon; die puinhope sal opgebou word. ³⁴ Die land wat verlate was, sal bewerk word, in plaas daarvan dat dit 'n woesteny is ten aanskoue van elke verbyganger.

³⁵ *Hulle sal sê, ‘Hierdie land wat verlate gelê het, het soos die tuin van Eden* geword. Die stede wat puinhope was, verlate en platgeslaan, is versterk en word bewoon.’ ³⁶ Die nasies wat rondom julle oorgebly het, sal besef dat dit Ek, die HERE, is wat die platgeslane stede opgebou, die verlate land beplant het. Ek, die HERE, het gepraat, en Ek sal dit doen.”

³⁷ “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Ook nog dit sal ek die huis van Israel toelaat om van My te vra dat Ek dit vir hulle doen: Ek sal hulle vermeerder; soos kleinvee sal die mense wees.* ³⁸ Soos gewyde kleinvee, soos die kleinvee by Jerusalem in feestye, so sal die stede wees wat in puin lê — vol kuddes van mense. Dan sal hulle besef dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

37

Visioen van doodsbeendere

¹ Die hand van die HERE was op my.* Hy het my deur die Gees van die HERE uitgelei en my neergesit in die laagte* — dit was vol beendere.

² Hy het my keer op keer daarom laat loop; en kyk, daar het geweldig baie in die laagte gelê, en hulle was heeltemal verdroog!

*36:35 Jes 51:3

*36:35 tuin van Eden: Gen 2:4-15

*36:37 Ek sal ... wees: Ps 107:41

*37:1 Die hand ... op my: Eseg 3:1

*37:1 die laagte: Vgl 3:22-23; 8:4

³ *Hy vra toe vir my: “Mensekind, kan hierdie beendere leef?” Ek het geantwoord: “My Heer, HERE, net U weet dit.” ⁴ Toe sê Hy vir my: “Profeteer oor hierdie beendere. Sê vir hulle, ‘Verdroogde beendere, luister na die woord van die HERE. ⁵ *So sê my Heer, die HERE vir hierdie beendere: “Kyk, Ek gaan gees^h in julle laat kom, en julle sal leef. ⁶ Ek sal senings aan julle heg, vleis aan julle sit, vel oor julle trek, asem in julle gee, sodat julle kan leef. Dan sal julle besef dat Ek die HERE is.” ’ ’ ”

⁷ Ek het geprofeteer soos ek beveel is. Daar was 'n geluid net toe ek profeteer — 'n geratel! Die beendere het nader aan mekaar beweeg, been na been toe. ⁸ Ek het gekyk, en sowaar, aan hulle is daar senings, en vleis kom te voorskyn! Vel is van bo af oor hulle getrek,ⁱ maar daar was nog geen asem in hulle nie.

⁹ *Hy sê toe vir my: “Profeteer vir die wind! Profeteer, mensekind, en sê vir die wind, ‘So sê my Heer, die HERE: “Wind, kom uit die vier windrigtings! Blaas in hierdie doodgemaaktes, sodat hulle kan leef.” ’ ’ ”

¹⁰ Ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Die wind het in hulle ingegaan en hulle het lewend geword en op hulle voete gaan staan — 'n buitengewone groot leer! ¹¹ Hy sê toe vir my: “Mensekind, hierdie beendere is die hele huis van Israel. Kyk, hulle sê, ‘Ons beendere is verdroog, ons hoop is verlore, ons is afgesny.’* ¹² *Daarom, profeteer en sê vir hulle, ‘So sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek maak julle grafte oop, en Ek sal julle uit julle grafte laat opkom, my volk! Ek sal julle

***37:3** 1 Sam 2:6; Joh 5:21; 2 Kor 1:9

***37:5,10** Gen 2:7; Ps 104:30; Op 11:11; vgl Jes 26:19

^h**37:5 gees:** Die Hebreuse woord kan ook vertaal word “asem”, “wind” of “Gees”.

ⁱ**37:8 is van ... getrek:** Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “Hy het ... getrek”.

***37:9-10** Dan 12:2; Rom 8:11; Op 7:1; 20:4

***37:11 Ons beendere ... afgesny:** Ps 102:4; 141:7; Ef 2:12

***37:12** Jes 26:19; Jer 24:6; 30:2; Hos 13:14; Matt 27:52-53

terugbring na die grond van Israel. ¹³ Julle sal besef dat Ek die HERE is wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle uit julle grafte laat opkom, my volk. ¹⁴ *Ek sal my Gees in julle gee, en julle sal leef. Ek sal julle tot rus bring op julle grond. Dan sal julle besef dat Ek die HERE is. Ek het gepraat en Ek sal dit doen.” ’ ’ Dit is die uitspraak van die HERE.

Hereniging van Juda en Israel

¹⁵ Die woord van die HERE het tot my gekom: ¹⁶ “*En jy, mensekind, neem 'n stuk hout en skryf daarop, ‘Vir Juda* en vir die Israeliete verbonde aan hom.’ Neem dan nog 'n stuk hout en skryf daarop, ‘Vir Josef* — dit is die hout van Efraim* — en die hele huis van Israel verbonde aan hom.’ ¹⁷ Sit hulle teen mekaar as een stuk hout. Hulle moet 'n eenheid wees in jou hand. ¹⁸ Wanneer die mense van jou volk dan vir jou vra, ‘Sal jy nie vir ons vertel wat hierdie handeling van jou beteken nie?’ ¹⁹ moet jy vir hulle sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek gaan die hout van Josef neem, die hout wat in die hand is van Efraim, en die stamme van Israel verbonde aan hom, en Ek gaan hulle by hom, by die hout van Juda, plaas, en hulle een stuk hout maak. Dan sal hulle een wees in my hand.” ’ ²⁰ Die stukke hout waarop jy skryf, moet voor hulle oë in jou hand wees, ²¹ en dan moet jy vir hulle verklaar, ‘So sê my Heer, die HERE: “Kyk, Ek gaan die Israeliete wegneem tussen die nasies waarheen hulle gegaan het. Ek sal hulle byeenbring van oraloor en hulle na hulle grond bring.* ²² *Ek sal hulle een nasie maak in die

*37:14 Eseg 36:27; 39:29; Joël 2:28-29; 1 Thess 4:8

*37:16-22 1 Kon 1:28-37; 12:20,25; Jes 11:13; Vgl Sag 11:7,14

*37:16 **Juda:** Gen 25:23

*37:16 **Josef:** Gen 35:24

*37:16 **Efraim:** Gen 46:20

*37:21 **Kyk ... bring:** Eseg 36:24

*37:22,24-25 Jer 3:18; Eseg 28:25-26; 34:23-24

land op die berge van Israel, en een koning sal oor hulle almal koning wees. Hulle sal nie meer twee nasies wees, en hulle sal nooit weer verdeel wees in twee koninkryke nie. ²³ *Hulle sal hulleself nie meer verontreinig met hulle afgodsbeelde en hulle verfoeilike afgode, ja, met al hulle oortredings nie. Ek sal hulle verlos van al hulle afvalligheid^j waardeur hulle gesondig het. Ek sal hulle reinig; dan sal hulle vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. ²⁴ ^kMy dienskneg Dawid sal koning wees oor hulle, en daar sal een herder vir hulle almal wees. My bepalings sal hulle volg, en my vaste voorskrifte sal hulle nakom en dit uitvoer. ²⁵ Hulle sal woon in die land wat Ek aan my dienskneg, aan Jakob, gegee het — die land waarin julle voorouers gewoon het. Hulle sal daarin woon, hulle en hulle kinders en kleinkinders, vir altyd; en Dawid, my dienskneg, sal vir hulle 'n hoofman wees vir altyd.

²⁶ “ ‘ “*Ek sal met hulle 'n vredesverbond sluit — dit sal 'n blywende verbond met hulle wees. Ek sal hulle vestig en hulle baie laat word, en Ek sal my heiligdom tussen hulle vestig, vir altyd. ²⁷ *My woning sal by hulle^l wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir my 'n volk wees. ²⁸ *Die nasies sal besef dat Ek die HERE is wat Israel heilig, wanneer my heiligdom vir altyd tussen hulle sal wees.” ’ ”

***37:23** Eseg 36:29; Rom 11:26; Tit 2:14

^j**37:23** Ek ... **afvalligheid**: Verskillende ongevokaliseerde Hebreeuse mss en die vertaling van •Simmagus word hier gevolg. Die bronteks lui “Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke”.

^k**37:24** In Joh 10:11,16 verwys Jesus na Eseg 37:24 as heenwysing na Homself; vgl Joh 1:45; Op 7:17.

***37:26** Jer 31:31; Eseg 34:25; Heb 13:20

***37:27** Joh 1:14; 2 Kor 6:16; Op 21:3

^l**37:27** by **hulle**: Die bronteks kan ook vertaal word “oor hulle”; vgl Eseg 43:5.

***37:28** Eseg 36:23; 38:23; 39:7

Profesie teen Gog

¹ *Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “*Mensekind, draai jou gesig na Gog^m van die land Magog, die hoofleier van Mesek en Tubal,ⁿ profeteer teen hom ³ en sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Dit is Ek teen jou, Gog, hoofleier van Mesek en Tubal! ⁴ Ek sal jou laat omdraai, Ek sal hake deur jou kake steek* en jou op 'n veldtog^o laat uittrek, saam met jou hele leërmag — perde en ruiters, almal weelderig geklee, 'n groot menigte met grootskilde^p en kleinskilde, almal met swaarde gewapen. ⁵ Persië, Kus^q en Put^r* is saam met hulle, almal met skild en helm. ⁶ Gomer^s en al sy troepe, Bet-Togarma^t in die afgeleë noorde, met al sy

*38:1 — 39:29 Op 20:7-10

*38:2 Gen 10:2; 1 Kron 1:5; Eseg 27:13; 39:1,6

^m38:2 **Gog:** Die naam Gog word soms verbind aan Guges, die koning van Lidië (685-652 vC), 'n gebied in die suid-weste van Klein Asië. In Op 20:8 is Gog 'n mitiese figuur wat die bose verteenwoordig.

ⁿ38:2 **Mesek en Tubal:** Mesek was die naam van bergbewoners in Klein-Asië, suidoos van die Swart See. Tubal was die naam van 'n streek en ook 'n volksgroep in die ooste van Klein-Asië naby Silisië. Die twee groepe word gewoonlik saam genoem; vgl Eseg 27:13; 32:26.

*38:4 **hake ... steek:** Vgl Eseg 9:4

^o38:4 **op 'n veldtog:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p38:4 **grootskilde:** Lang, ovaalvormige skilde van hout, metaal of leer om die hele liggaam te beskerm.

^q38:5 **Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^r38:5 **Put:** Dit was 'n deel van Libië; vgl Eseg 27:10.

*38:5 **Kus en Put:** Gen 10:6; 1 Kron 1:8

^s38:6 **Gomer:** Kimmerië; vgl Gen 10:2; 1 Kron 1:5.

^t38:6 **Bet-Togarma:** Waarskynlik 'n gebied in Armenië; vgl Eseg 27:14.

troepe — baie volke is saam met jou. ⁷ Maak gereed en hou jou gereed, jy en die hele skare wat by jou aangesluit het. Tree vir hulle op as 'n wag. ⁸ *Ná 'n lang tyd sal jy opgeroep word; aan die einde van jare sal jy gaan na 'n land wat weer herstel het ná die swaard, 'n land waarvan die mense^u byeengebring is uit baie volke op die berge van Israel, die berge wat langdurig in puin gelê het. Hulle is uit die volke uitgelei, en hulle almal woon veilig. * ⁹ *Jy sal optrek; soos 'n stormwind wat losbreek, sal jy aankom, soos 'n wolkmassa om die land te bedek sal jy wees — jy en al jou troepe en die baie volke by jou.”

¹⁰ “ So sê my Heer, die HERE: “Daardie dag sal daar dinge in jou hart opkom; en jy sal 'n bese plan bedink ¹¹ en sê, ‘Ek sal optrek teen 'n land wat oop lê; ek sal toesak op hulle wat onverstoord en veilig woon, op almal wat sonder stadsmuur woon, en selfs nie 'n sluitbalk of poortdeure het nie.’ ¹² Jou doel sal wees^v om oorlogsbuit te roof en buit te maak,^w om jou hand uit te steek teen die puinhope wat bewoon word, teen 'n volk wat byeengebring is uit die nasies, wat kleinvee en besittings verkry het, wat woon in die middel van die aarde. ¹³ Skeba,^x Dedan^y en die handelaars van Tarsis, * met al sy jong leeus, sal vir jou

***38:8** Eseg 34:13; 36:8-11

^u**38:8** 'n land waarvan die mense: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***38:8** hulle ... veilig: Eseg 28:26; 34:28

***38:9** Jes 28:2

^v**38:12** Jou ... wees: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^w**38:12** oorlogsbuit ... maak: Letterlik ‘om oorlogsbuit te buit en roof te roof’.

^x**38:13** Skeba: 'n Gebied in die suide van Arabië; vgl Kon 10:1; Eseg 27:22.

^y**38:13** Dedan: 'n Oase 280 km noordwes van Medina; vgl Jes 21:13; Eseg 25:13; 27:15.

***38:13** Tarsis: Gen 10:4; 1 Kron 1:7; Eseg 27:12

vra, ‘Is dit om oorlogsbuit te roof dat jy gekom het? Is dit om buit te maak dat jy jou hordes byeengebring het — om silwer en goud weg te dra, om kleinvee en besittings te vat, om 'n groot oorlogsbuit te roof?’ ” ’

¹⁴ “Daarom, profeteer, mensekind, en sê vir Gog, ‘So sê my Heer, die HERE: “Sal jy dit nie besef, daardie dag wanneer my volk Israel veilig woon nie? ¹⁵ *Jy sal uit jou woonplek kom, uit die afgeleë noorde, * jy en baie volke saam met jou, almal ruiters te perd, 'n groot menigte, 'n ontsaglike leër. ¹⁶ Jy sal optrek teen my volk Israel, soos 'n wolkmassa, om die land te bedek. Aan die einde van die dae sal dit gebeur. Ek sal jou op my land laat toesak, sodat die nasies My kan leer ken wanneer Ek Myself voor hulle oë deur jou, Gog, as die Heilige betoon.*”

¹⁷ “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Is jy die een van wie Ek in vervloë dae gepraat het deur my diensknegte, die profete van Israel, wat in daardie tyd vir jare geprofeteer het dat Ek jou teen hulle te staan sal bring?

¹⁸ Maar daardie dag, die dag wanneer Gog op die grondgebied van Israel toesak,” is die uitspraak van my Heer, die HERE, “sal dít gebeur: In my woede sal my toorn opvlam. ¹⁹ *Met heilige jaloesie, met die vuur van my gramskap, verklaar Ek: Op daardie dag sal daar 'n groot aardbewing wees op die grondgebied van Israel. ²⁰ Vanweë my teenwoordigheid sal die visse in die see, die voëls van die hemel, die diere van die veld, al die diere wat op die grond kruip, en elke mens op aarde bewe. Die berge sal intuimel, die kranse sal ineenstort, en elke stadsmuur sal op die grond val. ²¹ *Ek sal die swaard teen Gog^z ontbied ter wille van al my

*38:15,23 Vgl Eks 14:4

*38:15 uit die ... noorde: Eseg 39:2

*38:16 sodat ... betoon: Eseg 20:41

*38:19-20 Hos 4:3; Hag 2:6; Op 11:13; 16:18

*38:21 Jer 25:31

^z38:21 teen Gog: Die bronteks lui “teen hom”.

berge,” is die uitspraak van my Heer, die HERE. “Die een se swaard sal teen die ander gerig wees. ²² *Ek sal met hom die saak bereg deur pessiëkte en bloedvergieting. Geweldige stortreën, groot haelstene, vuur en swael sal Ek op hom, op sy troepe en op baie volke wat by hom is, laat neerreën. ²³ *Ek sal Myself groot en heilig betoon en Myself bekend maak voor die oë van baie nasies. Hulle sal besef dat Ek die HERE is.” ’ ”

39

¹ * “En jy, mensekind, profeteer teen Gog en sê, ‘So sê my Heer, die HERE: “Dit is Ek teen jou, Gog, hoofleier van Mesek en Tubal! ² Ek sal jou laat omdraai en jou saamsleep;^a Ek sal jou laat optrek uit die afgeleë noorde. * Ek sal jou bring by die berge van Israel. ³ Dan sal Ek jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val. ⁴ Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou troepe en die volke wat by jou is. Aan die roofvoëls, al die gevleueldes, en aan die diere van die veld, gee Ek jou as voedsel. ⁵ Op die oop veld sal jy val, want Ek het gepraat.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

⁶ “ ‘ “Ek sal vuur slinger^b in Magog, en onder hulle wat veilig woon in die eilande.^c Hulle sal besef dat Ek die HERE is. * ⁷ My heilige Naam sal

*38:22 Op 8:7; 14:10; 16:18-21; 20:9-10; 21:8

*38:23 Eseg 36:23; 37:28; 39:7

*39:1-3 Eseg 38:1-4

^a39:2 saamsleep: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebraëuse woord. Dit sluit klaarblyklik aan by Eseg 38:4.

*39:2 Ek sal jou laat optrek ... noorde: Eseg 38:15

*39:6 Op 20:9

^b39:6 vuur slinger: Tydens 'n beleg is stede bestook met brandpyle en brandende voorwerpe uit katapulte.

^c39:6 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

*39:6 Hulle sal ... is: Eseg 38:23

Ek bekend maak midde-in my volk Israel. Ek sal my heilige Naam nie weer laat ontwy nie. Die nasies sal besef dat Ek die HERE is, heilig in Israel. ⁸ *Kyk, dit kom, dit sal gebeur,” is die uitspraak van my Heer, die HERE. “Dit is die dag waarvan Ek gepraat het.

⁹ “ “*Die inwoners van die dorpe van Israel sal uitgaan en vuur maak; hulle sal dit met wapens, met klein- en grootskilde, boë en pyle, knuppels en steekspiese aan die brand steek. Hulle sal sewe jaar lank daarmee vuur maak. ¹⁰ Hulle sal nie hout uit die veld aandra of in die bosse kap nie, want met die wapens sal hulle vure maak. Hulle sal hulle plunderaars plunder, hulle buitmakers buit.*” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

¹¹ “ “Op daardie dag sal Ek vir Gog 'n plek as graf gee in Israel, in die Vallei van Oberim,^d oos van die see.^e Dit sal 'n versperring wees vir verbygangers. Hulle sal Gog en sy hele horde daar begrawe, en die plek Vallei van Hamon-Gog^f noem. ¹² Die huis van Israel sal hulle begrawe om die land te reinig; dit sal sewe maande duur. ¹³ Die hele volk van die land sal hulle begrawe, en dit sal die volk^g tot roem strek op die dag wanneer Ek Myself verheerlik.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

¹⁴ “ “Hulle sal gereeld manne afsonder wat die land deurgaen, en verbygangers wat op die grond bly lê het, begrawe om die land te

***39:8** Eseg 7:10; 21:7; 38:17

***39:9** Ps 46:10

***39:10 Hulle sal hulle ... buit:** Jes 17:14; 33:1; Sag 14:4

^d**39:11 Oberim:** Die naam beteken ‘verbygangers’ en dit klink na die naam Abarim, 'n berg in Moab; vgl Num 33:47.

^e**39:11 die see:** Dit verwys na die •Dooie See.

^f**39:11 Hamon-Gog:** Die naam beteken ‘horde van Gog’.

^g**39:13 die volk:** Die •bronteks lui “hulle”.

reinig. Aan die einde van sewe maande sal hulle ondersoek instel. ¹⁵ *En hulle wat die land deurkruis — wanneer iemand menslike beendere sien lê, sal hy langsaan 'n merkteken oprig, totdat die begrawers dit begrawe het in die Vallei van Hamon-Gog. ¹⁶ Die naam van die dorp sal ook Hamona wees. So sal hulle die land reinig.” ’

¹⁷ **“En jy, mensekind,” so sê die Heer, die HERE: “Sê vir die voëls, vir al die gevleueldes, en vir al die diere van die veld: Kom bymekaar, ja, kom! Kom van oraloor byeen by my slagoffer wat Ek vir julle gaan slag — 'n groot slagoffer op die berge van Israel. Eet vleis en drink bloed!

¹⁸ Die vleis van helde sal julle eet en die bloed van die hoofmanne van die aarde sal julle drink — skaapramme, ramlammers, bokramme, bulle, almal vetgemaak in Basan.* ¹⁹ *Julle sal vet eet totdat julle versadig is, en bloed drink totdat julle dronk is van my offers wat Ek vir julle geslag het. ²⁰ Julle moet julle by my tafel versadig eet aan perde en strydwabemannings,^h aan helde en al die krygsmanne. ” Dit is die uitspraak van die Heer, die HERE.

²¹ “Ek sal my heerlikheid onder die nasies toon; al die nasies sal my oordeel sien wat Ek voltrek, en my hand wat Ek op hulle lê. ²² *Die huis van Israel sal besef dat Ek die HERE hulle God is, van daardie dag af en daarna. ²³ *Die nasies sal besef dat dit oor hulle sondeskuld is dat die huis van Israel in ballingskap gegaan het omdat hulle aan My ontrou was. Ek het my gesig vir hulle verberg en hulle oorgegee in die hand

*39:15 Num 19:16

*39:17-20 Op 19:17-18

*39:17,20 Sef 1:7; Op 19:21

*39:18 Basan: Jer 50:19; Miga 7:14

*39:19 Sef 1:7

^h39:20 strydwabemannings: Kan ook vertaal word “strydwaens”.

*39:22 Eks 14:4

*39:23-24 Deut 31:17; Eseg 36:18-23

van hulle teenstanders, en hulle het almal deur die swaard geval.

²⁴ Ooreenkomstig hulle •onreinheid en hulle oortredings het Ek teen hulle opgetree en my gesig vir hulle verberg. ²⁵ *Daarom,” so sê die Heer, die HERE “gaan Ek nou die lot van Jakob verander, en My ontferm oor die hele huis van Israel. Ek sal my ywer vir my heilige Naam toon.

²⁶ Hulle sal egter steeds hulle vernedering en al die ontrou wat hulle teen My gepleeg het, moet dra wanneer hulle veilig woon op hulle grond en niemand hulle verskrik nie, ²⁷ *wanneer Ek hulle van die volke af terugbring en hulle byeenbring uit die lande van hulle vyande, en Ek Myself as die Heilige betoon voor die oë van baie nasies. ²⁸ Hulle sal besef dat Ek, die HERE, hulle God is, wanneer Ek hulle in ballingskap laat wegvoer het na die nasies, en hulle op hulle grond bymekaargebring het, en nie meer enigiemand van hulle daar agtergelaat het nie. ²⁹ Ek sal nie weer my gesig vir hulle verberg nie,* want Ek het my Gees op die huis van Israel uitgestort.*” Dit is die uitspraak van die Heer, die HERE.

40

Visioen van die tempel

¹ *In die vyf-en-twintigste jaarⁱ van ons ballingskap, aan die begin van die jaar, op die tiende dag van die maand, in die veertiende jaar nadat die stad verslaan is, op presies daardie dag, was die hand van die HERE

*39:25 Jes 54:8; Jer 30:3

*39:27 Eseg 20:41; 38:23

*39:29 Ek sal ... verberg nie: Jes 54:8

*39:29 want ... uitgestort: Eseg 11:19; 37:14; Joël 2:28-29

*40:1 Vgl Eseg 1:1-3; 8:1,3; 37:1

ⁱ40:1 25ste jaar: 573 vC.

op my, en Hy het my na die stad^j geneem. ²*In visioene van God het Hy my na die land Israel geneem en my neergesit op 'n baie hoë berg waarop daar aan die suidekant iets soos 'n geboude stad was. ³*Hy het my daarheen geneem, en kyk, daar was 'n man wat gelyk het asof hy van brons was. Daar was 'n toutjie van vlas in sy hand, en ook 'n maatstok.^k Hy het in die poort gestaan. ⁴*Die man praat toe met my: “Mensekind, jy moet stip kyk en aandagtig luister,^l jou aandag^m rig op alles wat ek jou gaan wys, want jy is hierheen gebring met die doel om dit vir jou te wys. Maak alles wat jy sien, bekend aan die huis van Israel.”

⁵*Kyk, daar was 'n muur buite reg rondom die tempel. In die man se hand was die maatstok van ses el — hierdie el is 'n el en 'n hand breed.ⁿ Hy het die breedte van die muur^o gemeet, dit was een maatstok, en die hoogte was ook een maatstok.

⁶Hy kom toe by die poort wat oos front,^{*} klim met die trappe op, en

^j40:1 na die stad: Die •bronteks lui “daarheen”.

* 40:2 Op 21:10

* 40:3,5 Eseg 47:3; Sag 2:1-2; Op 11:1; 21:15

^k40:3 maatstok: Letterlik ‘meetriet’.

* 40:4 Vgl Eks 25:9,40; Eseg 3:10-11; 44:5

^l40:4 stip ... luister: Die Hebreuse idioom lui “met jou oë kyk en met jou ore hoor”.

^m40:4 jou aandag: Letterlik ‘jou hart’.

* 40:5 Vgl 1 Kron 3:3; Eseg 42:20; Op 21:16

ⁿ40:5 6 ... hand breed: Die bronteks lui “ses el met 'n el en 'n hand breed”. Die woord “el” word in Eseg 40 — 43 telkens gebruik vir die sogenaamde “lang el” of “koninklike el”. Dit was ongeveer 52,5 cm, en is gebruik by die opmeet van heiligdomme en koninklike geboue. Die maatstok was dus ongeveer 3,15 m lank.

^o40:5 die muur: Letterlik ‘die bouwerk’.

* 40:6 poort ... front: Eseg 11:1; 42:15; 43:1

meet die drumpel van die poort. Dit was een maatstok breed.^{p 7} Die dienskamers vir die wagte^q was een maatstok lank en een maatstok breed, en tussen die dienskamers was dit vyf el.^r Die drumpel van die poort aan die binnekant van die poort se portaal was ook een maatstok.

⁸ Toe meet hy die portaal van die poort aan die binnekant. ⁹ Dit was agt el^s lank, en die afskortingsmure^t was twee el^u dik. Die portaal van die poort was aan die tempel se kant. ¹⁰ Wat betref die dienskamers in die poort wat oos front, was daar drie aan die een en drie aan die ander kant; die drie van hulle aan elke kant^v het dieselfde afmetings gehad. Die afskortingsmure^w aan elke kant het dieselfde afmetings gehad.

¹¹ Toe meet hy die breedte van die opening na die poort: dit was tien el.^x

^p**40:6 drumpel ... breed:** Die bronteks lui verder: “die een drumpel, een maatstok breed”. Hierdie woorde kom nie in die •Septuagint voor nie en is waarskynlik 'n fout wat by die oorskryf van die teks ingesluit het.

^q**40:7 dienskamers ... wagte:** Plekke in die poort waar die poortwagters moes waghou.

^r**40:7 5 el:** Ongeveer 2,6 m. Dit verwys na die dikte van die kort mure wat die dienskamers of alkowe aan weerskante van die deurgang van mekaar geskei het.

^s**40:8-9 binnekant ... 8 el:** Talle Hebreuse mss, die •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks herhaal aan die einde van Eseg 40:8 en begin van Eseg 40:9 die woorde “was een maatstok. Toe meet hy die portaal van die poort”. Dit is waarskynlik 'n oorskryffout.

^t**40:9 afskortingsmure:** Dit verwys na die mure wat die deuropening by die uitgang van die portaal vorm.

^u**40:9 2 el:** Net meer as 1 m.

^v**40:10 aan elke kant:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^w**40:10 afskortingsmure:** Dit verwys na die kort mure waarvan in Eseg 40:7 sprake is.

^x**40:11 10 el:** Ongeveer 5,25 m. Dit verwys na die spasie wanneer die poortdeure oop is.

Die breedte van die poort self was dertien el.^y ¹² Daar was 'n keermuurtjie van een el^z hoog^a voor die dienskamers, ook een van een el aan die teenoorgestelde kant. Die dienskamers was ses el^b diep, ook ses el diep aan die teenoorgestelde kant. ¹³ Hy meet toe die poort van die dakhoek van een dienskamer tot by die dakhoek van 'n ander: dit was vyf-en-twintig el.^c Die ingange was regoor mekaar. ¹⁴ ^dToe doen hy dieselfde met die afskortingsmure: dit was sestig el^e tot by die afskortingsmuur na die voorhof — die poort reg rondom. ¹⁵ Van die voorkant van die poort af waar mens ingaan,^f tot aan die voorkant van die portaal van die poort aan die binnekant was dit vyftig el.^g ¹⁶ Daar was vensters met luike^h in die dienskamers en hulle afskortingsmureⁱ aan die binnekant van die poort, reg rondom. So was dit ook in die portaal^j — die vensters was reg rondom aan die binnekant. Op die afskortingsmure was daar palmette.

^y40:11 13 el: Ongeveer 6,8 m.

^z40:12 1 el: Ongeveer 52,5 cm.

^a40:12 keermuurtjie ... hoog: 'n Lae muurtjie van ongeveer 0,53 m, wat die dienskamers gedeeltelik afgesluit het van die deurgang deur die poort. Die woord “hoog” kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^b40:12 6 el: Ongeveer 3,1 m.

^c40:13 25 el: Ongeveer 13,1 m.

^d40:14 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die getalle klop nie. Die Septuagint volg heeltemal 'n ander lesing.

^e40:14 60 el: Ongeveer 31,4 m.

^f40:15 waar ... ingaan: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

^g40:15 50 el: Ongeveer 26,3 m.

^h40:16 met luike: Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie bouterm.

ⁱ40:16 en hulle afskortingsmure: Die bronteks volg 'n vreemde spelwyse, en daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie woorde.

^j40:16 portaal: Die bronteks lui “portale”.

¹⁷ *Die man het my toe na die buitenste voorhof geneem. Kyk, daar was vertrekke,^k en 'n plaveisel was reg rondom in die voorhof aangebring. Daar was dertig vertrekke langs die plaveisel. ¹⁸ Die plaveisel was langs die kante van die poortgeboue en het ooreengekom met die lengte van die poortgeboue. Dit was die laer plaveisel.¹ ¹⁹ Hy meet toe die afstand vanaf die voorkant van die laerliggende poort^m tot aan die buiterand van die binneste poort:ⁿ Dit was honderd el.^o Dit was die oostekant. Nou volg die noordekant.

²⁰ Wat die poort betref wat noord front, aan die buitenste voorhof — hy het die lengte en breedte gemeet. ²¹ Die drie dienskamers aan albei kante, die afskortingsmure en sy portaal het dieselfde afmetings gehad as dié van die eerste poort: vyftig el lank en vyf-en-twintig el breed.^p

²² Sy vensters, sy portaal en die palmette het dieselfde afmetings gehad as dié van die poort wat oos front. Met sewe trappe kon mens daarheen opklim, en sy portaal was aan die voorkant. ²³ 'n Poort na die binneste voorhof was geleë teenoor die poort aan die noordekant en so ook aan die oostekant. Hy het van poort tot poort gemeet — honderd el.

²⁴ Hy laat my toe na die suidekant gaan, en kyk, daar was 'n poort aan die suidekant. Hy het die afskortingsmure en die portaal daarvan gemeet; dit was soos die ander afmetings. ²⁵ Die poort en sy portaal het

* 40:17 Eseg 42:1,3-4,7-10; Op 11:2

^k40:17 **vertrekke:** By 'n heiligdom was dit gewoonlik vertrekke met sitplekke van klip aan drie kante. Die een kant was oop na 'n binnehof.

¹40:18 **laer plaveisel:** Die buitenste voorhof was laer as die binneste voorhof; vgl Eseg 40:20.

^m40:19 **laerliggende poort:** Die poort wat in Eseg 40:6-13 beskryf word.

ⁿ40:19 **poort:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “voorhof”; vgl egter Eseg 40:23.

^o40:19 **100 el:** Ongeveer 52,5 m.

^p40:21,25,29 **50 ... breed:** Ongeveer 25,3 x 13,1 m.

vensters reg rondom gehad, soos die ander vensters. Die poort was vyftig el lank en vyf-en-twintig el breed.²⁶ *Sewe trappe het toegang daartoe verleen, en die portaal was aan die voorkant. Dit het palmette gehad, een aan hierdie en een aan daardie kant van die afskortingsmure.²⁷ Die binneste voorhof het 'n poort na die suide gehad. Hy het van poort tot poort na die suide gemeet; dit was honderd el.

²⁸ Toe neem hy my na die binneste voorhof, deur die suidpoort. Hy het die suidpoort gemeet: dit was soos die ander afmetings.²⁹ Die dienskamers, die afskortingsmure en die portaal was soos die ander afmetings. Die poort en sy portaal het vensters reg rondom gehad. Die poort was vyftig el lank en vyf-en-twintig el breed.

³⁰ ^qDaar was portale reg rondom, vyf-en-twintig el lank en vyf el breed.

³¹ Sy portaal was aan die buitenste voorhof, met palmette teen die afskortingsmure. Sy buitetrappes het agt trappe gehad.

³² Toe neem hy my na die binneste voorhof aan die oostekant. Hy het die poort gemeet; dit was soos die ander afmetings.³³ Die dienskamers, die afskortingsmure en die portaal was soos die ander afmetings. Die poort en sy portaal het vensters reg rondom gehad. Die poort was vyftig el lank en vyf-en-twintig el breed.³⁴ Sy portaal was aan die buitenste voorhof, met palmette teen die afskortingsmure aan hierdie en aan daardie kant. Sy buitetrappes het agt trappe gehad.

³⁵ Toe neem hy my na die noordpoort. Hy het gemeet, en dit was soos die ander afmetings — ³⁶ die dienskamers, afskortingsmure en die portaal. Dit het vensters reg rondom gehad. Dit was vyftig el lank en

* 40:26 Vgl 1 Kon 10:5

^q40:30 Daar is onsekerheid oor hoe hierdie vers in die beskrywing inpas, en dit ontbreek in die Septuagint.

vyf-en-twintig el breed. ³⁷ Die portaal^r daarvan was aan die buitenste voorhof, met palmette teen die afskortingsmure aan hierdie en aan daardie kant. Die buitetrapp daarvan het agt trappe gehad.

³⁸ *Daar was 'n vertrek waarvan die toegang^s by die buitenste afskortingsmure van die poort was. Daar het hulle die •brandoffers afgespoel. ³⁹ *In die portaal van die poort was daar twee tafels aan hierdie en aan daardie kant om die brandoffers, •reinigingsoffers en •hersteloffers op te slag. ⁴⁰ Daar langsaan, aan die buitekant, waar 'n mens opklim na die ingang van die noordpoort, was daar twee tafels. En langsaan, aan die ander kant van die poort se portaal, was daar ook twee tafels, ⁴¹ altesaam vier tafels aan die een kant en vier tafels aan die ander kant langs die poort — agt tafels waarop geslag kon word. ⁴² Daar was ook vier tafels van gekapte klip vir die brandoffers, elkeen een en 'n halwe el lank, een en 'n halwe el breed en een el hoog.^t Daarop is die gereedskap neergesit waarmee die brandoffers en ander offers geslag is. ⁴³ Dubbelhake^u van een handbreedte is oral in die gebou aangebring. Op die tafels sou die vleis vir die offers wees.

⁴⁴ Buite die binneste poort was daar twee vertrekke^v in die binneste

^r**40:37 portaal:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “afskortingsmuur”.

^{*}**40:38** Lev 1:9; 2 Kron 4:6

^s**40:38 vertrek ... toegang:** Dit was waarskynlik 'n vertrek waarvan een kant oop was; vgl Eseg 40:17.

^{*}**40:39** 2 Kron 4:6

^t**40:42 1½ el lank ... 1 el hoog:** Ongeveer 0,78 x 0,78 x 0,52 m.

^u**40:43 Dubbelhake:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Dit word ook vertaal “Rakke”.

^v**40:44 twee vertrekke:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “vertrekke van sangers”; vgl egter Eseg 40:45-46.

voorhof — een wat suid front,^w langs die noordpoort, en een wat noord front, langs die suidpoort.^x ⁴⁵ Die man praat toe met my: “Hierdie vertrek wat suid front, is vir die priesters wat verpligtinge by die tempel nakom;^{*} ⁴⁶ en die vertrek wat noord front, is vir die priesters wat verpligtinge by die altaar nakom. Hulle is Sadokiete, uit die geslag van Levi, wat mag naderkom na die HERE om vir Hom diens te verrig.”

⁴⁷ Hy meet toe die voorhof. Dit was vierkantig, honderd el lank en honderd el breed. Die altaar was voor die tempel.

⁴⁸ *Toe neem hy my na die portaal van die tempel, en hy meet die afskortingsmure van die portaal. Dit was vyf el dik aan albei kante. Die breedte van die poort was veertien el,^y en die sykante van die poort was^z drie el^a aan albei kante. ⁴⁹ Die lengte van die portaal was twintig el, en die breedte elf el.^b Met tien trappe^c kon 'n mens daarheen opklim. Daar was pilare by die afskortingsmure, een aan elke kant.*

^w**40:44 front:** Dit verwys na die oop kant van die vertrek; vgl die voetnote by Eseg 40:17,38.

^x**40:44 suidpoort:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “oospoort”.

^{*}**40:45 priesters ... nakom:** Eseg 44:8,14

^{*}**40:46** 1 Kon 2:35; Eseg 42:13; 44:15,16; 48:11

^{*}**40:48-49** Vgl 1 Kon 6:3; 2 Kron 3:4

^y**40:48 14 el:** Ongeveer 7,3 m.

^z**40:48 14 el ... was:** Die Septuagint word hier gevolg. Die woorde kom nie in die bronteks voor nie.

^a**40:48 3 el:** Ongeveer 1,6 m.

^b**40:49 20 el ... 11 el:** Ongeveer 10,5 x 5,8 m.

^c**40:49 10 trappe:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “trappe”.

^{*}**40:49 Daar ... kant:** 1 Kon 7:21; 2 Kron 3:15-17

41

¹ Toe neem hy* my na die hoofvertrek van die tempel,^d en meet die afskortingsmure: Dit was ses el^e dik aan die een kant en ses el dik aan die ander kant. Dit was die breedte van die afskortingsmuur.^{f 2} *Die breedte van die ingang was tien el,^g en die symure van die ingang was vyf el^h aan albei kante. Toe meet hy die lengte van die hoofvertrek: Dit was veertig el.ⁱ Die breedte was twintig el.

³ Daarna gaan hy binnetoe^j en meet die afskortingsmuur by die ingang: Dit was twee el^k dik. Die ingang was ses el, en die symure^l van die ingang was sewe el.^{m 4} *Toe meet hy die lengte van die vertrek: Dit was twintig el. Die breedte, aan die voorkant van die hoofvertrek, was ook twintig el. Hy het vir my gesê: “Dit is die •Allerheiligste.”

⁵ *Hy meet toe die muur van die tempel: Dit was ses el dik. Die breedte van die sykamers aan alle kante reg rondom die tempel was vier el.^{n 6} Die

*41:1 hy Eseg 40:3

^d41:1 van die tempel: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^e41:1 6 el: Ongeveer 3,15 m (lang el); •Lengtemate.

^f41:1 breedte ... afskortingsmuur: Die •Septuagint word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “breedte van die tent”.

*41:2 1 Kon 6:2-3,17

^g41:2 10 el: Ongeveer 5,25 m.

^h41:2 5 el: Ongeveer 2,6 m.

ⁱ41:2 40 el: Ongeveer 21 m.

^j41:3 gaan hy binnetoe: Dit is na die •Allerheiligste.

^k41:3 2 el: Net meer as 1 m.

^l41:3 symure: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “breedte”.

^m41:3 7 el: Ongeveer 7,7 m.

*41:4 1 Kon 6:16,20; 2 Kron 3:8; vgl Eks 26:33-34

*41:5-11 1 Kon 6:5-6

ⁿ41:5 4 el: 3,68 2 m.

sykamers was sykamer op sykamer in drie verdiepings, dertig van hulle. Reg rondom het die buitemuur van die tempel trapsgewys vernou sodat daar steunpunte vir die sykamers kon wees en die steunpunte nie in die muur van die tempel sou wees nie. ⁷° Daar was rondom, hoër en hoër, meer ruimte vir die sykamers; want die tempel is, tot heel bo, rondom deur sykamers omring. Aan die buitekant was die tempel dus net so breed aan die bokant as aan die onderkant. 'n Mens kon deur die middelste verdieping na die boonste verdieping opgaan. ⁸ Ek het gesien dat daar reg rondom die tempel 'n opgeboude terras was wat as onderbou gedien het vir die sykamers. Dit was 'n volle maatstok hoog, ses el,^p tot by die basis van die sykamers.^q ⁹ Die buitemuur van die sykamers se dikte was vyf el. Die deel wat oopgelaat was tussen^r die sykamers van die tempel ¹⁰ en ander vertrekke, was twintig el^s breed, al om die tempel. ¹¹ Die ingange na die sykamers was uit die ruimte rondom die tempel — een ingang aan die noordekant en een ingang aan die suidekant. Die dikte van die buitemuur^t by die ingange was oral vyf el. ¹²* Die gebou aan die westekant van die tempel was sewentig el^u lank en negentig el breed, en was teenoor die ruimte waar toegang beperk is;^v

^o41:7 Die bronteks is moeilik verstaanbaar, en word verskillend vertaal.

^p41:8 volle ... el: Vgl Eseg 40:5.

^q41:8 tot ... sykamers: Die bronteks gebruik hier 'n enkele bouterm, en daar is onsekerheid oor die betekenis hiervan.

^r41:9 tussen: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “die tempel van”.

^s41:10 20 el: Ongeveer 10,5 m.

^t41:11 die buitemuur: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* 41:12 Vgl 1 Kron 26:18

^u41:12 70 el: Ongeveer 37 m.

^v41:12 ruimte ... is: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit dui waarskynlik net 'n gebied aan waar ongewyde persone nie kon kom nie.

die muur van die gebou was rondom vyf el dik.¹³ Daarna meet hy toe die tempel: Dit was honderd el^w lank. Die ruimte waar toegang beperk is, saam met die gebou en sy mure aan die westekant,^x was ook honderd el lank.¹⁴ Die breedte van die tempel aan die voorkant, insluitende die ruimte waar toegang beperk is aan die oostekant, was honderd el.¹⁵ Toe meet hy die breedte van die gebou langs die ruimte waar toegang beperk is, dié een aan die agterkant daarvan, saam met die lyste daarvan^y aan albei kante: Dit was honderd el.

Afwerking van die tempel

Die hoofvertrek, die binnevertrek^z en die portale by die voorhof,^{16*} die drumpels, die vensters met luike^a en met rame^b aan drie kante, uitgesonderd die vensterbank, was oral met hout beklee. Van die vloer af tot by die vensters^c was dit bedek.¹⁷ Tot aan die bokant van die ingange na die tempel, aan die binne- en buitekant, en rondom op elke muur binne en buite, was daar stroke afgemeet^{d 18*} waarop gerubs en

^w41:13 100 el: Ongeveer 52,5 m.

^x41:13 aan die westekant: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^y41:15 lyste daarvan: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse bouterm, en dit word verskillend vertaal.

^z41:15 binnevertrek: Die Allerheiligste.

* 41:16-20 Vgl 1 Kon 6:15-18

^a41:16 met luike: Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie bouterm.

^b41:16 rame: Die bronteks gebruik twee tegniese bou terme waarvan die betekenis onduidelik is, en wat waarskynlik na trapsgewys inspringende rame verwys.

^c41:16 die vensters: Die bronteks herhaal “die vensters”. Dit is moontlik 'n oorskryffout.

^d41:17 stroke afgemeet: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die woorde kom nie in die Septuagint voor nie.

* 41:18-20 1 Kon 6:29,32,35; 7:36

palmette aangebring was. Daar was elke keer 'n palmet tussen twee gerubs. Elke gerub het twee gesigte gehad — ¹⁹ die gesig van 'n mens, gerig na die palmet aan die een kant, en die gesig van 'n leeu, gerig na die palmet aan die ander kant. Dit was aangebring aan al die tempelmure reg rondom. ²⁰ Van die vloer tot aan die bokant van die ingange was daar gerubs en palmette.

Die muur ²¹ * van die hoofvertrek^e het 'n vierkantige kosyn gehad. Voor die heiligdom^f was daar iets wat gelyk het soos ²² 'n altaar van hout^g — drie el^h hoog, met 'n lengte van twee el; dit het hoeke gehad, en die voetstukⁱ en sykante was van hout. Die man sê toe vir my: “Dit is die tafel wat voor die HERE is.”

²³ * Die hoofvertrek en die heiligdom het dubbele deure gehad. ²⁴ Die deure het twee vleuels gehad, twee vleuels wat oopswaai, twee vir elke deur. ²⁵ Op die deure van die hoofvertrek was daar gerubs en palmette aangebring, soos op die mure. 'n Afskorting^j van hout was voor die portaal aan die buitekant. ²⁶ Daar was vensters met luike en palmette aan albei kante van die symure van die portaal, ook aan die sykamers van die tempel en die afskortings.

* **41:21-22** 1 Kon 6:20-21; vgl Eks 30:1-3; Eseg 44:16; Mal 1:7,12

^e**41:20-21 Die ... hoofvertrek:** Die bronteks lui “Die muur van die hoofvertrek, die hoofvertrek”. Die •Masorete het die woord “hoofvertrek” aan die einde van Eseg 41:20 egter gemerk as 'n woord wat uitgelaat moet word.

^f**41:21 heiligdom:** Die agterste vertrek van die tempel, wat vroeër ook as die Allerheiligste bekend gestaan het.

^g**41:21-22 was ... hout:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “was daar iets soortgelyks. Die altaar was van hout”.

^h**41:22 3 el:** Ongeveer 1,6 m.

ⁱ**41:22 die voetstuk:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “sy lengte”.

* **41:23-25** 1 Kon 6:31-35

^j**41:25 Afskorting:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

Priesterkamers

¹ Die man* het my in 'n noordelike rigting uitgelei na die buitenste voorhof,* en my geneem na die vertrekke teenoor die ruimte met beperkte toegang en teenoor die gebou aan die noordekant. ² Aan die voorkant by die ingang aan die noordekant, was die kamers^k honderd el^l lank en vyftig el^m breed. ³ Die kamers was langs 'n gang van twintig el breed wat deel is van die binneste voorhof, en teenoor die plaveisel wat deel is van die buitenste voorhof, en was gebou met 'n buitemuur wat driemaal tragsgewys vernou.ⁿ ⁴ Aan die voorkant van die vertrekke was daar 'n gang aan die binnekant; dit was tien el breed en honderd el^o lank, met die ingange aan die noordekant. ⁵ Die boonste vertrekke was smaller, want die vernouende vlakke het van hulle plek opgeneem, meer as die onderste en middelste vlakke van die gebou. ⁶ Ja, die kamers was in drie verdiepings gebou,^p en het nie pilare gehad soos dié by die voorhowe nie. Gesien vanaf grondvlak was die muur bo die onderste kamers teruggeskuif, en weer bo die middelste kamers. ⁷ Daar was 'n klipmuur wat aan die buitekant ewewydig met die vertrekke aan hulle voorkant in die rigting van die buitenste voorhof geloop het; dit was vyftig el lank.

* 42:1 Die man: Eseg 40:3

* 42:1 buitenste voorhof: Vgl Eseg 40:17

^k42:2 kamers: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^l42:2 100 el: Ongeveer 52,5 m (lang el; •Lengtemate.)

^m42:2 50 el: Ongeveer 26,3 m.

ⁿ42:3 gebou ... vernou: Die gebou het hoër telkens smaller geword; vgl Eseg 42:5.

^o42:4 100 el: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “een el”.

^p42:6 gebou: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

⁸ Terwyl die breedte van die vertrekke aan die buitenste voorhof vyftig el was, kyk, langs die heiligdom was die vertrekke honderd el lank. ⁹ Op die grondvlak van daardie ander vertrekke^q was die ingang aan die oostekant wanneer 'n mens daar wou ingaan uit die buitenste voorhof ¹⁰ by die begin^r van die klipmuur in die voorhof.

Aan die suidekant,^s al langs die ruimte met beperkte toegang en die gebou,^t was daar ook vertrekke, ¹¹ met 'n gang voor hulle. Dit het gelyk soos die vertrekke aan die noordekant — met dieselfde lengte en breedte. Ook alle uitgange, die uitleg en ingange was dieselfde. ¹² So was ook die ingange na die vertrekke aan die suidekant dieselfde. Daar was 'n ingang by die begin van die gang wanneer iemand daar wou ingaan — soos die gang langs die skermmuur wat oos strek. ¹³ *Die man het vir my gesê: “Die vertrekke aan die noordekant en die vertrekke aan die suidekant, wat langs die ruimte met beperkte toegang lê, is heilige vertrekke, waar die priesters wat na die HERE mag naderkom, die besonder heilige gawes^u moet eet. Daar moet hulle die besonder heilige gawes neersit — die •graanoffers, •reinigingsoffers en •hersteloffers — want die plek is heilig. ¹⁴ *Wanneer die priesters ingegaan het, mag hulle nie uit die heiligdom direk na die buitenste voorhof gaan nie, maar moet daar in die kamers eers hulle klere waarin hulle diens

^q42:9 daardie ... vertrekke: Dit verwys na die vertrekke in Eseg 42:1-6.

^r42:10 by die begin: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “by die breedte”.

^s42:10 suidekant: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “oostekant”.

^t42:10 die gebou: Dit verwys na die gebou agter die •tempel; vgl Eseg 41:12.

* 42:13 Lev 2:3; 10:13; 24:9; Eseg 40:46

^u42:13 besonder heilige gawes: 'n Deel van die offers wat die priesters kon gebruik, maar hulle kon dit nie huis toe neem nie en moes dit in die heilige gebied by die •tempel eet; vgl Num 18:9-10.

* 42:14 Eseg 44:19

gedoen het, neersit, want dit is heilig. Hulle moet ander klere aantrek en dan nadergaan na waar die volk is.”

Muur om die tempel terrein

¹⁵ *Toe die man klaar was met die opmeet van die tempel binne, het hy my uitgelei deur die poort wat oos front,* en die muur buite-om gemeet. ¹⁶ *Hy het die oostekant gemeet met die maatstok:^v Dit was vyfhonderd el lank met die maatstok.^w Hy het omgegaan^x ¹⁷ en die noordekant gemeet: Dit was vyfhonderd el lank met die maatstok. Hy het omgegaan, ¹⁸ en die suidekant gemeet: Dit was vyfhonderd el lank met die maatstok. ¹⁹ Toe het hy omgegaan na die westekant; hy het vyfhonderd el met die maatstok gemeet. ²⁰ *Aan al vier kante het hy die tempel terrein gemeet. Dit was vyfhonderd el lank en vyfhonderd el breed, en het 'n muur reg rondom gehad om skeiding te maak tussen wat heilig is en nie heilig is nie.

* **42:15-20** Eseg 45:2

* **42:15 poort ... front:** Eseg 40:6

* **42:16-20** Eseg 40:5

^v**42:16 maatstok:** Letterlik ‘meetriet’.

^w**42:16 500 ... maatstok:** Ongeveer 262,5 m. Die bronteks lui “vyfhonderd maatstokke met die maatstok”. Dit klop egter nie met die binnemate van die tempel terrein nie. Die Septuagint lui “vyfhonderd met die maatstok”. Dieselfde geld vir Eseg 42:17-19.

^x**42:16 Hy het omgegaan:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “rondom”. Dieselfde geld vir Eseg 42:17.

* **42:20** Eseg 45:2

Terugkeer van God se heerlikheid

¹ Die man* neem my toe na die poort, die poort wat oos front.* ² *En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het uit die ooste gekom!* Die geluid daarvan was soos die geluid van baie water, en die aarde het gestraal van sy heerlikheid. ³ Die visioen wat ek gesien het,^y was soos die visioen wat ek gesien het met sy koms^z om die stad te verwoes. Ja, die visioene was soos die visioen wat ek gesien het by die Kebarrivier.^{a*} Ek het neergeval met my gesig teen die grond. ⁴ *Die heerlikheid van die HERE het na die tempel gekom deur die poort wat oos front. ⁵ 'n Gees^b het my opgelig* en my na die binneste voorhof geneem. Kyk, die heerlikheid van die HERE het die tempel gevul!

⁶ Terwyl die man langs my staan, het ek iemand met my hoor praat uit

* **43:1 Die man:** Eseg 40:3

* **43:1 poort wat oos front:** Eseg 10:19; 40:6; 42:15; 44:1

* **43:2** Jes 6:3; Eseg 1:24,28; Op 1:15; 14:2; 19:6

* **43:2 die heerlikheid ... gekom:** Eseg 11:23

^y**43:3 Die ... gesien het:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “En soos die visioen was die visioen wat ek gesien het”.

^z**43:3 met sy koms:** Enkele Hebreuse mss, die Griekse vertaling van •Theodotion en die •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “met my koms”.

^a**43:3 Kebarrivier:** 'n Kanaal uit die Eufraatrivier tussen die stad Babel en die stad Warka.

* **43:3 Die ... Kebarrivier:** Eseg 1:1; Eseg 10:18-20

* **43:4-5** 1 Kon 8:10-11; Eseg 11:23-24; 44:4

^b**43:5 Gees:** Kan ook vertaal word “Wind”.

* **43:5 'n Gees ... opgelig:** 1 Kon 18:12; Eseg 3:12; 8:3; 11:1,24; Matt 4:1; Luk 4:1; Hand 8:39

die tempel. ⁷ *Hy het vir my gesê: “Mensekind, dit is die plek van my troon, die plek vir my voetsole, waar Ek tussen die Israeliete sal woon, vir altyd.* Die huis van Israel, hulle en hulle konings, sal nie weer my heilige Naam verontreinig met hulle hoerery, met die grafsuile^c van hulle konings wanneer hulle sterf^d nie. ⁸ Toe hulle hulle drumpel teen my drumpel geplaas het, en hulle deurkosyn langs my deurkosyn, en daar net 'n muur tussen My en hulle was,^e het hulle my heilige Naam verontreinig met die afstootlike dade wat hulle gedoen het, sodat Ek hulle in my toorn verteer het. ⁹ Nou sal hulle hulle hoerery en die grafsuile van hulle konings ver van My af verwyder; en Ek sal tussen hulle woon, vir altyd.

¹⁰ “*Jy, mensekind, moet vir die huis van Israel die tempel beskryf, sodat hulle beskaamd kan staan oor hulle sondeskuld. Laat hulle 'n model daarvan uitmeet. ¹¹ As hulle dan beskaamd staan oor alles wat hulle gedoen het, maak hulle vertrouwd met die sketsplan van die tempel, sy ontwerp, sy uitgange en ingange, al sy sketsplanne, al sy vaste voorskrifte, ja, al sy sketsplanne en al sy wette. Skryf dit voor hulle oë neer, sodat hulle al sy sketsplanne en al sy vaste voorskrifte sal bewaar en uitvoer.

* 43:7-9 Eks 25:8; Eseg 37:26-27; Op 21:3

* 43:7 dit is ... altyd: 1 Kron 28:2; Jes 60:1; 66:1

^c43:7 grafsuile: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Kan ook vertaal word “lyke”.

^d43:7 wanneer ... sterf: Verskillende Hebreëuse mss, die Griekse vertaling van •Theodotion en 'n uitgawe van die •Targum word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradisie lui “hulle offerhoogtes”.

^e43:8 net ... was: Salomo se paleiskompleks was direk langs die tempel geleë; vgl 2 Kon 11:13-16.

* 43:10 Eseg 40:4

¹² * “Dit is die wet vir die tempel: Op die kruin van die berg is die hele gebied van die tempel reg rondom besonder heilig. Kyk, dit is die wet vir die tempel.”

Voorskrifte vir die altaar

¹³ * “Dit is die afmetings van die altaar in elle — elke el is 'n el en 'n handbreedte^f lank.^g Die voor is een el diep en een el breed,^h en die rand daarvan al langs die kant is rondom een span.ⁱ Dit vorm dan die basis van die altaar. ¹⁴ Vanaf die voor in die grond tot by die laer lys is dit twee el,^j en die lys is een el breed; en van hierdie smaller lys tot by die hoër lys is dit vier el.^k Die breedte van die hoër lys is een el. ¹⁵ Die vuurmaakplek is vier el hoog, en uit die vuurmaakplek wys vier horings na bo. ¹⁶ Die vuurmaakplek is twaalf el lank en twaalf el breed^l — vierkantig, gemeet aan sy vier kante. ¹⁷ Die hoër lys is veertien el lank en veertien el breed,^m gemeet aan sy vier kante. Die rand rondom* is 'n

* **43:12** Eseg 40:2; 42:15-20

* **43:13-17** Eks 27:1-8; 1 Kon 8:64; 2 Kron 4:1; 7:7

^f**43:13 handbreedte:** Vier vingers; 7 cm.

^g**43:13 'n el ... lank:** Die sogenaamde “lang el” of “koninklike el”. Dit was ongeveer 52,5 cm, en is gebruik by die opmeet van heiligdomme en koninklike geboue; vgl Eseg 40:5.

^h**43:13 Die voor ... breed:** Van die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “en 'n voor, die el en el breed”.

ⁱ**43:13 1 span:** 'n Span is 'n halwe el; ongeveer 25 cm, indien die lang el as maatstaf geld. •Lengtemate.

^j**43:14 2 el:** Net meer as 1 m.

^k**43:14 4 el:** Ongeveer 2,1 m.

^l**43:16 12 ... breed:** Ongeveer 6,3 x 6,3 m.

^m**43:17 14 ...breed:** Ongeveer 7,3 x 7,3 m.

* **43:17 rand rondom:** Eseg 43:13

halwe el,ⁿ en die voor van die altaar is rondom een el diep. Die trappe front oos.”

¹⁸ *Die man het vir my gesê: “Mensekind, so sê my Heer, die HERE, ‘Dit is die vaste voorskrifte vir die altaar, vir die dag wanneer dit opgerig is om brandoffers daarop te bring en bloed daarteen te sprinkel: ¹⁹ Gee vir die priesters, die Leviëte uit die nageslag van Sadok* wat na My mag naderkom om My te dien, 'n jong bul as •reinigingsoffer.’ Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE. ²⁰ ‘Neem van die bloed en smeer dit aan die vier horings, aan die vier hoeke van die lys en aan die rand rondom, en reinig die altaar deur daarvoor versoening te doen. ²¹ Neem dan die bul vir die •reinigingsoffer en verbrand hom in die aangewese deel van die tempel buite die heiligdom. ²² Op die tweede dag moet jy 'n bokram sonder gebrek as •reinigingsoffer bring, en hulle moet die altaar daarmee reinig, soos hulle dit met die bul gereinig het. ²³ Wanneer jy klaar is met die reiniging, moet jy 'n jong bul sonder gebrek en 'n skaapram sonder gebrek uit die kleinvee naderbring. ²⁴ Bring hulle nader voor die HERE. Die priesters moet sout op hulle gooi* en hulle as brandoffer vir die HERE offer. ²⁵ *Sewe dae lank moet jy elke dag 'n bokram offer as reinigingsoffer; en hulle moet ook 'n jong bul en 'n skaapram uit die kleinvee offer, diere sonder gebrek. ²⁶ Sewe dae lank moet hulle versoening doen vir die altaar en dit dan rein verklaar. So moet hulle dit wy. ²⁷ *Nadat die dae verloop het, moet die priesters vanaf die agtste dag en daarna julle brandoffers en maaltydoffers op die

ⁿ43:17 ½ el: Ongeveer 26 cm.

* 43:18-26 Eks 29:14,36-37; Lev 8:10-16; Jer 33:18; 1 Mak 4:52-56

* 43:19 priesters ... Sadok: 2 Sam 15:24; 20:25; 1 Kron 24:3; Eseg 44:15; 48:11

* 43:24 sout ... gooi: Lev 2:13

* 43:25-26 Lev 8:33-35

* 43:27 Lev 9:1-2

altaar bring, en Ek sal julle aanvaar.’ Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.”

44

Toegang tot die tempel

¹ Die man* neem my toe terug na die buitenste poort van die heiligdom, die een wat oos front.* Dit was egter toe. ² Die HERE sê toe vir my: “Hierdie poort moet toe bly; dit mag nie oopgemaak word nie. Niemand mag daardeur ingaan nie, want die HERE, die God van Israel, het daardeur ingegaan.* Dit moet toe bly. ³ *Die hoofman^o mag, terwyl hy hoofman is, in die poort sit om voor die HERE brood te eet. Van die portaal van die poort se kant moet hy ingaan, en weer aan daardie kant uitgaan.”

⁴ *Toe neem die man my deur die noordpoort na die voorkant van die tempel. Ek sien toe, kyk, die heerlikheid van die HERE vul die huis van die HERE, en ek het neergeval met my gesig teen die grond. ⁵ *Die HERE sê toe vir my: “Mensekind, gee aandag!^p Kyk stip en luister aandagtig^q na alles wat Ek vir jou gaan sê oor al die vaste voorskrifte vir die huis van die HERE en oor al sy wette. Let noukeurig op die ingang na die

* 44:1 Die man: Eseg 40:3

* 44:1 poort ... front: Eseg 10:19; 40:6; 42:15; 43:1

* 44:2 want ... ingegaan: Eseg 43:4

* 44:3 Eseg 46:2,8

^o44:3 hoofman: Die Hebreeuse woord verwys dikwels na verkose leiers.

* 44:4 1 Kon 8:10-11; Eseg 43:4-5

* 44:5 Eseg 43:6-11

^p44:5 gee aandag: Letterlik ‘plaas jou hart’.

^q44:5 Kyk ... aandagtig: Die Hebreeuse idioom lui “Kyk met jou oë en hoor met jou ore”.

tempel en al die uitgange van die heiligdom. ⁶ Sê vir die opstandiges, vir die huis van Israel, ‘So sê my Heer, die HERE: “Dit is nou genoeg van al julle afstootlikhede, huis van Israel! ⁷ *Toe julle vreemdes, onbesnede van hart en liggaam, ingeneem het om in my heiligdom te wees, om dit, my huis, te ontheilig, toe julle self my voedsel, vet en bloed, nadergebring het, het julle my verbond verbreek, bo en behalwe al julle afstootlike dade. ⁸ Julle het nie die verpligting nagekom in verband met wat vir My heilig is nie, maar het ander aangestel om namens julle die verpligting teenoor My in my heiligdom na te kom.”

⁹ “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Geen vreemde, onbesnede van hart en liggaam, mag in my heiligdom kom nie, nie een van die vreemdes wat tussen die Israëliete woon nie — ¹⁰ * slegs die Leviëte mag daar inkom,^r hulle wat ver van My was toe Israel afgedwaal het, van My afgedwaal het agter hulle afgodsbeelde aan. Die Leviëte sal egter hulle sondeskuld moet dra: ¹¹ In my heiligdom sal hulle dienaars moet wees — in bevel van die poorte van die tempel — en dienaars in die tempel. Dit is hulle wat die •brandoffers en die •maaltydoffers vir die volk sal moet slag, en dit is hulle wat vir die volk gereed sal moet staan om hulle te dien. ¹² Omdat hulle vir die volk diens gedoen het voor hulle afgodsbeelde, en so vir die huis van Israel 'n struikelblok geword het wat sondeskuld meebring, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef^s en gesweer:^t Hulle sal hulle sondeskuld moet dra.” Dit is die uitspraak van my Heer,

* **44:7** Gen 17:10; Eks 12:43-49; Jer 4:4; Eseg 22:26; Hand 21:28

* **44:10-12** Num 18:23; 2 Kon 23:8-9; 1 Kron 23:2-5,28-32; Eseg 48:11

^r**44:10 mag ... inkom:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^s**44:12 hand ... opgehef:** 'n Simboliese handeling by die aflê van 'n eed.

^t**44:12 en gesweer:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

die HERE. ¹³ “Hulle mag nie naderkom na My toe om as priesters vir My op te tree nie, of naby enigiets kom wat vir My heilig is, naby die •besonder heilige gawes nie. Hulle moet hulle vernedering dra, en die gevolge van^u die afstootlike dade wat hulle gedoen het. ¹⁴ Ek sal hulle aanstel as die mense wat die verpligtinge in die tempel moet nakom — al die arbeid, ja, alles wat daar gedoen moet word.” ’ ’ ”

Levitiese priesters

¹⁵ * “ ‘ * “Maar die Levitiese priesters, die nageslag van Sadok, wat die verpligtinge in my heiligdom nagekom het toe die Israeliete van My afgedwaal het, net hulle mag naderkom na My toe om My te dien; hulle mag in my diens staan om vir My vet en bloed aan te bied.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

¹⁶ “ ‘ “Net hulle mag in my heiligdom ingaan, en net hulle mag naby my tafel kom om My te dien. Hulle sal die verpligtinge teenoor My nakom.

¹⁷ * “Wanneer hulle deur die poorte van die binneste voorhof gaan, moet hulle linneklere aanhê; hulle mag nie wol dra terwyl hulle diens doen binne die poorte van die binneste voorhof en binne die tempel nie.

¹⁸ Hulle moet linnekopdoeke op hulle koppe hê, en daar moet linnebroeke om hulle heupe wees. Hulle mag nie iets aanhê wat hulle laat sweet nie. ¹⁹ * “Wanneer hulle uitgaan na die buitenste voorhof,^v na die volk, moet hulle die klere waarin hulle diens gedoen het, uittrek, en

^u**44:13 gevolge van:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

* **44:15-31** Num 18:1-19

* **44:15** 2 Sam 15:24; 20:25; 1 Kron 24:3; Eseg 43:19; 48:10

* **44:17-18** Eks 28:39; 39:27-28

* **44:19** Eseg 42:14; 46:20

^v**44:19 na ... voorhof:** Sommige Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks herhaal “na die buitenste voorhof”.

dit neersit in die heilige vertrekke. Hulle moet dan ander klere aantrek, sodat hulle nie die volk heilig maak met hulle klere nie.

²⁰ “ ‘ “*Hulle koppe mag hulle nie kaal skeer nie, en ook nie hulle hare laat loshang nie; hulle moet hulle hare netjies knip. ²¹ *Geen priester mag wyn drink wanneer hy die binneste voorhof binnegaan nie. ²² *Met weduwees of geskeide vroue mag hulle nie trou nie, slegs met jongmeisies uit die nageslag van die huis van Israel, en met 'n weduwee wat die weduwee van 'n priester is, mag hulle trou. ²³ *Hulle moet my volk leer wat die verskil is tussen heilig en onheilig; en die verskil tussen rein en onrein moet hulle aan hulle bekend maak.

²⁴ “ ‘ “*By 'n geskil is dit hulle wat moet gereedstaan om 'n beslissing te gee. Volgens my beslissings moet hulle die saak besleg. My wette en vaste voorskrifte moet hulle by al my feeste nakom, en my Sabbatte heilig hou.

²⁵ “ ‘ “*By 'n dooie mens mag 'n priester nie kom en sodoende onrein word nie. Slegs in die geval van 'n vader of moeder, seun of dogter, broer of suster wat nie 'n man gehad het nie, mag hulle hulleself wel verontreinig. ²⁶ *Ná sy reiniging moet sewe dae afgetel word. ²⁷ Die dag wanneer hy dan die heiligdom binnegaan, na die binneste voorhof, om in die heiligdom diens te doen, moet hy sy •reinigingsoffer bring.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’

²⁸ “ ‘ “*Daar sal vir hulle 'n erfdeel wees: Ek is hulle erfdeel.

* 44:20 Lev 21:5

* 44:21 Lev 10:9

* 44:22 Lev 21:7,13-14

* 44:23 Lev 10:10-11; Eseg 22:26

* 44:24 Deut 17:8-9; Eseg 20:11-12,19-20

* 44:25 Lev 21:1-3

* 44:26 Num 19:11-12

* 44:28 Num 18:20-24; Deut 18:1-2; Jos 13:14

Grondgebied mag julle nie vir hulle in Israel gee nie: Ek is hulle grondgebied. ²⁹ Die •graanoffers, •reinigingsoffers en •hersteloffers — net hulle mag dit eet. Alles wat in Israel onder die ban^w is, sal hulle s'n wees. * ³⁰ Die keur van al die eerste vrugte van alle soorte, en elke wydingsgeskenk^x van alle soorte, al julle wydingsgeskenke, sal die priesters s'n wees. Die eerste deel van julle baksel^y moet julle vir die priesters gee, sodat daar seën op jou huis sal rus.

³¹ “ ‘ * “Enigiets wat doodgegaan het of verskeur is, of dit voëls of diere is — priesters mag dit nie eet nie.” ’ ’ ”

45

Verdeling van grond

¹ “ ‘ “* “Wanneer julle die land as erfenis toedeel, moet julle vir die HERE 'n wydingsgeskenk^z eenkant hou, 'n heilige deel uit die land, vyf-en-

^w44:29 onder die ban: Dit verwys na enigiets wat iemand uitsluitlik aan die HERE gewy het; vgl Num 18:14.

* 44:29 Alles ... wees: Lev 27:21,28

* 44:30 Num 15:20; Rom 11:16

^x44:30 wydingsgeskenk: Enige gawe wat aan die diens van die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

^y44:30 baksel: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “deeg”, “meel” of “growwe meel”.

* 44:31 Lev 7:26; 22:8

* 45:1-6 Eseg 48:8-20

^z45:1 wydingsgeskenk: Enige gawe wat aan die diens van die HERE afgestaan is.

twintigduisend el lank en twintigduisend^a el breed.^b Dit moet heilig wees, sy hele gebied, die volle omvang daarvan. ² Hiervan moet die deel vir die heiligdom vyfhonderd by vyfhonderd el wees, 'n volledige vierkant, en dit moet vyftig el oop veld reg rondom hê. ³* Van hierdie afgemete terrein moet jy vyf-en-twintigduisend el lank en tienduisend el breed^c afmeet, en daarop moet die heiligdom wees, 'n besonder heilige gebied. ⁴ Dit is 'n heilige deel van die land, bestem vir die priesters wat die heiligdom bedien, hulle wat mag naderkom om die HERE te dien. Dit moet 'n plek wees vir hulle huise en 'n heilige plek vir die heiligdom. ⁵ 'n Gebied van vyf-en-twintigduisend el lank en tienduisend el breed is bestem vir die Leviete, die tempeldienaars, as grondgebied vir hulle dorpe om in te woon.^d ⁶ As eiendom van die stad moet julle 'n gebied van vyfduisend el breed en vyf-en-twintigduisend el lank^e eenkant hou, direk langs die heilige wydingsgeskenk. Vir die hele huis van Israel moet dit beskikbaar wees. ⁷ Die hoofman^f se gebied is weerskante van die heilige wydingsgeskenk en die eiendom van die stad, al langs die heilige wydingsgeskenk en al langs die eiendom van die stad, aan die westekant weswaarts en aan die oostekant ooswaarts, met dieselfde lengte as een van die dele van 'n stam,^g van die wesgrens tot die

^a45:1 20 000: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “10 000”; Eseg 45:3,5 het waarskynlik die lesing “10 000” tot gevolg gehad.

^b45:1 25 000 ... breed: Ongeveer 13,1 x 10,5 km.

* 45:3 Eseg 42:15-20; 48:10

^c45:3 25 000 ... breed 13,1 x 5,2 km.

^d45:5 dorpe ... woon: Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “20 vertrekke”.

^e45:6 5 000 ... lank: 2,6 x 13,1 km.

^f45:7 hoofman: Die Hebreeuse woord verwys dikwels na verkose leiers.

^g45:7 van 'n stam: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Eseg 48:8.

oosgrens ^{8*} van die land. Dit moet sy grondgebied in Israel wees. Nooit weer mag my hoofmanne my volk verdruk nie. Die grond moet hulle aan die huis van Israel, aan hulle stamme, gee.”

^{9*}“ ‘So sê my Heer, die HERE: “Dit is nou genoeg, hoofmanne van Israel! Die geweld en onderdrukking, staak dit! Doen wat reg en billik is! Hou op met julle verdrywing van my volk!” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.’ ”

Mate en gewigte

^{10*}“ ‘ “Julle moet 'n onvervalste weegskaal, 'n onvervalste •efa^h en 'n onvervalste •batⁱ hê. ¹¹ Die efa en die bat moet dieselfde inhoud hê: 'n Bat moet 'n tiende van 'n gomer^j hou, en 'n efa ook 'n tiende van 'n gomer. Die gomer moet die standaardmaat wees. ¹² 'n Sikkel^k moet twintig •gera^l wees; en twintig sikkel, vyf-en-twintig sikkel en vyftien sikkel moet vir julle 'n mina^m wees.” ’ ”

*45:8 Eseg 22:27; 46:18

*45:9 Jer 22:3-5

*45:10-12 Lev 19:35-36; Deut 25:14-15; Am 8:5

^h45:10 efa: Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

ⁱ45:10 bat: Ongeveer 22 ℓ.

^j45:11 gomer: Ongeveer 220 ℓ.

^k45:12 sikkel: Ongeveer 11,4 g; •Geldeenhede.

^l45:12 gera: 1 Gera is ongeveer 0,6 g.

^m45:12 twintig ... mina: 60 sikkel, terwyl dit normaalweg 50 sikkel is. Die Septuagint volg 'n ander lesing, en daarom is daar vrae oor die korrektheid van die bronteks.

Wydingsgeskenke

¹³ * “ ‘ “Dit is die wydingsgeskenkⁿ wat julle moet afstaan: 'n sesde van 'n efa^o uit 'n gomer^p koring en 'n sesde van 'n efa uit 'n gomer gars; ¹⁴ die vasgestelde hoeveelheid olyfolie — die bat is^q vir olyfolie die maat — naamlik een tiende bat uit 'n kor,^r dit wil sê tien bat, of 'n gomer, want tien bat is 'n gomer; ¹⁵ * en dan ook een skaap uit 'n kleinveetrop van tweehonderd uit die waterryke gebied van Israel. Dit is vir •graanoffers, •brandoffers en •maaltydoffers om vir julle^s versoening te doen.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE. ¹⁶ “Die hele volk van die land is verplig tot die afstaan van hierdie wydingsgeskenk aan die hoofman in Israel.

¹⁷ * “ ‘ “Op die hoofman rus dan 'n verpligting in verband met die brandoffers, die graanoffers en die •drankoffers op die feeste, op die nuwemaansfeeste* en die Sabbatte, op al die feestye van die huis van Israel. Hy moet die •reinigingsoffer, die graanoffer, die brandoffer en die maaltydoffers voorsien om versoening te doen vir die huis van Israel.” ’ ’ ”

*45:13-17 Eks 30:13-16; Eseg 44:30; vgl Matt 23:23

ⁿ45:13 **wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die diens van die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte, voedsel of grond. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

^o45:13 **efa:** Vgl voetnoot in Eseg 45:10.

^p45:13 **gomer:** Vgl voetnoot in Eseg 45:11.

^q45:14 **bat:** Vgl voetnoot in Eseg 45:10

^r45:14 **kor:** Ongeveer 220 ℓ.

*45:15 Lev 1:2; 2:1; 3:1

^s45:15 **julle:** Die Septuaginta word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle”.

*45:17 Eks 23:14; Eseg 46:4-7

*45:17 **nuwemaansfeeste:** Num 28:11-14

Feeste en offers

¹⁸ “So sê my Heer, die HERE: “In die eerste maand, op die eerste van die maand, moet jy 'n jong bul sonder gebrek neem en die heiligdom reinig. ¹⁹ Die priester moet van die bloed van die •reinigingsoffer neem en dit aan die deurkosyn van die tempel smeer, aan die vier hoeke van die altaar se lys en aan die kosyn van die poort na die binneste voorhof. ²⁰ Jy moet dieselfde doen op die sewende van die maand indien iemand dalk onopsetlik of uit onkunde gesondig het; so moet julle vir die tempel versoening doen.

²¹ “ ‘ “In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, moet dit vir julle die Pasga wees — die fees van sewe dae waarop ongesuurde brood geëet moet word. ²² Die hoofman moet op daardie dag vir homself en vir die hele volk van die land 'n bul voorsien as •reinigingsoffer; ²³ en die sewe dae van die fees moet hy vir die HERE 'n brandoffer voorsien — sewe bulle en sewe skaapramme sonder gebrek op elk van die sewe dae, en as •reinigingsoffer 'n bokram elke dag. ²⁴ * As graanoffer moet hy 'n efa vir 'n bul en 'n efa^t vir 'n skaapram voorsien, en 'n hin^u olyfolie vir elke efa. ²⁵ In die sewende maand, op die vyftiende dag van die maand, op die fees, moet hy dieselfde voorsien vir die sewe dae — dieselfde reinigingsoffers, brandoffers, graanoffers en olyfolie.” ’ ’

46

¹ “So sê my Heer, die HERE: “Die poort na die binnehof wat oos front, moet toe bly vir die ses werksdae;* maar op die Sabbatdag moet dit

* 45:21 Eks 12:1,15,18; Lev 23:5-6; Num 28:16-17

* 45:24 Num 28:20-21

^t45:24 efa: Vgl voetnoot in Eseg 45:10.

^u45:24 hin: Ongeveer 3,8 ℓ.

* 46:1 Die ... werksdae: Eseg 44:1-2

oopgemaak word, en op die dag van die nuwemaan* moet dit oopgemaak word. ²*Die hoofman moet dan van buite deur die portaal in die poort ingaan en by die deurkosyn van die poort gaan staan. Die priesters moet sy brandoffer en maaltydoffer namens hom bring, en dan moet hy by die drumpel van die poort in aanbidding buig en uitgaan. Die poort moet tot die aand nie gesluit word nie. ³ Die volk van die land moet op die Sabbatte en op die nuwemane by die ingang na daardie poort voor die HERE in aanbidding buig. ⁴*Die brandoffer wat die hoofman vir die HERE op die Sabbatdag moet aanbied, is ses ramlammers sonder gebrek en een skaapram sonder gebrek, ⁵ en as graanoffer 'n efa^v by die skaapram, en by die ramlammers soveel as wat hy kan gee as graanoffer, met 'n hin^w olyfolie vir elke efa. ⁶ Op die dag van die nuwemaan is dit 'n jong bul sonder gebrek, ses ramlammers en 'n skaapram. Hulle moet sonder gebrek wees. ⁷ As graanoffer moet hy 'n efa vir die bul en 'n efa vir die skaapram voorsien, en vir die ramlammers soveel as wat hy kan bekostig, met 'n hin olyfolie vir elke efa.

⁸ “ “Wanneer die hoofman ingaan, moet hy deur die portaal van die poort gaan en weer daarlangs uitgaan. ⁹ Maar wanneer die volk van die land gedurende die feestye* ingaan na die HERE se teenwoordigheid, moet die een wat deur die noordpoort ingaan om in aanbidding te buig, by die suidpoort uitgaan; en die een wat deur die suidpoort ingaan, moet by die noordpoort uitgaan. Niemand mag terugkeer na die poort waardeur hy ingekom het nie, maar moet by die teenoorgestelde kant

* 46:1 dag ... nuwemaan: Num 28:11-14

* 46:2 Num 28:9-14; Eseg 45:17

* 46:4 Num 28:9-10

^v46:5 efa: Ongeveer 22 ℓ; •Inhoudsmate.

^w46:5 hin: Ongeveer 3,8 ℓ.

* 46:9 feestye: Vgl Eks 23:14-17; Deut 16:16

uitgaan.¹⁰ Die hoofman moet, wanneer hulle ingaan, tussen hulle ingaan, en wanneer hulle uitgaan, moet hy^x ook uitgaan.

¹¹ “ ‘ “Tydens die feeste en feestye moet die graanoffer 'n efa by 'n bul, 'n efa by 'n ram, en soveel as wat die hoofman kan gee, by die ramlammers wees, met 'n hin olyfolie vir elke efa.¹² *Wanneer die hoofman 'n vrywillige offer bring, 'n brandoffer of maaltydoffer as vrywillige offer aan die HERE, moet iemand vir hom die poort oopmaak wat oos front; en hy moet sy •brandoffer en sy •maaltydoffers bring, soos hy dit op die Sabbatdag sou doen. Wanneer hy uitgaan, moet iemand die poort sluit nadat hy uit is.*

¹³ “ ‘ “*’n Jaaroud ramlam sonder gebrek moet jy elke dag as brandoffer vir die HERE offer; elke môre moet jy dit doen.¹⁴ 'n •Graanoffer moet jy ook elke môre daarby bring — 'n sesde van 'n efa, en 'n derde van 'n hin olyfolie om oor die gesifte meel^y te sprinkel as 'n graanoffer vir die HERE. Dit is 'n durende voorskrif wat altyd geld.¹⁵ Hulle moet die ramlam, die graanoffer en die olyfolie elke môre bring as 'n gereelde brandoffer.” ’ ’ ”

Grondbesit van die hoofman

¹⁶ “ ‘So sê my Heer, die HERE: “Wanneer die hoofman uit sy erfenis^z aan enige van sy seuns 'n geskenk gee, sal dit aan sy seuns behoort. Dit is hulle erfgrond as 'n erfenis.¹⁷ Maar wanneer hy van sy erfenis as 'n

^x46:10 hy: Talle Hebreuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “hulle”.

* 46:12 Eseg 45:17

* 46:12 Wanneer hy ... uit is: Eseg 46:2

* 46:13 Vgl Eks 29:38-39; Num 28:3-4

^y46:14 gesifte meel: Dit verwys na meel van hoë gehalte.

^z46:16 uit sy erfenis: Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “as 'n erfenis”; vgl egter Eseg 46:17 waar “uit sy erfenis” gebruik word.

geskenk aan een van sy dienaars gee, behoort dit aan hom net tot die jaar van kwytskelding.* Dan val dit terug na die hoofman: Dit is slegs sy seuns se erfenis^a — aan hulle behoort dit. ¹⁸*Die hoofman mag nie van die volk se erfdeel vat om hulle so uit hulle erfgrond te verdring nie; van sy eie erfgrond moet hy aan sy seuns nalaat, sodat my volk nie verstrooi raak, elkeen weg van sy erfgrond nie.” ’ ’ ”

Kook- en bakplekke

¹⁹*Die man neem my toe deur die ingang langs die poort na die priesters se heilige kamers wat noord front. Kyk, daar was 'n plek op die verste punt aan die westekant. ²⁰*Hy het vir my gesê: “Dit is die plek waar die priesters die •hersteloffers en die •reinigingsoffers moet gaarmaak en die graanoffers moet bak, sodat hulle dit nie uitneem na die buitenste voorhof, en die volk sodoende heilig maak nie.”

²¹Daarna neem hy my uit na die buitenste voorhof, en laat my by die vier hoeke van die voorhof verbyloop. Kyk, daar was in elke hoek van die voorhof 'n binnehof. ²²In die vier hoeke van die voorhof was vier kleiner^b binnehowe, veertig el lank en dertig el breed;^c al vier met dieselfde mate.^d ²³Daar was rye gepakte klip rondom al vier, en daar is

* **46:17 jaar van kwytskelding:** Lev 25:10

^a**46:17 sy ... erfenis:** Die Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “alleen sy erfenis, sy seuns”.

* **46:18** Eseg 45:8-9

* **46:19-20** Eseg 42:1-9,13

* **46:20** Vgl Eseg 40:39

^b**46:22 kleiner:** Die Septuagint word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die woord in die bronteks.

^c**46:22 40 ... breed:** Ongeveer 21 x 15,7 m; •Lengtemate.

^d**46:22 mate:** In die bronteks volg hierna 'n woord wat letterlik beteken ‘as hoeke laat maak’. Hierdie woord kom egter nie in die vroeë vertalings voor nie, en die •Masorete het dit gemerk as 'n woord wat uitgelaat moet word.

rondom kookplekke aangebring onderaan die rye gepakte klip. ²⁴ Hy sê toe vir my: “Dit is die plek waar hulle moet kook, waar die tempeldienaars^e die offerandes van die volk moet gaarmaak.”

47

Lewegewende water

¹ *Die man* het my teruggeneem na die ingang van die tempel. Kyk, water het onder die drumpel van die tempel uitgestroom aan die oostekant, die voorkant van die tempel was immers aan die oostekant. Die water het onder die tempel uit, aan die regterkant,^f suid van die altaar, afgevloei. ² Hy het my deur die noordelike poort uitgeneem en my buite-om laat gaan na die buitepoort wat oos front. Kyk, water het uitgeborrel aan die regterkant.

³ Toe die man in 'n oostelike rigting wegstap, was daar 'n maatlyn in sy hand. Hy het duisend el^g afgemeet en my die water laat oorsteek — water wat enkeldiep was. ⁴ Hy het nog 'n duisend afgemeet en my die water laat oorsteek — water wat kniediep was. Hy het duisend el afgemeet en my laat oorsteek — water wat heupdiep was. ⁵ Hy het nog 'n duisend afgemeet — 'n stroom wat ek nie kon oorsteek nie. Ja, die water het gestyg — water waarin 'n mens kon swem, 'n stroom wat nie oorgesteek kon word nie. ⁶ Hy het vir my gevra: “Sien jy dit, mensekind?”

^e46:24 tempeldienaars: Dit verwys na die Leviete; vgl 45:5.

*47:1 Ps 46:5; Joël 3:18; Sag 14:8; Op 22:1

*47:1 Die man: Eseg 40:3

^f47:1 regterkant: Dit beteken ‘suid’, omdat die skrywer hom na die ooste oriënteer.

^g47:3 1 000 el: Ongeveer 524 m.

Hy het my weer na die stroom se wal laat terugkeer. ⁷ *Toe ek weer terug is daar, kyk, toe is daar op die stroom se walle 'n groot aantal bome, aan albei kante. ⁸ Die man sê toe vir my: “Hierdie water vloei weg na die oostelike streek, en loop dan af na die Jordaanvallei en kom by die see^h uit. In die see waar dit uitvloei, word die water vars. ⁹ Daar sal allerhande lewende wesens wees wat krioel — oral waar die stroomⁱ kom, sal hulle leef; en daar sal groot hoeveelhede vis wees. Want waar hierdie water kom, sal die soutwater^j vars word. Alles sal leef waar die stroom kom. ¹⁰ Daar sal vissers langs die see^k staan, van En-Gedi^l af tot by En-Eglajim. Daar sal droogmaakplekke vir sleepnette wees. Daar sal geweldig baie soorte vis wees, net soos die vis in die Groot See.^m

¹¹ “Sy moerasse en kuile sal egter nie vars word nie; vir soutontginning is dit bestem. ¹² *Aan weerskante van die stroom, op sy walle, sal allerhande vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verwelk nie, en hulle vrugte sal nie opraak nie. Elke maand sal hulle nuwe vrugte dra, want dit is uit die heiligdom wat hulle water vloei. Hulle vrugte sal as voedsel dien en hulle blare tot genesing.”

*47:7 Op 22:2

^h47:8 die see: Dit verwys na die •Dooie See.

ⁱ47:9 die stroom: Die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “die dubbelstroom”.

^j47:9 die soutwater: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^k47:10 die see: Die bronteks lui “langs hom”. Dit verwys na die see.

^l47:10 En-Gedi: 'n Oase in die woestyn op die suidwestelike oewer van die Dooie See, 45 km suid van Jerigo. Die naam beteken ‘bokfontein’.

^m47:10 Groot See: Die Middellandse See.

*47:12 Ps 1:3; Jer 17:8; Op 22:2,14,19

Grense van die land

¹³* So sê my Heer, die HERE: “Dit is die grense waarbinne julle die land moet vererf aan die twaalf stamme van Israel. Josef kry twee afgemete dele.^{n*} ¹⁴ Julle moet dit as erfdeel neem, elkeen met dieselfde grootte^o uit die land waaroor Ek my hand opgehef het^p om dit aan julle voorvaders te gee. Hierdie land word aan julle toegewys as erfdeel.

¹⁵ “Dit is dan die grense van die land:

Aan die noordekant is dit vanaf die Groot See^q met die pad na Getlon, Lebo-Hamat,^r Sedad, ¹⁶ Berota,^s Sibrajim, wat tussen die gebiede van Damaskus^{*} en Hamat lê, en Gaser-Enon^t wat op die grens van Gauran lê. ¹⁷ Die grens is vanaf die see tot by Gaser-Enon, aan die grens van Damaskus. Die noordelikste punt is die grens by Hamat. Dit is die noordekant.

¹⁸ Aan die oostekant is dit vanaf 'n punt tussen Gauran en Damaskus;

* **47:13-20** Num 34:1-12; Jos 1:4; 13:1-6

ⁿ**47:13 twee ... dele:** Die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die •Masoretiese leestradisie lui “afgemete dele”.

* **47:13 Josef ... dele:** Gen 48:5; Jos 17:14,17

^o**47:14 elkeen ... grootte:** Letterlik “'n man soos sy broer”.

^p**47:14 hand ... het:** 'n Simboliese handeling by die aflê van 'n eed; vgl Deut 32:40.

^q**47:15 Groot See:** Vgl voetnoot in Eseg 47:10

^r**47:15 Lebo-Hamat:** Die noordelike grensdorp van die koninkryk van Israel.

^s**47:15-16 Getlon ... Berota:** Die bronteks lui “Getlon, Lebo, Sedad, Hamat, Berota”. Uit Num 34:8 is dit duidelik dat Hamat verskuif het in die teks; vgl ook Eseg 48:1.

* **47:16 Damaskus:** 2 Sam 8:5-6; 1 Kon 11:23-25; 2 Kon 8:7

^t**47:16 Gaser-Enon:** Die bronteks lui “Gaser-Hattikon” wat vertaal kan word “Gaser die middelste”. Die naam is in die •Septuagint egter dieselfde as dié in Eseg 47:17; 48:1.

en tussen Gilead en die land Israel vorm die Jordaan die grens^u na die Oostelike See^v tot by Tamar.^w Dit is die oosgrens.

¹⁹ Aan die suidekant is dit suidwaarts vanaf Tamar tot by die waters van Meriba-Kades^{x*} en met die Spruit^y na die Groot See. Dit is die suidgrens aan die suidekant.

²⁰ Aan die westekant vorm die Groot See die grens tot by 'n punt regoor Lebo-Hamat. Dit is die wesgrens.”

Verdeling van die land

²¹ *²¹ “Julle moet hierdie land onder julle verdeel, onder die stamme van Israel. ²² Dit moet so gebeur: Julle moet dit as erfdeel aan julleself toewys en aan die vreemdelinge^z wat tydelike verblyf tussen julle het en kinders verwek het by julle. Hulle geld vir julle as gebore Israëliete, as deel van die Israëliete. Saam met julle moet 'n erfdeel aan hulle toegewys word tussen die stamme van Israel. ²³ By die stam waar die vreemdeling tydelike verblyf het, daar moet julle hom sy erfdeel gee.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.

^u**47:18 vorm ... grens:** Van die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “die Jordaan vanaf 'n grens”.

^v**47:18 Oostelike See:** Dit verwys na die Dooie See.

^w**47:18 tot by Tamar:** Die Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “Julle moet meet.”

^x**47:19 Meriba-Kades:** Verskeie Hebreeuse mss en van die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui Meribot-Kades; vgl egter Eseg 48:28.

^{*}**47:19 Meriba-Kades:** Num 20:13

^y**47:19 die Spruit:** Waarskynlik die Spruit van Egipte, 'n diep seisoenale spruit wat 'n natuurlike grens vorm tussen die •Negev en die Sinai-skiereiland.

^{*}**47:21-23** Eks 12:48-49; Lev 19:34

^z**47:22 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

48

¹ “Dit is die name van die stamme:

In die verre noorde, al langs die pad na Getlon, Lebo-Hamat^a en Gaser-Enan, met die gebied van Damaskus aan die noordekant langs Hamat, van die ooste tot in die weste, kom Dan toe — Dan, een deel.

² Langs die gebied van Dan, van die ooste tot in die weste — Aser, een deel.

³ Langs die gebied van Aser, van die ooste tot in die weste — Naftali, een deel.

⁴ Langs die gebied van Naftali, van die ooste tot in die weste — Manasse, een deel.

⁵ Langs die gebied van Manasse, van die ooste tot in die weste — Efraim, een deel.

⁶ Langs die gebied van Efraim, van die ooste tot in die weste — Ruben, een deel.

⁷ Langs die gebied van Ruben, van die ooste tot in die weste — Juda, een deel.

⁸ Langs die gebied van Juda, van die ooste tot in die weste, moet die wydingsgeskenk^b wat julle afstaan,^{*} vyf-en-twintigduisend el^c breed, en van die ooste tot in die weste so lank soos een van die ander dele wees. Die heiligdom moet daarbinne wees. ⁹ Die

^{*} **48:1-8** Gen 35:23-26; 41:51-52; Eseg 47:13

^a **48:1 Lebo-Hamat:** Die noordelike grensdorp van die koninkryk van Israel.

^b **48:8 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die diens van die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte, voedsel of grond. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

^{*} **48:8 die wydingsgeskenk ... afstaan:** Eseg 45:1-6

^c **48:8 25 000 el:** Ongeveer 11,25 km; •Lengtemate.

wydingsgeskenk wat julle aan die HERE self afstaan, moet vyf-en-twintigduisend el lank en twintigduisend^d el breed^e wees. ¹⁰ Vir die volgende groepe is die heilige wydingsgeskenk bestem:

*Vir die priesters, aan die noordekant vyf-en-twintigduisend el, aan die westekant tienduisend el^f breed, aan die oostekant tienduisend el breed, en aan die suidekant vyf-en-twintigduisend el. Die heiligdom van die HERE moet daarbinne wees. ¹¹ *Vir die gewyde priesters uit die nageslag van Sadok wat die verpligtinge teenoor My nagekom het, is dit bestem, vir hulle wat nie afgedwaal het toe die Israeliete afgedwaal het soos die Leviete afgedwaal het* nie. ¹² Dit is vir hulle 'n besondere wydingsgeskenk uit die wydingsgeskenk van die land, 'n besonder heilige gawe langs die gebied van die Leviete.

¹³ *Die Leviete se gebied is direk langs dié van die priesters, vyf-en-twintigduisend el lank en tienduisend el breed.

Die volle lengte van die wydingsgeskenk^g is vyf-en-twintigduisend en die breedte twintigduisend. ¹⁴ *Hulle mag niks daarvan verkoop nie, en niemand mag dit verruil nie. Die beste deel van die land

^d48:9 20 000: 'n Ms van die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “tienduisend”; vgl egter 45:1.

^e48:9 25 000 ... breed: Ongeveer 11,25 x 9 km.

*48:10 Vgl Eseg 45:1-6

^f48:10 10 000 el: Ongeveer 4,5 km.

*48:11 2 Sam 15:24; 20:25; 1 Kron 24:3; Eseg 43:19; 44:15-16

*48:11 toe die ... afgedwaal het: Num 18:23; 2 Kon 23:8-9; 1 Kron 23:2-5,28-32; Eseg 44:10-12

*48:13 Eseg 45:5

^g48:13 van die wydingsgeskenk: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Eseg 48:9.

*48:14 Lev 25:34

mag nie in ander hande oorgaan nie, want dit is aan die HERE gewy.

¹⁵ “*Die vyfduisend el^h wat in die breedte oorbly langs die vyf-en-twintigduisend el, is nie gewy nie; dit is vir die stad as woongebied en meentgrond bedoel. Die stad moet daarin wees, ¹⁶ * en dit is die afmetings daarvan:

aan die noordekant vierduisend vyfhonderd el,ⁱ

aan die suidekant vierduisend
vyfhonderd el,

aan die oostekant vierduisend
vyfhonderd el,

aan die westekant vierduisend
vyfhonderd el.

¹⁷ Die meentgrond van die stad moet

aan die noordekant tweehonderd-en-vyftig el,^j

aan die suidekant tweehonderd-en-vyftig el,

aan die oostekant tweehonderd-en-vyftig el,

en aan die westekant tweehonderd-en-vyftig el wees.

¹⁸ “Dit wat in die lengte oorbly direk langs die heilige wydingsgeskenk, is tienduisend el na die oostekant en tienduisend el na die westekant.

Dit lê ewewydig met die heilige wydingsgeskenk, en die opbrengs daarvan sal as voedsel vir die stad se werkers dien. ¹⁹ Wat die werkers van die stad betref — mense uit al die stamme van Israel moet dit bewerk. ²⁰ Die hele wydingsgeskenk is vyf-en-twintigduisend by vyf-en-

* 48:15 Eseg 42:20; 45:2

^h48:15 5 000 el: Ongeveer 2,6 km.

* 48:16-17 Eseg 45:6; 48:30,32-35; Op 21:15-17

ⁱ48:16 4 500 el: Ongeveer 2,36 km.

^j48:17 250 el: Ongeveer 131,2 m.

twintigduisend el. As 'n vierkant moet julle die heilige wydingsgeskenk afstaan, saam met die grondgebied van die stad.

²¹ “*Die oorblywende deel is vir die hoofman: Die gebied aan beide kante van die heilige wydingsgeskenk en die grondgebied van die stad, langs die vyf-en-twintigduisend el van die wydingsgeskenk tot by die oosgrens, en weswaarts langs die vyf-en-twintigduisend el tot by die wesgrens, ewewydig met die ander dele, behoort aan die hoofman. Die heilige wydingsgeskenk en die heiligdom van die tempel is in die middel daarvan, ²² en die grondgebied van die Leviëte aan die een kant en die grondgebied van die stad aan die ander kant, lê binne die deel wat aan die hoofman behoort. Tussen die gebied van Juda en die gebied van Benjamin — aan die hoofman behoort dit.

²³ “Wat die ander stamme betref:

Van die ooste tot in die weste — Benjamin, een deel.

²⁴ Langs die gebied van Benjamin, van die ooste tot in die weste —
Simeon,
een deel.

²⁵ Langs die gebied van Simeon, van die ooste tot in die weste —
Issaskar,
een deel.

²⁶ Langs die gebied van Issaskar — Sebulon, een deel.

²⁷ Langs die gebied van Sebulon, van die ooste tot in die weste — Gad,
een deel.

²⁸ Langs die gebied van Gad in die suide, strek die grens aan die suidekant van Tamar af oor Meriba-Kades met die Spruit langs tot by die Groot See.

²⁹ “Dit is die land wat julle as erfdeel aan die stamme van Israel moet

* 48:21 Eseg 45:7

toewys, en dit is hulle dele.” Dit is die uitspraak van my Heer, die HERE.

Jerusalem

³⁰ “Dit is die uitgange van die stad. Aan die noordekant is die afstand vierduisend vyfhonderd el. ³¹ *Die poorte van die stad dra die name van die stamme van Israel. Daar is drie poorte na die noorde:

een poort van Ruben;

een poort van Juda;

een poort van Levi.

³² “Die oostekant is vierduisend vyfhonderd el, met drie poorte:

een poort van Josef;

een poort van Benjamin;

een poort van Dan.

³³ “Aan die suidekant is die afstand vierduisend vyfhonderd el, met drie poorte:

een poort van Simeon;

een poort van Issaskar;

een poort van Sebulon.

³⁴ “Die westekant is vierduisend vyfhonderd el, met drie poorte:^k

een poort van Gad;

een poort van Aser;

een poort van Naftali.

³⁵ * “Rondom is dit agtienduisend el,^l en die naam van die stad is van nou af: Die-HERE-is-daar. ”

* **48:31** Op 21:12-13

^k**48:34 drie poorte:** Die Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle poorte is drie”.

* **48:35** Eseg 35:10; 37:26-28; Op 3:12; 21:3

^l**48:35 18 000 el:** Ongeveer 9,45 km.